

# Die Status van selfdegeslagverhoudings

in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie

## Inhoudsopgawe

<b>1</b>	<b>Die opdrag van 2013 oor selfdegeslagverhoudings</b>	<b>2</b>
1.1	Sinopsis van hierdie bydrae	2
<b>2</b>	<b>Hoekom is dit so moeilik vir die kerk om oor selfdegeslagverhoudings te praat?</b>	<b>4</b>
2.1	Gelowiges wil nie veroordeel nie	4
2.2	Gelowiges wil nie liefdeloos wees nie	5
2.3	Gelowiges wil nie ander uitsluit nie	6
2.4	Gelowiges verskil oor die regte uitleg van die Bybel	7
<b>3</b>	<b>Algemene opmerkings oor selfdegeslagverhoudings</b>	<b>8</b>
3.1	Selfdegeslagverhoudings is van vroeg af in die geskiedenis bekend	9
3.2	Selfdegeslagverhoudings word deur die drie Monoteïstiese godsdienste afgewys	11
3.3	Selfdegeslag seksualiteit is 'n komplekse interaksie van genetiese en omgewingsfaktore	13
3.4	Die Bybel se selfdegeslag beskouing hou geen interne kritiek in soos met ander sake nie	16
<b>4</b>	<b>Wat sê die Bybel oor selfdegeslagverhoudings?</b>	<b>17</b>
4.1	Die Bybel kies vir 'n heteroseksuele antropologie	18
4.2	Die Bybel kies vir heteroseksuele huwelike	20
4.3	Die Bybel kies vir heteroseksuele ouerskap	22
4.4	Die Bybel skets selfdegeslag seksuele gedrag konsekwent negatief	22
<b>5</b>	<b>Uitleg en interpretasie van die Bybeltekste oor selfdegeslag seksuele gedrag</b>	<b>23</b>
5.1	Genesis 19 – Losbandige en gewelddadige ongasvryheid	23
5.2	Rigters 19 – Losbandige en gewelddadige verkragting	24
5.3	Levitikus 18:22 en 20:13 – Ongeoorloofde selfdegeslag seksuele gedrag	24
5.4	Deuteronomium 23:17-18 – Kultiese- en sekulêre prostitusie	30
5.5	Markus 10:1-12; Matteus 19:1-9 – Lojale dissipels is lojale lewensmaats	31
5.6	Romeine 1:18-32 – Oorgegee aan onreinheid, skandelige drifte, en onbetaamlikheid	33
5.7	1 Korintiërs 6:9-11 - So was sommige van julle ook, maar julle is gewas en geheilig	41
5.8	1 Timoteus 1:3-11 – Geloofslewe moet pas by Geloofsleer	43
<b>6</b>	<b>Op pad na my eie standpunt</b>	<b>46</b>
6.1	Die Skrif is genoegsaam om ons geloof te rig	47
6.2	Die Bybel is negatief oor selfdegeslag seksuele gedrag	48
6.3	Daar is baie gay gelowiges wat die Here ernstig en opreg dien	49
6.4	Het die Bybel ander perspektiewe wat ons kan help uit die dilemma?	50
6.5	Watter rol gaan die Skrif speel in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings?	54
<b>7</b>	<b>Oor die taakspan se voorlegging</b>	<b>55</b>
<b>8</b>	<b>Besluite en opdrag van die Algemene Sinode</b>	<b>57</b>
<b>9</b>	<b>Verwysings</b>	<b>57</b>

## 1 Die opdrag van 2013 oor selfdegeslagverhoudings

Die Algemene Sinode het in 2013 opdrag gegee aan die ASM: “om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.”

**Hier is my denke oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie. Ek roem nie op volledigheid of afgerondheid nie, maar bied dit, met vrees en bewing, aan ter wille van korreksie – ek het nie alle wysheid in pag nie – en gesprek, sodat ons saam die pad met die Here kan stap. *A Fellowship of Differents* – soos Scot McNight dit stel.**

Ek het probeer om:

1. **reg laat geskied aan die Bybelse gegewens** en
2. **'n weg vorentoe aan te** dui om moontlik selfdegeslagverhoudings in te sluit in ons etiek.

Ek het egter nie tans duidelikheid of dit enigsins moontlik is nie, omdat dié twee "*pogings*" van my eintlik wesenlik in stryd is met mekaar. Kyk veral na wat ek oor Selofgad se dogters, die leviraatshuwelik en ons standpunt oor aborsie kwytraak aan die einde. En oorweeg veral die verskillende opsies wat Scot McKnight en William Loader voorstel vir die kerk. Hulle denke hieroor is baie meer afgerond as my eie.

In wese dink ek ons moet as kerk eers nog 'n rondte hieroor praat, so wyd as moontlik, sodat ons 'n al hoe meer eendragtige standpunt uit ons gesamentlike onderskeiding kan vorm.

### 1.1 Sinopsis van hierdie bydrae

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2013 opdrag gegee dat daar ondersoek ingestel moet word na die “Status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie.” Ek het navorsing daarvoor gedoen en bied hiermee my bydrae aan vir gesprek en geloofsonderskeiding. Dit is in vyf dele:

#### **1. Ek beantwoord in die eerste plek die vraag hoekom dit so moeilik is vir die kerk om oor**

**selfdegeslagverhoudings te praat?** Ek dink dit is weens vier redes: die behoefte van gelowiges om nie te veroordeel nie, die behoefte om nie liefdeloos te wees nie, die behoefte om nie ander uit te sluit nie, maar veral omdat gelowiges so skerp verskil oor die regte uitleg van die Bybel. Ons is immers ’n kerk van die Woord en enige standpunt wat ons neem, sal deeglik Bybels begrond moet wees.

**2. In die tweede plek maak ek ’n paar algemene opmerkings oor selfdegeslagverhoudings.** Teenoor die algemene opvatting is selfdegeslagverhoudings van vroeg af in die geskiedenis bekend, nie net in die Grieks-Romeinse wêreld nie, maar ook regoor die wêreld. Dit is egter ook algemene kennis dat selfdegeslagverhoudings deur al drie die Monoteïstiese godsdienste afgewys word – Jode, Christene en Moslems.

Dié eendragtige standpunt word toenemend bevraagteken namate dit ook al hoe duideliker word dat selfdegeslag seksualiteit ’n komplekse interaksie van genetiese en omgewingsfaktore is. Na ’n beskrywing daarvan, onder andere aan die hand van ASSAf se nuutste verslag, vra ek die vraag wat ’n mens met dié gegewens maak. Sommige volg die roete om op grond van die groterwordende aanvaarding van selfdegeslag seksualiteit die Bybel in ’n ander lig te lees, soos die geval was met slawerny, die bevryding van vroue en selfs apartheid. Die probleem met dié standpunt is egter dat daar in teenstelling met die Bybelse

gegewens oor slawe en vroue, geen interne kritiek oor selfdegeslagverhoudings in die Bybel is nie. Die Bybel is kanonies konsekwent negatief oor selfdegeslagverhoudings.

**3. In die derde plek maak ek 'n paar opmerkings oor die keuses wat die Bybel maak vir 'n heteroseksuele antropologie of mensbeskouing.** Dit sien ons in die omvattende Bybelse beskrywing van heteroseksuele huwelike sowel as heteroseksuele ouerskap en families. Daarteenoor beskryf die Bybel selfdegeslag seksuele gedrag konsekwent negatief.

**4. In die vierde plek gee ek dan 'n uitleg en interpretasie van die Bybeltekste oor selfdegeslag seksuele gedrag.** Dit sluit die volgende tekste in:

- **Genesis 19** – *Losbandige en gewelddadige ongasvryheid* – dit is 'n teks wat nie regtig pas by die gesprek nie, behalwe in 'n algemene sin soos deur die kerkvaders in 'n negatiewe sin op die onderwerp van toepassing gemaak is.
- **Rigters 19** – *Losbandige en gewelddadige verkragting* – dit is soortgelyk 'n teks wat nie regtig 'n bydrae maak tot die gesprek nie.
- **Levitikus 18:22 en 20:13** – *Ongeoorloofde selfdegeslag seksuele gedrag* – dit is 'n sentrale teks in die OT beskouing van selfdegeslagverhoudings. Levitikus wys selfdegeslagverhoudings af beide in kultiese as nie-kultiese sekulêre familie kontekste en vorm die agtergrond vir Paulus se beskouing oor *arsenokoitai* in sy briewe aan Korintiërs en Timoteus.
- **Deuteronomium 23:17-18** – *Kultiese- en sekulêre prostitusie* – dit is 'n teks wat nie regtig 'n bydrae maak tot die gesprek nie.
- **Markus 10:1-12; Matteus 19:1-9** – *Lojale dissipels is lojale lewensmaats* – dit is 'n teks wat Jesus se heteroseksuele beskouing oor die huwelik weergee, sonder dat hy enige uitspraak maak oor selfdegeslagverhoudings, maar wel plek vir selibaat inruim.
- **Romeine 1:18-32** – *Oorgegee aan onreinheid, skandelige drifte, en onbetaamlikheid* – dit is die hoofteks oor die saak volgens die meeste kommentators en kry daarom ook die meeste aandag. Ek gee 'n paar algemene opmerkings: oor die Romeins-Griekse konteks wat positief oor selfdegeslagverhoudings was, en die Joodse konteks wat kontra-kultureel negatief oor selfdegeslagverhoudings was; wys uit dat 'n mens Rom. 1 in die lig van die hele brief moet lees; dat Rom. 1 Paulus se eie woorde is, nie 'n "interpolasie" soos sommige voorstel nie; dat hy die algemene woorde vir mans en vrouens gebruik, nie dié vir getroudes nie; dat "teen-natuurlik" semanties as skeppingsmatig beskou moet word; en dat dit hier om 'n geestelike en morele beoordeling van die mensdom gaan, nie net 'n kulturele of etniese beoordeling nie. Dit is die vertrekpunte waarmee ek dan die eksegeese van Romeine 1 op die tafel sit vir beoordeling en veral die volle gewig van die "oorgee"-aksie van God erken in die beskrywing van onder andere heteroseksuele onreinheid, skandelige selfdegeslag drifte en onbetaamlike gedrag wat deel is van die afvallige goddelose en ongeregte mensdom, waarvan alle mense deel is.
- **1 Korintiërs 6:9-11** – *So was sommige van julle ook, maar julle is gewas en geheilig* – waar Paulus die kontra-kulturele moraal van die Christelike gemeenskap teken as radikaal anders as die onsedelike een waaruit hulle verlos is, onder andere deur na *malakoi* en *arsenokoitai* te verwys.
- **1 Timoteus 1:3-11** – *Geloofslewe moet pas by Geloofsleer* – waar Paulus die regte gebruik van die wet en evangelie uitspel om onsedelikheid te vermy, onder andere deur na *arsenokoitai* te verwys.

**5. In die vyfde plek probeer ek uit bogenoemde gegewens die pad na my eie standpunt beskryf in die hoop dat dit 'n bydrae tot gesprek en geloofsonderskeiding kan vorm.** Ek is van oortuiging dat die Skrif genoegsaam is om ons geloof te rig met verwysing na die NGB 5 en 7. Dit is aan die een kant duidelik dat die

Bybel negatief is oor selfdegeslag seksuele gedrag, maar aan die ander kant ook só dat daar baie gay gelowiges is wat die Here ernstig en opreg dien. Ek vra daarom die vraag of die Bybel nie ander perspektiewe het wat ons kan help uit die dilemma nie en gee aandag aan die voorbeeld van *Selofgad se dogters* wat tot gevolg gehad het dat die wet verander is (Num. 27; 36), sowel as aan die *leviraatshuwelik*, wat in sommige gevalle die “ontoelaatbare” verhoudings van Levitikus 18 en 20 gelegitimeer het, waarvan die verhaal van Rut ‘n goeie voorbeeld is.

Ek vra ook of die huidige etiese standpunt van die kerk oor *aborsie* nie vir ons gronde gee vir ‘n ander beoordeling van gay huwelike nie: Slegs in: “*hoogs uitsonderlike gevalle*”, “*met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes.*” ‘n **Sleutelvraag** gaan egter bly: *Watter rol gaan die Skrif speel in die beoordeling van selfdegeslagverhouding?*

**Ek sluit af met die voorstel dat ons eers nog ‘n rondte hieroor gaan dink.** Die besluite van 2007 gee geweldige vryheid op kerkraads- en gemeentevlak en kan vir die interim ons steeds met oorleg dien.

## 2 Hoekom is dit so moeilik vir die kerk om oor selfdegeslagverhoudings te praat?

Ons seksualiteit is seker een van die belangrikste uitdrukkings van ons menswees in verhouding met ander. Dit omsluit ons houdings, gedagtes en verbeelding sowel as ons liggaam, behoeftes en begeertes. Seksualiteit omvat ons hele menswees, ons binnekant en ons buitekant. Dit raak op die mees intiemste wyse ons verhoudings met mekaar, beide persoonlik as in gesins- en familieverband. Dit raak op die mees beslissende manier die wyse waarop ons in die gemeenskap met mekaar in verhouding tree. Dit sluit die gemeenskap van die gelowiges in.

Tóg is dit vir ons baie moeilik om oor ons seksualiteit te praat, al speel dit só ‘n groot rol in ons menswees. Te meer omdat ons op soveel wyses daarvoor verskil. Die onderwerp van selfdegeslagverhoudings is daarby seker een van die taaiste toffies in dié verband waarmee ons te kampe het. Dit kan selfs wees dat dit dié saak op die Christelike agenda wêreldwyd is.

Daarby soek ons antwoorde op ons vrae oor seksualiteit in ‘n teks wat ver verwyderd is van ons eie tyd en leefwêreld. **Dit noodsaak ons om met *respek* daarmee om te gaan, nie net aan die een kant deur baie nougeset daarna te luister binne die konteks van die OT en NT wêreld nie, maar aan die ander kant om nie ons eie behoeftes aan wat die teks moet sê daarin *in te lees* nie.**

William Loader wys daarop dat hierdie tipe inlees baie maklik gebeur: “Particularly in dealing with matters of sexuality it is not uncommon for people to become deeply involved emotionally in wanting, indeed, needing texts to say certain things which would reinforce or confirm their own beliefs and attitudes.” (*Sexuality in the New Testament*).

Ek wil daarom eers begin deur te verwys na ten minste vier hoofredes waarom dit vir ons so moeilik is om oor selfdegeslagverhoudings te praat, in die hoop dat dit ons sensitief sal maak vir ons verskille en vir die gevaar dat ons ons eie sieninge sal inlees in die teks. Dit sou immers nie reg aan die teks van die Bybel laat geskied nie. Dit sou ook nie reg aan ons eie standpunt laat geskied nie.

### 2.1 Gelowiges wil nie veroordeel nie

Ek dink in die eerste plek maak die wettiging van selfdegeslag huwelike en verbintenisse in die Weste en ook in Suid-Afrika dit al hoe moeiliker vir gelowiges om ‘n standpunt te handhaaf wat hulle dink – of wat mense aanvoer – in stryd is met die burgerlike wet.

Daar is immers al hoe meer gevalle in die wêreld waar mense van *haatspraak* (vgl. die Switserse Rooms-Katolieke biskop Vitus Huonder wat aangekla word omdat hy uit Levitikus 18 in die publiek aangehaal het) of *diskriminasie* (vgl. die geval van Aaron en Melissa Klein in Oregon wat nie vir 'n kliënt 'n huweliksboek wou bak omdat dit 'n selfdegeslag huwelik sou wees) aangekla word omdat hulle 'n standpunt teen selfdegeslagverhoudings handhaaf.

Dit lyk asof die Westerse regstelsels al hoe meer kies om homoseksueles se regte te promoveer ten koste van dié wat weier om daarmee te assosieer in terme van bv. dienslewering. Dit sien ons in Amerika, Kanada, en Europa – anders as in Afrika en Asië.

Waar homoseksuele huwelike gewettig word, lyk dit vir my ook, kan die situasie ontstaan dat jy as huweliksbevestigter nie kan weier om hulle te trou nie, ook in Suid-Afrika. Dit kan moontlik die pad baie moeilik maak vir ons in ons eie land in terme van ons betrokkenheid by die bevestiging van huwelike.

Om die waarheid te sê, die argument word tans in die komplekse saak tussen eerw. Ecclesia de Lange en haar kerk, die Metodiste Kerk SA, gevoer dat dit haar grondwetlike reg is om in 'n burgerlike verbintenis te wees. Die kerk mag daarom nie onbillik teenoor haar optree nie.

Hoewel ook erken word dat die kerk die reg het tot billike diskriminasie binne die perke van die vryheid van geloof, moet die kerk terselfdertyd haar grondwetlike reg erken om in 'n burgerlike verbintenis te wees. Die botsing van belange in dié argument is duidelik. Vergelyk die berig van Claudi Mallovich in *Die Burger*, 29 Augustus 2015, "Kerk kan skeur, maan regsman." Lees meer oor die regs- en morele dilemma hiervan in die artikel van Helena Van Coller: "*Homoseksuele predikante: 'n Regs- en morele dilemma.*"

Ons leef uiteraard in 'n tyd van menseregte. Ons leef eintlik nog meer spesifiek in die die triomf van die enkeling se reg om sy eie greep op die waarheid uit te leef. Daarom gril postmoderne mense vir 'n soort meester-narratief wat normatief op alle mense van toepassing gemaak word. En plaas dit 'n inherente spanning tussen die reg van die individu en die reg van bv. 'n geloofsgemeenskap om sy eie reëls en ordes te maak.

Ons sal nog baie meer en helder hieroor moet dink en nie oorhaastig gevolgtrekkings en besluite moet maak nie.

## 2.2 Gelowiges wil nie liefdeloos wees nie

Ek dink mense is ook bang dat 'n ander standpunt oor selfdegeslagverhoudings te eensydig kan voorkom. Hoekom selfdegeslag verhoudings as verkeerd uitsonder, as dinge soos egskeiding en buite-egtelike verhoudings nie op dieselfde wyse aangespreek word nie? Daar is immers soveel ander goed wat verkeerd is. Só, hoekom dan op hierdie een saak fokus, argumenteer baie? Veral as selfs die Bybel nie te veel daarvan maak nie? Ons moet immers konsekwent wees ...

Mense hoor die liefdesgebod en dink tereg dat dit die kern van die evangelie is. Só het Jesus gepraat, bv. Matteus 22. Só het Paulus gepraat, bv. Romeine 13. Daarom wil mense nie liefdeloos wees nie, en eerder insluit as uitsluit.

Die feit dat daar iets soos die liefdesgebod is, beteken egter nie dat elkeen van ons ons eie interpretasie kan gee van wat die korrekte manier tot die uitlewe van daardie liefde is nie. Die Skrif se liefdesgebod het ook 'n normatiewe kant wat bo en buite onself iets vir ons sê en selfs kan beoordeel of ons manier van die liefde uitleef, in die kol is, of dit in lyn is met wat die Here bedoel het met die liefdesgebod. Ons inkonsekwente beoefening daarvan kan ook nie gebruik word om 'n standpunt van "anything goes" te promoveer nie.

Die Here Jesus het immers nie net iets te sê oor die *feit* van die liefde nie, maar ook oor die *gestalte* van die liefde. Daarom praat Paulus oor 24 ander dinge in Rom. 1 wat nie die korrekte gestalte van die liefde is nie: “onreg, boosheid, hebsug, kwaad; vol afguns, moorddadigheid, twisgierigheid, geslepenheid, kwaadwilligheid; skindertonge, kwaadstokers, haters van God, brutaal, hooghartig en grootdoenerig, vindingryk om slegte dinge te bedink, ongehoorsaam aan hulle ouers; onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, sonder medelye” (Bybel Direkte Vertaling – BDV). Dit is benewens die seksuele sondes wat hy daarmee saam uitwys.

Daar is dus duidelik dinge wat nie beantwoord aan die gestalte van die liefde nie, al probeer ons dit op watter kreatiewe maniere ook al regverdig. Dieselfde geld seksualiteit.

**Paulus wys alle seksuele losbandigheid af, dit is seks met iemand anders as met jou huweliksmaat** (1 Kor. 6:13-20). Paulus wys ook die geval af van ‘n man wat met sy stiefma as man en vrou saamleef presies in lyn met die verbod op bloedskandelike verhoudings in Levitikus 18 en 20 (1 Kor. 5:1-8). “En dan verbeel julle julle nog julle is beter as ander,” voeg hy sarkasties by. Die gemeente word dus opgeroep om die saak te hanteer, en nie maar net weens die gewaande liefdesgebod die verbintenis goed te praat nie.

Hy voeg ook by, vir in geval mense nou sou dink dat jy dan alle mense in sulke tipe verbintenisse moet vermy. Moenie my woorde misverstaan nie, sê Paulus. Ek bedoel glad nie dat julle onsedelikes of geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld moet vermy nie. Ek bedoel net wanneer dit mense is wat deel is van die geloofsgemeenskap (1 Kor. 5:9-13). “Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: ‘Verwyder die slegte mense onder julle uit!’” (NAV) Gemik op die semi-bloedskandelike verhouding wat daar in Korinte was.

Die Korintiese gemeente het hulleself op die skouer geklop omdat hulle so verdraagsaam was teenoor dié bloedskandelike verhouding. Paulus spreek hulle egter sterk aan en sê hulle moes eerder in sak en as gesit het oor ‘n ding wat só duidelik nie reg was nie. **‘n Gevoel van verdraagsaamheid mag nie die morele uitsprake van die Bybel troef nie.** Verdraagsaamheid kom dan nie in die gestalte van liefde nie, maar in die gestalte van die teendeel. Hulle laat dus die “egpaar” in die steek met hulle verdraagsaamheid. Paulus wys daarenteen vir hulle hoe die ware liefde lyk, deur hulle aan te spreek en die pad na vryheid en vergifnis met die “afvallige” gelowiges te wys.

### 2.3 Gelowiges wil nie ander uitsluit nie

‘n Volgende rede is dat ons bang is om uit te sluit. Om in te sluit, is immers só ‘n belangrike waarheid vir die geloofsgemeenskap. Dink maar net aan die insluitingsverhale in die Handeling – rondom *kulturele gebruike* (Griekse weduwees – Hand. 6), rondom *etnisiteit* (Ethiopiër – Hand. 8; Italiane – Hand. 10) en rondom *godsdienstige gebruike* (besnydenis – Hand. 15) om maar net ‘n paar te noem. Daarom het die Algemene Sinode ‘n baie insluitende besluit oor homoseksuele persone in 2007 geneem, hoewel dit die uitlewing van selfdegeslagverhoudings afgewys het en vir selibaat vir predikante gekies het en die interpretasie op gemeentevlak aan die onderskeiding van die gemeentes oorgelaat het.

‘n Teks wat ek dink ons egter baie keer misbruik in dié verband, is Gal. 3:29: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.”

Die wonderlike waarheid daarvan is dat in die koninkryk die onderskeide wat normaalweg geld tussen mense in die kulture van ons wêreld, dat dít opgehef word. Dit geld ook mans en vrouens.

Maar dit beteken nie dat die onderskeid fisies of biologies opgehef word nie. Mans bly mans. Vrouens bly vrouens. Jode bly Jode. Grieke bly Grieke.

Ons moet onthou dat die punt van die gedeelte eintlik net is om te sê, niemand is uitgesluit van die koninkryk nie. Jy hoef nie te kwalifiseer vir die koninkryk deur 'n man te wees, óf 'n vrou nie. Jy hoef ook nie te dink dat omdat jy 'n Griek óf 'n slaaf is, jy nie die koninkryk waardig sal wees nie, dat dit net bedoel is vir Jode en vrymense. Almal is ingesluit in die genade van God, sonder onderskeid.

As 'n mens egter iets wil maak van die onderskeid tussen man en vrou, asof dit nie meer in 'n seksuele verhouding geldig sal of hoef te wees nie, hoor dan die Here Jesus self sê: "In hierdie wêreld trou die mense met mekaar, maar dié wat waardig geag is om deel te hê aan die toekomstige wêreld en aan die opstanding uit die dood, trou daar nie meer nie." (Luk. 20:34-35).

Die onderskeid tussen die seksuele aard van mans en vrouens, en hulle aantrekkingskrag tot mekaar, verdwyn blykbaar in die toekomstige bedeling. Natuurlik tot sommige se vreugde, en tot ander se ontsteltenis, tong in die kies gesê.

As 'n mens uit die toekomstige bedeling se paradigma wil lewe, is die enigste manier om dit te doen, vir homoseksuele en heteroseksuele mense, om in selibaat te lewe ... iets waarvoor Jesus natuurlik ook op 'n plek praat!

## 2.4 Gelowiges verskil oor die regte uitleg van die Bybel

Die belangrikste rede waarom ons so moeilik hieroor praat is egter sonder twyfel dat ons verskil oor die regte uitleg van die Bybel, beide **eksegeties** (*simplex sensus*) en **hermeneuties** (*usus*), sowel as die **normatiewe gesag** daarvan.

'n Mens hoor baie keer die beswaar van mense wat positief is oor selfdegeslagverhoudings dat mense wat anders daarvoor dink die Bybel *letterlik uitlê*, en nie genoegsaam die konteks in ag neem nie. 'n Mens sien dit ook in die haatspraak aantygings wat teen gelowiges gerig word, soos waar mense aangekla word as hulle oor Levitikus 18 sou durf praat.

Dit is egter duidelik 'n *strooiop* benadering, want daar is niemand wat só letterlik omgaan met die Skrif en Levitikus 18 en 20 só uitlê dat homoseksuele persone doodgemaak moet word nie. Ons moet eerder vryuit ons eie manier van interpretasie op die tafel sit sodat dit as sodanig beoordeel kan word en nie ander verteken nie.

Vergelyk die artikel van Ernest van Eck en Ralph Barnard, *Homoseksualiteit en sewe klassieke Bybelse tekste: Antigay of misverstaan?* Dit is duidelik dat hulle 'n strooiop opstel in die beskrywing van 'n letterlike lees van die onderskeie tekste wat met homoseksualiteit in verbinding gebring word. Daarteenoor stel hulle hulle eie standpunt wat baie genuanseerd en billik oorkom. Ek wil geensins hulle eie standpunt net afmaak nie. Dit is goed beredeneerd, hoewel ek daarmee verskil. Maar dit getuig nie van 'n gebalanseerde benadering om die ander kant te verteken en te radikaliseer in 'n gewaad waarin min mense in die Gereformeerde tradisie hulle enigsins sal vind.

Die tipe uitleg wat in die gereformeerde tradisie normatief is, is iets wat die **simplex sensus** (historiese agtergrond, grammatiese kwessies, literêre genres, kommunikasie strategieë in die teks, retoriese analyses ensomeer) en die **usus** (die praktiese betekenis van die teks, wat fokus op die betekenis van die teks vir vandag, wat kan lei tot normatiewe, formatiewe en transformatiewe betekenisse in al hul ryke kompleksiteite) ernstig neem (vgl. Dirkie Smit se *Neem, Lees*). Dít is die tipe uitleg, eksegeties en hermeneuties, waarin ons binne die Calvinistiese tradisie staan.

Dit is hierdie tipe *simplex sensus* betekenis wat in ag geneem moet word, as 'n mens bv. Rom. 1 uitlê. Dít moet dan opgevolg word met die toepassing daarvan, die *usus* betekenis. En hoewel ons hieroor gaan

verskil – miskien is dit selfs die hart van die verskil tussen die verskillende polêre beskouings as ek William Loader reg verstaan (*Sexuality in the New Testament*) – moet die *usus* ingebed bly in die *simplex sensus*. Die *usus* kan nie die *simplex sensus* slegs van die tafel afvee nie. Dit is kardinaal in ons hantering van die Skrif.

Wat egter belangrik is om te verstaan, is dat die eksegeese eers die begrip van die inhoud binne historiese en literêre kontekste op voldoende manier moet verhelder sodat daar 'n basis is om hermeneuties met die betekenis daarvan te werk. Sonder die *simplex sensus* betekenis van die teks kan 'n mens nie met die *usus* daarvan werk nie. As jy met die *usus* begin, lees jy te maklik jou eie konteks vandag in die teks in. Dieselfde geld vir die perspektief van die leser van vandag. As jy daarmee begin, loop jy die gevaar om in volledige subjektiwiteit te verval.

Trouens, soos Anthony Thiselton (*Hermeneutics: An Introduction*) die proses van verstaan beskryf: “in hermeneutics the text itself (or what a person seeks to understand) operates almost, in effect, as the active subject, exposing and interrogating the human inquirer as its object of scrutiny.” Hy haal Ernst Fuchs aan wat sê: “The texts must translate us before we can translate them.”

Geen verstaan kan dus gebeur sonder dat ons regtig betrokke raak in die proses nie, maar die orde is dat die teks die prioriteit kry voordat ons ons eie verstaan of konteks op die tafel sit. Anders val ons in die slagat daarvan dat ons ons eie verstaan in die teks projekteer, iets wat Ricoeur tereg met: “self-centered narcissism and idolatry” verbind het. Die teks moet in die eerste plek ons aanspreek: “confront its readers as ‘other,’ in grace or judgment,” anders sal die teks net gevorm word: “into what accords with the desires and selfhood of the readers.”

Thiselton haal Dietrich Bonhoeffer aan wat verklaar het dat ons dan met niks minder as 'n afgod kennis maak nie, as ons die teks net lees in terme van dít: “what accords with me.” Immers, Thiselton sê hieroor: “Not only is it the case that authors and texts are shaped by their place in history, but readers are no less shaped by their own place in history and in society as readers and interpreters.”

Ons moet en mag dus die perspektief van vandag se lesers in ag neem, maar eers nadat ons ordentlik na die teks in sy eie konteks geluister het.

### 3 Algemene opmerkings oor selfdegeslagverhoudings

Daar word soms ten onregte beweer dat 7-10% mense homoseksueel is. Die bron wat dikwels aangehaal word, is dié 1940-verslag van Alfred Kinsey. Sy navorsing word egter nie vandag sonder meer aanvaar nie, o.a. omdat hy van 'n skeefgetrekte steekproef gebruik gemaak het. Maar, sy geskatte syfer vir mans wat oorwegend lewenslank homoseksuele verhoudings gehandhaaf het, was slegs 4%, anders as wat hy baie keer aangehaal word.

Dit word gestaaf deur resente studies, bv. deur Edward Laumann by wyse van 'n steekproef van 5000 persone in die Verenigde State van Amerika. Volgens hierdie studie is bevind dat slegs 2% mans en 0.9% vroue hulself as homoseksueel beskryf, terwyl 'n addisionele 0.8% mans en 0.5% dames hulself as biseksueel beskryf. Die homoseksuele sosioloog, Joseph Harry, se navorsing lewer dieselfde resultate. Volgens sy navorsing het 2.4% mans 'n homoseksuele oriëntasie.

Dit stem ook ooreen met ons onlangse verslag oor die Jeug wat by die Algemene Sinode 2015 in ontvangs geneem sal word – *Skokkend Positief*. Hoewel dit net 'n klein onderafdeling van die navorsing was, beskou net 4% uit die steekproef van die betrokke jeug van die NG Kerk hulleself as homoseksueel. Dit is in lyn met die internasionale syfer.



### 3.1 Selfdegeslagverhoudings is van vroeg af in die geskiedenis bekend

Anders as wat dit soms voorgestel word, is homoseksualiteit 'n tipe seksuele aantrekkingskrag of seksuele verhouding tussen dieselfde geslagte **wat van vroeg af bekend was** en vandag as homoseksualiteit bekend is.

Hoewel homoseksualiteit dus 'n moderne beskrywende begrip is vir mense wat in selfdegeslagverhoudings is of wil wees, is dit 'n woord wat vir 'n werklikheid gebruik word vir iets wat van vroeg af met ons is. Daar is baie voorbeelde, soos die sogenaamde "Twee-gees individue" in die vroeë Amerikas wat as sodanig erken en toegelaat is om selfdegeslag seksualiteit te beoefen. Hulle was baie keer die sjamaans van hulle gemeenskappe.

Selfdegeslag seksualiteit was bekend in Griekeland (bv. in die werke van Plato), China, Japan, Persië, die Suidsee-eilande ensameer. Vergelyk hiervoor veral die werk van John Boswell wat die Europese geskiedenis van dié tipe verhoudings ondersoek het (*Same-Sex Unions in Premodern Europe*).

Soms onderskei mense tussen *homofilie* – die seksualiteit – en homoseksualiteit – die gedrag. Vir ons doel is dit egter nie so belangrik hoe dit gedefinieer word nie. Dit gaan oor die werklikheid van selfdegeslagverhoudings, iets wat eintlik van altyd af met ons is, en hoe ons vandag daarvoor moet oordeel in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie.

Greame Codrington (*Future Church Now*) skryf bv. uitvoerig hieroor en ek stem met hom merendeels saam:

- The sexual ethics prevailing at the time of the New Testament are very different to those we accept as normal today
- Homosexuality was legal, commonplace and considered normal.
- In fact, male-male love was considered the highest form of human love.
- Pederasty (an adult man taking a young boy as a lover) was the most common expression of male sexuality in Graeco-Roman culture.
- The opposition to homosexual activity at the time was almost exclusively an opposition to exploitation of young boys in pederastic relationships  
(<http://www.futurechurchnow.com/2015/08/22/the-bible-and-same-sex-relationships-part-7-graeco-roman-culture-and-homosexuality/>).

Maar, waar hy dié getuienis gebruik om te sê dat dit bewys dat dit niks sê oor monogame standvastige homoseksuele verhoudings nie, maak hy te veel van die voorkoms van pederastie asof dit al is waaroor dit in antieke tye gegaan het en maak hy te min van die idee dat homoseksuele liefde aangeprys is in die Romeins-Griekse wêreld.

Waarom sal Paulus nét oor pederastie skryf, en selfs nie die woorde wat bestaan daarvoor gebruik nie, maar eerder kies om 'n nuwe Griekse woord – *arsenokoitai* – te skep om homoseksuele liefde te beskryf wat uit Levitikus se beskrywing van homo-seks saamgestel is? So is die groeiende konsensus na aanleiding van Robin Scrogg se navorsing (*The New Testament and Homosexuality*). Paulus se gebruik van die woord skiet in wese ook die kultiese interpretasie van Levitikus 18 se homo-seks beskrywing in die voet en ignoreer die nie-kultiese interpretasie van Levitikus 20. Daaroor egter later.

Dit is snaaks dat Graeme nie reageer op sy eie beskrywing van die gay-huwelike van daardie tyd as 'n normale, en selfs verkose vorm van die huwelik: "Same sex marriages were legal, commonplace and accepted as normal. This was for both men and women." Dit is tog duidelik anders as pederastie. Dit is konsensuele verhoudings tussen volwassenes.

Waarom sal Paulus verder bv. die algemene woorde vir “male” en “female” gebruik in sy beskrywing van homoseksuele gedrag as hy woorde kon gebruik het wat duidelik sou maak dat hy van pederastie praat? Hy praat juis in die algemeen oor die mensdom in Romeine 1 en gebruik die woord *anthropôn* vir mensdom in vers 18 wat die hele gedeelte inlei oor homoseksualiteit en dit wat daarop volg.

Hy volg die uitspraak oor die mensdom op in Romeine 2 deur ook die Jode aan te spreek – vir in geval hulle sou dink dat Romeine 1 nie op hulle van toepassing is nie – en voltooi sy betoog in Romeine 3 deur te sê almal het gesondig: d.w.s *almal* – universeel bedoel – val onder die oordeel van God, omdat hulle die die wet van God nie nagekom het nie. En let op dat hy van die wet van God praat. Die wet geld selfs waar mense nie ‘n skriftelike kopie daarvan het nie!

Die vryspraak kom ook nie sonder dat die wet ter sprake kom nie, moet ek beklemtoon! Dit is immers wanneer jy jou sonde en jou ellende besef – en die wet help jou daarmee – dat jy die genade in Christus ten volle kan waardeer en omarm. Só herinner die Heidelbergse Kategismus ons.

Daarom gee die samestellers van die verslag aan die Algemene Sinode 2007 – Bylaag 2 – ‘n hele paar voorbeelde van homoseksuele verhoudings uit antieke en NT tye. Ek haal aan:

“Vroue: Lukianus vertel in sy *Dialogues of the Courtesans* van vroue uit die stad Lesbos (waarskynlik waar die benaming “lesbies” vandaan kom) wat permanente verhoudings met mekaar gehad het. So is ene Megilla van Lesbos met ‘n vrou van Korinte getroud (Boswell 1996:83; Brooten 1996:51-52).

Mans: Xenophon van **Efese** (Timoteus was in Efese predikant toe die brief 1 Timoteus geskryf is) vertel van homoseksuele verhoudings van liefde en trou in dié stad. ‘n Voorbeeld hiervan is Hippotoos. Hy het ‘n man van dieselfde ouderdom (dus nie pederastie nie) as hy liefgehad. So was die eerste groot liefde van Dionusios ‘n ander man met die naam van Ampelus.

**Aristoteles** het ‘n positiewe siening van liefde vir dieselfde geslag gehad. Hy motiveer dit juis vanuit dit wat vandag as “homoseksuele oriëntasie” bekend staan. Volgens hom word sekere mense met ‘n homoseksuele disposisie gebore. Ander voorbeelde is **Sokrates** wat ‘n permanente verhouding met Agaton gehad het. **Plato** se langtermynverhouding met Dion van Sirakuse het begin toe Plato 50 jaar oud was en Dion 35 jaar – dus nie pederastie nie. Pausanias, die spreker in Plato se *Symposium*, is ‘n historiese figuur. Sy homoseksuele verhouding met ‘n digter het vir ten minste 12 jaar geduur.

Daar bestaan nie alleen getuienis dat die Griekse filosowe kennis gedra het van wat as ‘n bio-sosiale homoseksuele oriëntasie bekend gestaan het nie, of dat daar wel permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou in die Griekse kultuur voorgekom het nie. Gedurende die tyd toe die Nuwe Testament geskryf is, was daar selfs amptelike homoseksuele huwelike. Een van Keiser Nero se twee manlike lewensmaats is ook as “koningin” vereer en Paulus skryf juis in dieselfde tyd sy brief aan die Romeine!

Daar is ook ‘n verhaal wat die skrywer Ovidius neergeskryf het wat handel oor twee vroue wat in ‘n liefdesverhouding met mekaar gestaan het.

Dit is ook interessant om daarvan kennis te neem dat die **buite-Bybelse Judaïsme** kennis van sulke verhoudings gehad het. Van die Rabbyne literatuur het ook kennis gedra van lesbiese verhoudings. Dit is binne bogenoemde agtergrond wat die lees van die gedeeltes in die Nuwe Testament waarin na homoseksuele dade verwys word, gedoen moet word.”

**Die punt is helder en duidelik. Homoseksuele of selfdegeslagverhoudings was wettig, algemeen en normaal, ten minste in die Grieks-Romeinse wêreld. En dit is in dié wêreld waarin die evangelie gekom**

het, en in dié wêreld waarin Paulus sy bediening uitgevoer het, en dit is vir dié wêreld wat hy sy beskouing oor selfdegeslagverhoudings deurgee.

### 3.2 Selfdegeslagverhoudings word deur die drie Monoteïstiese godsdienste afgewys

Dit is eintlik nie nodig om te veel in hierdie gedeelte te sê nie. Die eenvoudige feit is, selfdegeslag seksualiteit word deurgaans in die Joods-Christelike tradisie, sowel as die latere Moslem tradisie sterk afgewys, maak nie saak hoe 'n mens dit wil definieer nie. Josephus, Philo, die rabbi's, die kerkvaders, Chrysostomus, Augustinus, Calvyn ensomeer ... spreek hulle sterk daarteen uit (vgl. vir verwysings Hays, *The Moral Vision of the New Testament*).

Die drie godsdienste onderskei ook nie tussen verskillende soorte selfdegeslag seksualiteite nie, maar keur enige seksuele verkeer tussen dieselfde geslag af, meesal in baie sterk terme.

Net een opmerking oor die Joodse geskiedskrywer **Philo**, 'n tydgenoot van Jesus en Paulus (25 v.C. – 50 n.C.). 'n Hele paar geleerdes probeer Philo se afwysing van homoseksuele gedrag beperk tot tempel-prostitusie en pedofilie, maar dit is doodgewoon nie 'n korrekte lees van sy werk nie (bv. versus Robin Scrogg). Philo lewer bv. kommentaar op Genesis 19 as volg (en ek laat my nie vertel dat die vroeë Christene nie daarvan kennis geneem het nie, hoewel dit nie my argument bepaal nie!):

“On Abraham, Philo also helps us understand Genesis 19, Sodom and Gomorrah account: (135) As men, being unable to bear discreetly a satiety of these things, get restive like cattle, and become stiff-necked, **and discard the laws of nature**, pursuing a great and intemperate indulgence of gluttony, and drinking, and unlawful connections; for not only did they go mad after women, and defile the marriage bed of others, but **also those who were men lusted after one another, doing unseemly things, and not regarding or respecting their common nature**, and though eager for children, they were convicted by having only an abortive offspring; but the conviction produced no advantage, since they were overcome by violent desire; (136) and so, by degrees, the men became accustomed to be treated like women, and in this way engendered among themselves the disease of females, and intolerable evil; for they not only, as to effeminacy and delicacy, became like women in their persons, but they made also their souls most ignoble, corrupting in this way the whole race of man, as far as depended on them.” (Philo of Alexandria, & Yonge, C. D. (1995). *The works of Philo: Complete and unabridged (597–598 & 422–423)*. Peabody, MA: Hendrickson.)

Let op dat hy doodgewoon praat van mans wat met mans seks het, en dit is nie nou ter sake dat dit eintlik om ongasvryheid in die konteks gegaan het nie. **Philo wys konsensuele gelyke vennoot selfde geslag seks af: “also those who were men lusted after one another, doing unseemly things”.**

Daarby gee Philo se interpretasie van “teen-natuurlik” ons ook 'n idee van wat Paulus, sy tydgenoot, waarskynlik bedoel het met sy eie uitleg van dieselfde woord in Romeine 1: “discard the laws of nature ... and not regarding or respecting their common nature”.

#### Dit sien ons ook by die vroeë kerkvaders

Uit die vorige verslag aan die Algemene Sinode 2007 het die volgende geblyk.

**Die kerkvaders verwerp homoseksuele verhoudings deurgaans. Hul reaksie was hoofsaaklik in lyn met dié van die Bybel. Hier is agt van dié kerkvaders se standpunte soos dit uit die tradisies na ons kom.**

1. **Die Didage van die Twaalf Apostels** (70 n.C.) verwys spesifiek na pederastie as 'n homoseksuele vorm wat verwerp word.

"You shall not commit murder, you shall not commit adultery, you shall not commit pederasty you shall not commit fornication, you shall not steal, you shall not practice magic, you shall not practice witchcraft, you shall not murder a child by abortion nor kill one that has been born" (Didache 2:2).

2. **Barnabas** skryf in Die Brief van Barnabas 10:7 ongeveer 70-100 n.C.:

Moreover, you shall not eat the hyena. You shall not be a corrupter, nor like unto such men. For what reason? Because this animal in every other year changes its nature and becomes now male now female.

3. Net so verwys **Aristidius** in ongeveer 125 n.C. ook afwysend na homoseksuele verhoudings wanneer hy leer:

"Some polluted themselves by lying with males. The Greeks, O King, follow debased practices in intercourse with males, or with mothers, sisters, and daughters. Yet, they, in turn impute their monstrous impurity to the Christians."

Die konteks hier is duidelik seksuele praktyke in die algemeen. Hier gaan dit nie om losbandigheid of perversiteit nie. Dit herinner aan dié van Lev 18.

4. **Siprianus van Kartago** skryf in sy Briewe 1:8-9 (253 n.C.):

"Oh, if placed on that lofty watch-tower, you could gaze into the secret places--if you could open the closed doors of sleeping chambers and recall their dark recesses to the perception of sight--you would behold things done by immodest persons which no chaste eye could look upon; you would see what even to see is a crime; you would see what people embruted with the madness of vice deny that they have done, and yet hasten to do--men with frenzied lusts rushing upon men, doing things which afford no gratification even to those who do them."

Ook in die geval van hierdie kerkvader kan nie gesê word dat ons met losbandigheid en perversiteit te make het nie. Hier is nie sprake van partytjies nie, maar van homoseksuele praktyke wat in die geheim plaasvind – waarskynlik omdat diegene wat dit beoefen, geweet het dat dit vir die kerk en die gemeenskap onaanvaarbaar is.

5. **Polikarpus**, biskop van Smirna sterf waarskynlik op 23 Februarie 155 n.C. 'n marteldood (The Apostolic Fathers I 1977: 280). In sy Brief aan die Filippense skryf hy duidelik oor homoseksuele praktyke. Sou hy dalk in lyn met die Pauliniese denke (maw die Skrif) die volgende skryf?

"Neither fornicators nor effeminate (malakoiv) nor sodomites (arsenokoitai) shall inherit the Kingdom of God ..." (Polikarpus aan die Fil 3:3.)

6. In 'n waarskynlike verwysing na kerklike tug leer **Basilus die Grote** van Cesarea in Kappadosië in sy Briewe 217:62 (367 nC):

"He who is guilty of unseemliness with males will be under discipline for the same time as adulterers."

Hy waarsku monnike in sy *Die Aflegging van die Wêreld* (373) (veral jong en onervare monnike) om nie te toegeneë met mekaar te raak nie, aangesien hulle so blootgestel kan word aan die sonde van die wêreld. Net so skryf hy in sy Eerste Kanonieke Brief:

"They who have committed sodomy with men or brutes, murderers, wizards, adulterers, and idolaters, have been thought worthy of the same punishment; therefore observe the same method with these which you do with others. We ought not to make any doubt of receiving those who have repented thirty years for the uncleanness which they committed through ignorance; for their ignorance pleads their pardon, and their

willingness in confessing it; therefore command them to be forthwith received, especially if they have tears to prevail on your tenderness, and have [since their lapse] led such a life as to deserve your compassion. (Dobras 2004).”

7. Ongeveer 30-jaar later in 391 nC skryf **Johannes Chrisostomus**, kerkvader van die destydse Konstantinopel sy homiletiek op Romeine 4 en gee ’n negatiewe verklaring daarvan in terme van homoseksuele praktyke:

“All of these affections [in Rom 1:26-27] were vile, but chiefly the mad lust after males; for the soul is more the sufferer in sins, and more dishonored than the body in diseases (Rooms Katolieke Kerk 2004).”

8. **Augustinus van Hippo** se verwysing na homoseksuele praktyke is ook afwysend. Hy leer in sy Belydenisse 3:8:15 wat dateer uit 400 n.C.:

“those shameful acts against nature, such as were committed in Sodom, ought everywhere and always to be detested and punished. If all nations were to do such things, they would be held guilty of the same crime by the law of God, which has not made men so that they should use one another in this way (Rooms Katolieke Kerk 2004).”

Dit is onwaarskynlik dat Augustinus aan Sodom se sonde as verkragting of ’n gebrek aan gasvryheid gedink het. Die kerklike tradisie het nooit die sonde van Sodom as verkragting of ongasvryheid alleen gesien nie. Dit het waarskynlik vir hom gegaan dat die mans van Sodom ’n begeerte gehad het om met ander mans seks te hê soos ’n man met ’n vrou (Via & Gagnon 2003:60). Uit die konteks is dit duidelik dat hy na die biologiese en fisiese samestelling van ’n man verwys wat nie gemaak is vir anale penetrasie nie. Dit sou op alle vorme van homoseksuele praktyke dui – ook die binne sogenaamde gayverhoudings van liefde en trou. Op soortgelyke wyse veroordeel die Apostoliese Konstitusie (400nC) die beoefening van homoseksuele praktyke:

“[Christians] abhor all unlawful mixtures, and that which is practiced by some contrary to nature, as wicked and impious” (Rooms Katolieke Kerk 2004).“

### 3.3 Selfdegeslag seksualiteit is ’n komplekse interaksie van genetiese en omgewingsfaktore

Nog iets wat nodig is om in ons besinning te oorweeg, is om ’n antwoord te probeer kry op die vraag of gays so gebore word al dan nie.

Dit is egter belangrik om by die aanvang van die beantwoording van dié vraag na die oorsake van homoseksualiteit rekening te hou met ten minste drie **pro-gay** rigtings wat ingeslaan word met die bevindinge hieroor.

- Daar is die stem van die **essensialiste** – diegene wat beweer dat gays almal so gebore is. ’n stem wat ons veral in Suid-Afrika hoor.
- Teenoor hierdie stem is daar stem van die **sosiaal-konstruktiewiste** – grootliks komende uit die internasionale intellektuele gay-gemeenskap wat sê, homoseksualiteit is ’n sosiale konstruksie.
- ’n Verdere, meer radikale stem uit die gay sosiaal-konstruktiewe hoek, maak juis die punt dat gay-wees ’n **keuse** is. Hulle wil nie hê dat gay persone apologeties hoef te verduidelik, “Jammer, maar ek is so gebore” nie, maar trots behoort te sê: “Ek is nie so gebore nie, maar ek het gekies om so te wees – en wat daarvan?” Die boek van David Halperin (1990) en baie bronne op die Internet sal meer inligting daarvoor kan verskaf.

Dit is egter nie die enigste manier om daarmee te werk nie, sonder om daarmee in ’n **anti-gay** standpunt te verval. Die gevaar is dat jy deur jou vertrekpunt in essensialisme, sosiaal-konstruktiewisme of ’n keuse standpunt te neem (pro- of anti-gay), jy **eintlik ’n natuurlike teologie** begin bedrywe.

Dit sal nooit volgehou kan word in Gereformeerde kontekste nie, al is dit in 'n sekere sin natuurlik ook waar dat alle teologie op 'n manier natuurlike teologie is, want ons werk as mense met die gegewens van die Skrifte. Maar, in Gereformeerde teologie begin ons altyd met die Skrif. Dit is weliswaar in gesprek met die konteks, en met die inagneming van ons (natuurlike) voorveronderstellings en ideologieë en van die rol wat die leser in die "gee van betekenis aan 'n teks" speel. Maar ons roem daarop dat ons altyd begin met die Skrif, in die bekende formulering van *sola Scriptura*.

Iets wat in die kultuur van 'n gegewe groep normatief geldig is – maak nie saak wat dit is nie – is nie noodwendig normatief in terme van die Skrif se beoordeling daarvan nie en gevolglik in ons besinning daaroor nie.

Ons sal dus nooit ons vertrekpunt slegs in die resultate van die sielkunde en sosiale wetenskappe kan neem nie of selfs daaraan 'n skeidsregter funksie kan gee nie. Omdat daar vanuit dié dissiplines aanvaar word dat seksualiteit nie binêr is nie, maar op 'n kontinuum geleë is, kan ons nie maar net van daar af redeneer dat enige teologiese standpunt oor selfdegeslagverhoudings dié insigte móét inkorporeer nie. Dit verteenwoordig 'n eensydige natuurlike teologiese standpunt en nie 'n Skriftuurlike – *sola Scriptura* – of openbaringsmatige teologie nie, soos die Gereformeerde teologie meermale gedefinieer word.

### Maar wat sê die wetenskap?

**Die kort antwoord is: daar is nie 'n wetenskaplike konsensus oor die oorsake van homoseksualiteit, behalwe om dit as 'n komplekse interaksie van genetiese en omgewingsfaktore te beskryf nie.**

Dit beteken dat dit baie moeilik is om 'n argument hieroor te formuleer omdat daar nie 'n basis is om vanaf te redeneer nie.

Die prentjie oor die oorsprong van homoseksualiteit is glad nie eenvoudig nie. Dit is uiters kompleks waarin die natuur (genetika, DNA) en die omgewing (gesin, verhoudings) sowel as lewenstyl keuses 'n rol speel. Vergelyk maar net die navorsing rondom identiese tweeling wat apart groot geword het.

Aan die een kant wys die navorsing dat daar 'n verhoogde insidensie van homoseksualiteit by hulle aanwesig is, wat op 'n natuurlike oorsprong kan dui.

Maar, aan die ander kant sou 'n mens verwag dat daar nie net 'n verhoogde insidensie sou wees nie, maar 'n absolute voorkoms van homoseksualiteit by identiese tweeling – as homoseksualiteit geneties of natuurlik, sonder enige omgewingsfaktore of lewenstyl keuse-uitoefening, sou wees.

Dit is waar dat daar genoeg navorsing bestaan om gay-wees as 'n seksuele oriëntasie wat van vroeg af in 'n mens se lewe bestaan, te beskryf. Maar onthou ook die geval van Rudi Claase wat na berig word nou met Suzette Booyen wil trou. Rudi sê hy weet nie meer of hy gay of nie gay is nie. Hy weet net dat 'n vrou anders liefhet as 'n man, want hy was vroeër met 'n man getroud. "’n Vrou ervaar en ontvang liefde anders as mans," sê Rudi. (<http://www.netwerk24.com/nuus/2015-08-16-rudi-wil-trou-met-suzette>).

**Die nuwe navorsing oor gene wys ook al hoe meer dat gene nie bloudrukke is nie, maar skakelaars.** Gene word aangesit of afgesit deur ervarings en omgewingsfaktore en dit lyk asof dit baie vloeibaar in interaksie met die omgewing gebeur. Vgl. bv. Ard Louis, Professor van Biofisika (Oxford), in sy praatjie: "Randomness and Other Metaphors in the Theory of Evolution." Hy help mens verstaan dat biologiese prosesse nie lukraak is nie, maar stogasties, d.w.s. daar is keuses betrokke in die ontwikkeling van 'n geen se potensiaal, of dit nou buite die individu se wilsbesluit is al dan nie

(<https://www.youtube.com/watch?v=KPalCAFgS04&feature=youtu.be>).

Anders sou daar immers geen voortplanting moontlik gewees het, indien mense suiwer homoseksueel op grond van die genetica gewees het. Dit homoseksuele geen sou doodgewoon uitgesterf het.

Hoe dit ook al sy, Roch lle Human (11 Julie Netwerk 24: <http://www.netwerk24.com/stemme/2015-07-11-gay-so-gebore>) som die konsensus rondom die navorsing oor seksuele ori ntasie op deur te wys daarop dat dit deur ’n kombinasie van biologiese en omgewingsfaktore bepaal word. ’n “Gay-geen” is nog nie gevind nie. Dit doen sy op grond van die Wetenskapakademie van Suid-Afrika (ASSAf) wat onlangs ’n oorsig gedoen van byna alle navorsing wat in die afgelope 50 jaar oor seksuele ori ntasie gedoen is. Die verslag is in Mei 2015 uitgereik.

Luidens die verslag bestaan talle wetenskaplike studies wat wys seksuele ori ntasie word biologies bepaal en homoseksualiteit het ’n oorerflike  n omgewingskomponent.

**“Die paneel maak die gevolgtrekking dat daar wesenlike biologiese bewyse vir die verskeidenheid van menslike seksualiteite is en veral vir seksuele ori ntasie.”**

Die verslag verwys onder meer na dr. Michael Bailey van die Northwestern-Universiteit se onlangse navorsing, wat 409 pare gay broers bestudeer het om te bepaal of sommige mans geneties geneig is om gay te wees. In die studie is bevind gay mans deel genetiese tekens op ’n deel van die X-chromosoom, Xq28. Dr. Dean Hamer van die Amerikaanse nasionale kankerinstituut het ook in 1993 ’n deel op die X-chromosoom gevind wat hy glo verband hou met manlike seksuele ori ntasie.

In ’n ander genetiese studie het navorsers ’n volle genoomskandering van 456 individue van 146 families met twee of meer homoseksuele broers gedoen, skryf dr. John Bancroft, van die Kinsey-instituut vir seks, gender en voortplanting in die VSA, in 2010 in die *Journal of Sexual Medicine*.

“Die skrywers merk op dat gegewe die kompleksiteit van seksuele ori ntasie, is talle gene waarskynlik betrokke, en die matige vlakke van verbinding wat vir die X-chromosoom gevind is, kan slegs ’n fraksie van die algehele oorerflikheid verklaar,” skryf hy.

Een van die teorie  van ingebore homoseksualiteit wat tans gewild is, is die broederlike geboorteorde-effek. Studies van dr. Ray Blanchard, ’n navorser aan die Universiteit van Toronto se psigiatrie-departement, het gewys hoe meer ouer biologiese broers ’n man het, hoe groter is sy kans om homoseksueel te wees. Elke bykomende ouer broer verhoog daardie kans met sowat 33%. Dit geld selfs al het die broers in verskillende huise grootgeword. (Tot dusver het die navorsing grootliks op manlike homoseksualiteit gefokus omdat homoseksualiteit na bewering meer by mans as vroue voorkom.)

Aangenome ouer broers en stiefbroers het geen uitwerking op seksuele ori ntasie gehad nie. Die impak moet dus voor die geboorte wees. Dit het aanleiding gegee tot die moederlike immuunhipotese, wat lui: Selle of selffragmente van die fetus kan glo ’n swanger vrou se sirkulasie tydens die geboorte binnedring. As die fetus manlik is, begin die ma se immuunstelsel teenliggaampies teen die “vreemde” molekules vervaardig.

Hierdie teenliggaampies kan met ’n volgende bevrugting die fetale brein se seksuele differensiering weg van die tipiese manlike roete lei, sodat die individu later in sy lewe tot mans eerder as vroue aangetrokke sal wees. Die ma se immunisering word met elke manlike fetus sterker; daarom neem die waarskynlikheid van homoseksualiteit toe met elke ouer broer.

Die hipotese is nie veronderstel om ’n universele oorsaak vir alle homoseksuele mans te beskryf nie, skryf Blanchard in die *Journal of Sexual Medicine*. Volgens die ASSAf-verslag is daar nog geen aanvaarde verduideliking vir die geboorteorde-effek nie. Dr. Nathaniel McGregor, ’n neuropsigiatriese genetikus van

die Universiteit Stellenbosch, sê daar is geen konsekwente, konkrete bewyse om dié teorie te ondersteun nie.

Die soektog na 'n enkele sogenaamde "gay-geen" het tot dusver nog min opgelewer, hoewel bewyse bestaan dat homoseksualiteit 'n oorerflike eienskap is. Dr. Emmanuele Jannini, 'n endokrinoloog van Italië, skryf in *Journal of Sexual Medicine* "genetiese navorsing wat familie- en tweelingmetodologie gebruik, het konsekwente bewyse gelewer dat gene seksuele oriëntasie beïnvloed, maar molekulêre navorsing kon nog nie oortuigende bewyse lewer vir spesifieke gene nie".

Studies van tweeling het byvoorbeeld gewys homoseksualiteit is meer algemeen in identiese tweeling as nie-identiese tweeling, wat bewys homoseksualiteit is oorerflik, hoewel die omvang van die oorerflikheid tussen tweeling minder was as wat verwag is.

McGregor sê "genetici beskou seksuele oriëntasie as 'n komplekse eienskap en gevolglik as iets wat oor 'n tydperk deur biologiese en omgewingsaspekte beïnvloed word". "Dieselfde geld persoonlikheid, heteroseksualiteit en biseksualiteit. "Daar is nog geen enkele geen of genetiese onreëlmatigheid eksklusief geïdentifiseer wat met homoseksualiteit vereenselwig word en reproduseerbaar was nie."

Dr. Frans Korb, 'n psigiater van Johannesburg, sê vandat homoseksualiteit sedert die 1970's nie meer as 'n psigiatriese siekte geklassifiseer word nie, word min navorsing daarvoor gedoen. "Hoekom gaan hulle navorsing oor iets doen wat normaal is?" vra hy. "Nou en dan is daar 'n opflikkering (van nuwe navorsing), dan sê hulle daar is miskien 'n genetiese faktor, daar is miskien 'n oordraagbare faktor, maar dit is nog nie 100% bewys nie." Hy meen omgewingsfaktore en die manier hoe 'n mens grootgemaak word, tesame met genetiese faktore speel 'n rol in wat uiteindelik 'n individu se seksuele identiteit sal wees.

McGregor sê "navorsing hieroor is seldsaam, indien nie grootliks afwesig nie, hoofsaaklik omdat dit as 'n alternatiewe leefstyl (nie 'n leefstylkeuse nie) gereken word en gevolglik nie finansiering en navorsingstyd regverdig nie, aangesien ons werklike en ernstige aansteeklike en nieaansteeklike wêreldwye gesondheidskwessies het wat gepak moet word.

"Sommige mense is opgewonde oor die idee van 'n moontlike biologiese skakel, aangesien dit dan gesê kan word dat aangetrokkenheid tot dieselfde geslag as heeltemal 'natuurlik' geag kan word en nie "'n keuse" nie. "In dieselfde asem is daar die bekommernis dat dit dan as iets beskou kan word wat 'behandel' kan word." "Ander is bekommerd dat bewyse van 'n genetiese grondslag tot 'n soort *screening* sal lei, wat kwessies van privaatheid, diskriminasie en selfs aborsieregte opper."

Ons kan ook kennis neem van Pres. Barack Obama wat in April 2015 omskakelings- of herstellingsterapieë, wat homoseksuele of transgender- jong mense se seksuele oriëntasie wil verander, veroordeel het in lyn met die Amerikaanse Sielkunde-vereniging (APA) se bevindinge. Hy het gesê sy regering steun pogings om die gebruik daarvan op minderjariges te verbied.

Dr. Barry Anton, APA-president, het gesê: "sogenaamde herstellingsterapieë is daarop gemik om iets 'reg te maak' wat nie 'n geestesiekte is nie en nie terapie benodig nie. Daar is onvoldoende bewyse dat dit werk en kan die mens potensieel leed aandoen."

### 3.4 Die Bybel se selfdegeslag beskouing hou geen interne kritiek in soos met ander sake nie

Daar is in die literatuur 'n poging om selfdegeslag seksualiteit te herkatgoriseer om dit op dieselfde vlak as slawerny, die bevryding van vroue en selfs apartheid te plaas. Sóós slawe vrygestel is, vroue toegelaat is as volwaardige en gelyke deelnemers op alle vlakke, en apartheid na sy wetlike voorkoms afgeskaf is (en ons



nog hard daaraan werk om dit in die praktyk ook te doen), só moet selfdegeslag seksualiteit ook van die verbod daarop in die Bybel bevry word.

Só 'n interpretasie sal egter nooit deug nie. In die geval van slawerny was dit nooit 'n algemene Bybelse gebod nie. Paulus raai bv. slawe aan om die geleentheid om vry te word, aan te gryp (1 Kor. 7:21). Hy verkondig dat daar geen Christelike onderskeid is tussen dié wat vry is en dié wat in slawerny is nie (Gal. 3:29).

Dieselfde geld vroue. Daar is hoeveel andersoortige uitkomstes in die Bybel anders as die normale patriargale status quo. Daar is net te veel vroue in leierskap in die Bybel, OT en NT, dat 'n mens sou kon vra, hoe het die kerk dit deur die eeue gemis – Miriam, Debora, Gulda, Dorkas, Prisca, Phoebe, Junia, Euodia, Sintige, te veel om op te noem!

Dieselfde geld apartheid. Dit was in al sy segregasionele gestaltes daarvan altyd bestry en die Bybelse begroning daarvan deur die meeste in die wêreldkerk as eensydig uitgewys. Soos ons kerk ook tot sy beskaming uiteindelik moes erken dat apartheid sonde was.

Dit is ook interessant dat die Christendom, soos ook die Jode en Islam, altyd konsensus gehad het oor homoseksualiteit, maar nooit oor slawerny, vroue en apartheid nie.

Daar is ook ander pogings in die literatuur wat probeer om die skuiwe in die interpretasie en hantering van egskeiding en hertrou en ander etiese sake as 'n voorbeeld te gebruik om 'n verandering in die houding van die kerk rondom homoseksualiteit aan te voer.

Dit is ook nie regtig paslik nie. Selfdegeslagverhoudings val in 'n ander kategorie as egskeiding en hertrou.

Tim Keller sê hieroor:

“The reason that homosexual relationships make so much more sense to people today than in previous times is because they have absorbed late modern western culture’s narratives about the human life. Our society presses its members to believe ‘you have to be yourself,’ that sexual desires are crucial to personal identity, that any curbing of strong sexual desires leads to psychological damage, and that individuals should be free to live as they alone see fit.” (The Bible and same sex relationships: A review article van Tim Keller).

Of soos dit in die 2007 verslag gesê is:

“Slawerny en die posisie van die vrou word dikwels voorgehou as sake wat ons vandag nie die Bybel letterlik navolg nie. Maar in die Bybel is daar oor hierdie sake 'n interne kritiek, wat al hoe sterker in Nuwe Testament word. Daar is geen so 'n interne kritiek in die Bybel oor die uitsprake teen homoseksuele gedrag nie.”

#### 4 Wat sê die Bybel oor selfdegeslagverhoudings?

Maar, die standpunt oor die oorsake van homoseksuele gedrag is net een aspek van die gesprek in die kerk. Die belangrikste aspek of ten minste normatiewe pool van die gesprek, is hoe ons Bybels-teologies daarvoor moet oordeel.

So, wat sê die Bybel oor homoseksualiteit?

Wel, die kort antwoord is waarskynlik dat die Bybel min daarvoor sê.

Die langer antwoord is egter dat die Bybel baie sê oor 'n positiewe heteroseksuele antropologie wat onder andere in huwelike en ouerskap uitgeleef word. Dit is ook duidelik dat die Bybel in sy keuse vir 'n

heteroseksuele antropologie konsekwent negatief is oor homoseksuele verhoudings, hoe 'n mens ook al die **uitsprake** van die Bybel probeer beperk in betekenis of hoe 'n mens ook al die **konteks** van die Bybel probeer ignoreer.

Ons moet ook onthou dat die Bybel geestelike uitsprake maak oor verhoudings, nie algemene etiese uitsprake of nog erger wetenskaplike uitsprake nie. Dit gaan oor die openbaring van God in die Skrif wat 'n normatiewe invloed in gelowiges se lewe uitoefen, al dan nie.

#### 4.1 Die Bybel kies vir 'n heteroseksuele antropologie

Die vraag wat die kerk vra, is dus nie in die eerste plek of die wetenskaplike beoordeling van selfdegeslag seksuele oriëntering reg of verkeerd is nie. **Die vraag is of selfdegeslagverhoudings Bybels verantwoord kan word of nie.** Dieselfde in terme van ons Gereformeerde teologie. Pas 'n selfdegeslag verhouding in die Bybelse teologiese visie op verhoudings in, of nie?

Ons moet hierdie vraag na homoseksuele verbintenisse se aanvaarding al dan nie dus Bybels-teologies deurdink.

En laat ek dit kortom stel:

Hoe 'n mens ook al probeer om dié Bybelse perspektief op dieselfde-geslag seksuele aktiwiteit sagter te probeer stel, dit is deurgaans negatief.

Daar is weliswaar net 'n paar gedeeltes in die Bybel wat oor selfdegeslag seks handel. Selfdegeslag seksualiteit is dus van mindere belang in die Bybelse boodskap. Maar, elkeen van dié gedeeltes is negatief daaroor, in my lees daarvan.

**“The few biblical texts that do address the topic of homosexual behavior, however, are unambiguously and unremittingly negative in their judgment.”** (Hays).

Dit lyk dus vir my glashelder dat die Bybel kies vir 'n heteroseksuele antropologie. Selfs iemand soos William Loader – wat positief is oor selfdegeslagverhoudings vandag – sê dat ons mekaar nie moet mislei nie. Die Bybel is negatief oor selfdegeslag seksuele gedrag.

Loader verwys bv. na die boek van Dan Via en Robert Gagnon in 2003 (*Homosexuality and the Bible: Two Views* – luister ook gerus na Robert se uitstekende oorsig oor die onderwerp by <https://www.youtube.com/watch?v=MqK9LkqAgw0&feature=youtu.be> – dit is 23 min. lank en dek al die belangrikste argumente) wat by twee verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings uitkom, maar saamstem dat die: “biblical texts that deal specifically with homosexual practice condemn it unconditionally.”

Hulle verskil dus nie oor wat die tekste in die Bybel oor selfdegeslag seksualiteit sê nie, maar oor hoe dit toegepas moet word vandag. In Calvin se eksegetiese metodiek, hulle stem saam oor die *simplex sensus*, maar verskil oor die *usus*.

In 'n sekere sin stem die *simplex sensus* betekenis natuurlik ooreen met die biologiese wetmatigheid van die mens wat met die XY chromosome te make het wat van ons manlik en vroulik maak. Daar is weliswaar hoë uitsonderings, dubbelslagtige mense, maar die klein voorkoms daarvan bevestig eintlik net die wetmatigheid van die XY chromosoom geslagtelikheid van die mens.

Maar die punt is nie dat die Bybelse heteroseksuele antropologie uit die wetenskap afgelei word nie. Die punt is net dat die feitlikheid van manlikheid en vroulikheid deel is van die Bybelse beskrywing van die

identiteit van menswees, soos 'n mens dit onder andere in Genesis 1 sien waar van die mens as beeld van God gepraat word.

En let op, dit is nie net Genesis 1 se doel om te sê dat mans EN vrouens beelddraers van God is nie, 'n wonderlike korreksie op die heersende antropologie van die omringende nasies van daardie tyd. Dit is ook dat hulle SAAM, as mans en vroue, die beeld van God verteenwoordig. Daar is 'n komplementariteit en binêre karakter daarin opgesluit (NT Wright).

Die mens word in Genesis 2 die opdrag gegee om die aarde te *bewoon*, *bewerk* en *bewaar*, en spesifiek om dit as *maats* vir mekaar te doen, as gelyke vennote, *heteroseksuele vennote*. Dit is die prentjie wat 'n mens kry in die boek wat handel oor *hoe alles begin het*.

In dié verband is dit interessant om John Walton se hantering van Genesis 2 te lees (*Investigating What the Bible Claims Concerning Adam and Eve* – <https://www.youtube.com/watch?v=NAoZ7wbGur0>).

Hy werk met Adam en Eva as 'n **archetipe**, nie as historiese individue nie. Hulle word bv. gevorm uit “stof”. Dit beteken vir hom dat hulle verganklik is, nie soseer dat hulle gevorm is uit die materie van die aarde nie. Hulle moes immers van die boom van die lewe eet om vir ewig te kan lewe, iets wat hulle deur hulle keuse vir die boom van alle kennis gemis het.

“Stof” is dus 'n aanduiding van hulle identiteit, nie soseer 'n aanduiding van hulle biologiese of fisiese samestelling nie. So word dit in Ps. 103:14 en 1 Kor. 15:47-48 geëggo word. Die beskrywing van Adam en Eva is iets wat universeel waar is, nie net van Adam en Eva as individue nie, wat beteken dat dit as argetipe vir die mensdom kan geld.

Dieselfde geld die idee dat Eva uit die “ribbebeen” van Adam gemaak is. Dit is die enigste plek in die Bybel waar dié woord gebruik word. In buite-Bybelse bronne word dit bv. in argitektuur gebruik – een kant van 'n paar (bv. suide-kant vs. noorde-kant, bo-kant en onder-kant).

As dié gebruik van die woord as verklaring gebruik word, kan 'n mens die “ribbebeen” as een kant van Adam gebruik word, sy word uit die “helfte” van hom gemaak. Daarom kan sy sy antropologiese gelyke wees, die “helfte” van wat hom 'n mens in verhouding maak. Saam maak hulle 'n menswees in gemeenskap met mekaar moontlik in terme van die opdrag wat vir die mens het: *bewoon*, *bewerk*, *bewaar*.

Dieselfde geld die idee dat die vrou, Eva, as sy antropologiese gelyke gegee word, nie die diere, want hulle sou op die meeste net Adam se troeteldiere kon wees. Die beskrywing van Adam en Eva as antropologiese gelykes vorm dus 'n belangrike perspektief op die identiteit van die mens.

Dit is nie maar net 'n beskrywing van 'n seksuele of huweliksverhouding tussen twee historiese persone nie. Want dit gaan in Genesis nie net oor Adam en Eva as individue nie – hoe 'n mens ook al daarvoor dink in terme van historisiteit, biografie, biologie, of genealogie – maar oor wat dit van menswees en geslagtelikheid en die uitlewing daarvan sê. Genesis wil sê, dít is hoe mense is. Dít is hoe mense hulle menswees in verhouding met mekaar verwesenlik. **En dié archetipe is heteroseksueel.**

En dit is op dié visie van menswees waarop die etiek van verhoudings regdeur die Bybel gebaseer is. Dít is waarop Jesus en Paulus hulle eie teologiese besinning oor menswees en verhoudings baseer.

Terloops, Scot McNight (*Adam and the Scientists*” <https://www.youtube.com/watch?v=FaSH27HsmQ4>) werk op 'n soortgelyke wyse met die “letterkundige” Adam, die Adam van die Skrif. Hy wys hoe “letterkundige” Adam in die Joodse pseudepigrafiëse tradisies op 'n archetipe hanteer word: 1) as 'n wyse *regverdige archetipe* in die **Wysheid van Salomo**, 2) as 'n *wetsgehoorsame archetipe* in die **Boek van**

**Jubilees**, en 3) as 'n *archetipe van die mens met 'n "bose hart"* in **4 Esra**, 'n konsep wat waarskynlik ook in Paulus se hantering van Adam in Romeine 5 en 1 Korintiërs 15 'n rol speel. Hy werk weliswaar ook met 'n historiese of biografiese (Rom. 5:12) perspektief van Adam, maar in alle gevalle ook met die "letterkundige" perspektief op Adam uit Genesis. Hy werk wel nie met 'n biologiese of genealogiese perspektief nie, want sê Paulus, "almal het gesondig" (Rom. 3:23).

Lees gerus Stanley Hauerwas se artikel oor dié en verwante sake, wat sê dat ons nog dieper moet gaan dink oor ons eie standpunte oor die huwelik en "singleness" voordat ons 'n standpunt oor homoseksualiteit probeer formuleer. Ons het nie genoeg saam onderskei wat die Skrif regtig hieroor sê nie. Daarom sukkel ons om by 'n eensgesindheid hieroor uit te kom. Vgl. "Resisting Capitalism: On Marriage and Homosexuality" in *A Better Hope: Resources for a Church Confronting Capitalism, Democracy, and Postmodernity*. (Dit is ook gepubliseer in *Quarterly Review* en beskikbaar by <http://www.quarterlyreview.org/pdfs/VOL20NO3FALL2000.pdf>).

## 4.2 Die Bybel kies vir heteroseksuele huwelike

As die Bybel werk met 'n heteroseksuele antropologie, is dit geen wonder dat die Bybel kies vir heteroseksuele huwelike nie. Dat daar baie vorme van die huwelik was in beide OT en NT is eenvoudig so:

**Maar wat mense geneig is om te vergeet, is dat dit regdeur die hele Bybel waar is van AL hierdie vorme van die huwelik dat dit heteroseksueel is.**

Só skryf Paulus bv. in Kol 3-4 en Ef. 5-6 in die huistafels dat die huwelik tussen die twee geslagte is, man en vrou. Mans trou nie met mans nie, en vrouens nie met vrouens nie, maak nie saak uit watter agtergrond of lewensituasie hulle deel van die geloofsgemeenskap geword het nie.

Die Bybelse visie op die huwelik is eenvoudig. Seksualiteit behoort binne die eng grense van die familie, op so 'n wyse dat die familie daardeur gedien word en nie bedreig word nie. Vandaar die negatiewe *verbod* op bloedskandelike verhoudings, en die positiewe *gebod* om 'n leviraatshuwelik aan te gaan, en weereens die negatiewe *verbod* op owerspel en homoseksuele gedrag.

Teologies lyk dit dus vir my meer verantwoord om die saak van selfdegeslagverhoudings vanuit die groter Bybelse visie van menswees te deurdink, beide aan die hand van die idee van die huwelik sowel as aan die hand van die idee van enkellopendes.

Stanley Hauerwas sê dit is nodig om twee redes. Een, ons weet nie meer wat die huwelik is nie. Daarom kan ons die vrae rondom homoseksuele verbintenisse nie beantwoord nie:

"We allegedly live in a monogamous culture, but **we are at best in fact serially polygamous**. We are confused about sex, why and with whom we have it, and about our reasons for having children. This moral confusion leads to a need for the illusion of certainty. If nothing is wrong with homosexuality, then it seems everything is up for grabs. Of course, everything is already up for grabs, but the condemnation of gays hides that fact from our lives. So the moral 'no' to gays becomes the necessary symbolic commitment to show that we really do believe in something." ("Resisting Capitalism: On Marriage and Homosexuality").

Stanley sê tweedens dit is nodig omdat die min Skrifgetuieis oor homoseksualiteit in die lig van die groter sake waarmee dit verband hou, beantwoord moet word – die obskure tekste moet in die lig van die minder obskure tekste interpreteer word:

"I do not intend in this article to explore the scriptural issue. Suffice it to say that while there is no question that some scriptural passages condemn something like same-sex relations, I am not convinced that the church's position on these matters can turn on those passages. I am also sure that attempts to historicize

those passages in the interest of liberalization are mistaken. Rather, I assume that obscure passages of Scripture should be interpreted in the light of the less obscure. That is why I assume the debate must be framed by the practices of singleness and marriage, because they are the practices that clearly are shaped by the scriptural witness and thus can better help us read Scripture.”

Tom Wright sê daaroor:

“There are no surprises on this in the Bible. For Jews, homosexual behaviour wasn’t an issue, except as part of a larger whole to which Jesus refers in traditional biblical terms. For non-Jews, such as those addressed by Paul, it was an obvious issue, since every possible kind of sexual expression was well known in cities like Corinth and Rome (there is a popular belief just now that the ancients didn’t know about lifelong same-sex relationships, but this is easily refuted by the evidence both literary and archaeological).

The danger then is that we think of things in this area as ‘rules’; for the Jew, it was a matter of living in accordance with the covenant, which was the means of God rescuing creation from the mess into which it had fallen. For Paul, it was a matter of living in accordance with the covenant that had been renewed in and through the death and resurrection of Jesus, through which God had launched his project of new creation. People often suggest that since Paul believed in grace, not law, all the old rules were swept away in a new era of ‘tolerance’, but this is a shallow and trivial view. Paul (and all early Christians known to us, right through the centuries) stuck with the Jewish view: no worship of idols, no sex outside marriage.

And marriage of course meant man/woman. There’s much more to say about this but this is for starters. I do not plan to write more about this any time soon; it’s complex and (obviously) contentious and it wouldn’t be a short book. Richard Hays’s chapter in *The Moral Vision of the New Testament* is still the best short treatment available.” (Tom Wright on Homosexuality by [http://thinktheology.co.uk/blog/article/tom\\_wright\\_on\\_homosexuality](http://thinktheology.co.uk/blog/article/tom_wright_on_homosexuality))

Tersyde – Gal. 3:28 wat sê “daar is geen man of vrou nie” maak ‘n uitspraak oor die voorrang al dan nie van mans en vrouens in hulle verhouding met God, en konstateer dat daar geen onderskeid in hulle verhouding met God is. En dit is reg so.

Mans en vrouens is gelyk voor God, soos dit die geval is met die ander teenstellende pare in die vers, Jood-Griek, slaaf-vry. Ons is almal een in Christus.

Dit hef egter nie die onderskeid op tussen mans en vrouens nie, soos dit ook nie die onderskeid ophef tussen Jode en Grieke of slawe en vrymense nie. Ja, jy kan ‘n Griek word deur akkulturasie, maar nie in terme van afkoms nie. Dieselfde met slawe en vrymense. Jy kan verander van status, maar nie van afkoms nie.

Die prentjie van die Bybel is duidelik: God het die mens manlik en vroulik gemaak om in 'n huwelik tussen een man en een vrou geluk as metgeselle vir mekaar te vind. Interafhanklikheid en eksklusiwiteit is belangrike waardes van hierdie liefdeseenheid.

Terwyl perversiteit en promiskuiteit regdeur sterk afgewys word, heteroseksueel en homoseksueel, word daar geen uitsprake gemaak oor 'n soortgelyke ervaring van homoseksuele persone nie, om metgeselle in 'n liefdeseenheid te wees nie.

En onthou, selfs wanneer mens homoseksuele verhoudings goedpraat, verander dit nie die wesenlike heteroseksuele prentjie van die Bybel vir verhoudings nie.

En die Bybel is nie net negatief oor seksualiteit nie, maar baie positief en veral die komplementêre en wederkerige aard daarvan tussen man en vrou.

### 4.3 Die Bybel kies vir heteroseksuele ouerskap

Indien dit só is dat die Bybel heteroseksueel dink oor die huwelik, is dit vanselfsprekend dat die Bybel ook heteroseksueel dink oor ouerskap. Die voortbestaan van die mensheid is afhanklik van manlike en vroulike heteroseksuele komplementariteit (selfs in surrogaat moederskap en surrogaat selfdegeslag gesinne).

Elke kind het 'n ma en pa nodig om te bestaan. Dit is hoe menswees gekonseptualiseer is, en dit is, Bybels gesproke, hoe dit in stand gehou word. Die nuwe bedeling in Christus het daaraan geen verandering gebring nie.

“The only couple capable of being a father and a mother *of their own biological children* is a man and a woman. Adoption only makes a person a surrogate father or mother at best. And if one person is the biological parent of the child, whereas his or her partner is not, then in fact one has deprived the child of either their birth mother or their birth father.” (Ben Witherington by <http://www.patheos.com/blogs/bibleandculture/2015/08/12/on-further-review-why-gay-marriage-cant-be-christian-marriage/>)

Dieselfde heteroseksualiteit geld dus wanneer 'n mens vanuit die hoek van ouerskap dink oor selfdegeslagverhoudings. Kinders het 'n pa en 'n ma se insette nodig, want dit is hoe hulle in die wêreld gekom het, al is dit in 'n proefbuis. Daarsonder is die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld en 'n gesonde identiteit uitdagend. Dit beteken uiteraard nie dat dit onmoontlik is om só groot te word nie – daar is immers baie enkelouer gesinne – maar kinderontwikkeling baat by 'n omgewing waar albei ouers – heteroseksueel – teenwoordig en betrokke is.

“Any relationship which involves two mothers (one of whom is not the real mother) or two fathers (one of whom is not the biological father) does not provide the modeling of what a husband and wife/mother and father relationship should look like under any sort of normal circumstances.” (Witherington)

### 4.4 Die Bybel skets selfdegeslag seksuele gedrag konsekwent negatief

**Ons kom by die eksegeties-hermeneutiese hantering van wat die Bybel oor selfdegeslag seksuele gedrag te sê het, en die kort samevatting daarvan is, die Bybel skets selfdegeslag seksuele gedrag konsekwent negatief. Dit maak nie saak of dit tussen volwassenes met gelykwaardige instemming is en of dit gedwonge is nie. Dit maak nie saak of dit met geweld of sonder geweld gebeur nie. Dit maak nie saak of dit binne of buite 'n verhouding gebeur nie. Dit maak nie saak of dit kulties of teen betaling gebeur het nie. Die OT en NT is negatief oor selfdegeslag seksuele verhoudings.**

Die historiese navorsing wat gemik word daarop om aan te toon dat ons vandag oor iets anders praat as wat in die Bybel die geval was, en dat die Bybel eintlik uitbuiting verbied en nie uitlewing nie, is 'n teruglees in die Bybelse wêreld in waarmee die tekste baie keer gedwing word om iets anders te sê as wat dit inderdaad sê.

Dié navorsing is slegs 'n baie resente ontwikkeling, ingelei deur John Boswell en Robin Scroggs laat in die vorige eeu. Hulle navorsing word deur baie ander navorsers in twyfel getrek en selfs verwerp, waarvan William Loader 'n belangrike een is, veral omdat Loader wel positief is oor selfdegeslag seksualiteit, maar eksplisiet nie sy standpunt grond op kontensieuse historiese argumentasie in 'n Bybelse gewaad nie.

Homoseksualiteit en homoseksuele gedrag was immers wyd bekend in antieke tye en spesifiek in die Grieks-Romeinse wêreld, soos die toespraak van Aristopanus in Plato se *Symposium* bewys. Romeine 1 praat duidelik ook nie van uitbuiting nie, maar van uitlewing op 'n gelyke vlak, d.w.s. konsensueel, soos hieronder aangedui sal word.

## 5 Uitleg en interpretasie van die Bybeltekste oor selfdegeslag seksuele gedrag

### 5.1 Genesis 19 – Losbandige en gewelddadige ongasvryheid

Die eerste verwysing in die Bybel na selfdegeslag seksuele gedrag is in Genesis 19. Dit is egter duidelik uit die verhaal dat die toorn van God wat gelei het tot die verwoesting van Sodom nie direk verband hou met die pogings tot gemeenskap tussen mense van dieselfde geslag nie. Hy het immers sy besluit al vroeër bekend gemaak aan Abraham (Gen. 18).

Daarom hoef 'n mens nie vreeslik diep in die eksegeese in te gaan nie, omdat die feite hieroor redelik algemeen aanvaar word, soos ook 'n neerslag in die vorige verslae voor die sinode gevind het.

Dit is duidelik dat daar in die verhaal van Genesis 19 nie sprake is van homoseksualiteit as sodanig nie, maar eerder van 'n poging tot verkragting deur 'n manlike (waarskynlik oorwegend heteroseksuele) deel van die bevolking van die stad Sodom. 'n Mens moet egter ook erken dat die latere interpretasies van wat hier gebeur het, ook heel duidelik negatief is oor die selfdegeslag aard van die gepoogde gewelddadige verkragting, alhoewel dit nie in die eerste plek in die teks self staan nie.

Die feit dat 'n deel van die manlike bevolking van die stad seksuele omgang met die twee engele wat by Lot aan huis was, wou hê, kan egter nie beskou word as die een enkele gruweldaad wat aanleiding gegee het tot die Here se besluit om die stad te vernietig nie. Die teks laat ons nie toe om dít te sê nie.

Die rede vir die stad se verwoesting lê eerder in verskeie ander negatiewe beoordelings soos die res van die Bybel dit verwoord.

- **Jesaja** wys dit aan die stad se **sosiale onreg** (Jes. 1:10-17).
- **Esegiël** wys dit aan hulle **hoogmoed en sorgelose materialisme** waarin hulle geen deernis met armes gehad het nie (Eseg. 16:49-50).
- **Jesus** wys dit aan hulle **ongasvryheid** (Luk. 10:10-13).
- **Judas** wys dit aan hulle begeerte om **omgang te hê met hemelse wesens** (vers 6).
- **Petrus** verwys weer in die algemeen na die sonde van Sodom as: “**die losbandige lewenswyse van sedelose mense**” (2 Pet. 2:7).

Dit is daarom eers in die tydvak ná die OT in sekere Joodse en Christelike tradisie dat daar sprake is dat die lot van Sodom die gevolg is van die homoseksuele optrede van die bevolking. In die Joodse tradisie kom die gedagte die eerste keer by Philo en Josefus voor – rondom die tyd van Christus – en in die Christelike tradisie by die kerkvaders Klemens van Alexandrië, Johannes Chrysostomos en Augustinus.

Dit is egter betekenis wat ingelees word in die teks en daarom nie van toepassing op die Bybelse standpunt oor selfdegeslagverhoudings is nie, hoewel dit desnieteenstaande ook duidelik is dat in die tradisie dié verhaal die agtergrond vir die term *sodomie* gevorm het.

'n Mens sal ten minste darem kan sê dat hoewel 'n mens dus in Genesis 19, en in die Bybelse interpretasie van wat daar gebeur het, nie soseer 'n veroordeling van selfdegeslag seksuele gedrag kry nie, 'n mens beswaarlik uit die teks kan aflei dat die Bybel positief oor selfdegeslag seksuele daade is nie. Die teks laat ons ook nie toe om dit onbevange te sê nie.

## 5.2 Rigters 19 – Losbandige en gewelddadige verkragting

Bogenoemde standpunt oor Genesis 19 word bevestig deur die verwante verhaal in Rigters 19 waar 'n groep mans dit nie regkry om seksuele verkeer met 'n manlike Leviet te hê nie en dan sy gasheer se byvrou op so erge wyse verkrag dat sy daarvan beswyk. 'n Gruwelike verhaal!

Soos met Genesis 19 wys die verhaal ook eerder op die gruwelike skending van die oud-Oosterse gasvryheidsgebruike wat vereis het dat vreemdelinge met die uiterste gasvryheid ontvang moes word, iets wat ook weerklank in Jesus se beoordeling van Sodom, soos hierbo na verwys.

Dit is dus nie nodig om regtig veel meer hieroor te sê nie. Dit gaan hier nie soseer oor selfdegeslag seks in Rigters 19 nie, hoewel dit uiteraard ook nie positief daarvoor is nie. Soos met Genesis 19 kan vorige eksegetiese in die verslae voor die sinode geraadpleeg word vir Rigters 19.

## 5.3 Levitikus 18:22 en 20:13 – Ongeoorloofde selfdegeslag seksuele gedrag

Die uitsprake in Levitikus 18 en 20 is egter direk van toepassing op die onderwerp van selfdegeslagverhoudings.

Ek sal hierna ietsie meer sê oor die gebruik van die wet uit die OT. Wat vir die doel van ons hantering van die tekste in Levitikus belangrik is, is dat die hantering deur sommige van die wette teen homoseksuele gedrag in die OT as *seremonieel* en daarom vervul in Christus en nie meer *moreel* van krag nie, die steeds relevante inhoud en waarheid daarvan negeer, soos NGB 25 dit vir ons duidelik uitspel. Só skryf Paulus in die NT ook uit, bv. in Romeine. Dit is 'n aspek waaraan ons hopeloos te min aandag gee. Telkens as Paulus met 'n sogenaamde sondelysiewerk, lê hy die wet uit, die wet uit die OT!

Ons standpunt oor selfdegeslagverhoudings kan dus nie sonder 'n deeglike perspektief ook uit Levitikus gevorm word nie. Om dit te doen, plaas ek eers Levitikus in die konteks van die Pentateug.

### Levitikus binne die Pentateug

Waar Genesis gefokus het op *die begin van alles*, Eksodus op *die hoop van verlossing* verwoord Levitikus die **fokus op verhoudings**. Numeri sal verder gaan om die verhaal van *twee generasies* te vertel en Deuteronomium afsluit met *die impak van verlede, hede en toekoms* vir die Godsvolk. Dit is in 'n neutredop waarvoor die Pentateug handel.

**Levitikus** – die Griekse titel is afgelei van die woord *Leviet* – is 'n soort “godsdienstige handboek” vir die kultus en die persoonlike en sosiale lewe. Dit is opgebou uit twee hoofdele:

- 1) Die eerste deel is die *Levitiese Kode*, 'n reeks opdragte van God uit die tabernakel aan Moses (vgl. die Hebreeuse titel van die boek: “*En Hy het geroep*”), en later ook aan Aaron. Dit handel veral oor offers, die priesterlike orde en **rituele reinheid**, met die verhaal van die oordeel oor twee van Aaron se seuns wat die erns van reinheid illustreer, en uiteindelik uitmond en afsluit met riglyne vir die Groot Versoeningsdag (**hfst. 1-16**) in.
- 2) Die tweede deel is die *Heiligheid Kode*, wat fokus op die volk se verhouding met God en met mekaar. Dit handel veral oor **persoonlike en sosiale reinheid** wat onder andere uitbrei oor seksuele verhoudings gefundeer in hulle verhouding met God en sluit af met riglyne vir die priesters, feeste, die sabbatsjaar en hersteljaar, verbondseëninge en –vervloekinge en 'n bylae oor geloftes en tiendes (**hfst. 17-27**).

Hierdie fokus op reinheid en heiligheid het regdeur alles te make met **verhoudings**, die verhouding met God en die verhoudings met mekaar.



Israel word in die literêre konteks gereken as steeds by die berg Sinai, waar hulle ongeveer 'n jaar sou vertoef om te leer wat dit beteken om volk van God te wees. Hulle groot behoefte, as voormalige slawe, was immers om hierdie twee stelde verhoudinge reg te kry, met God en met mekaar.

In hulle verhouding met **God**, moes hulle in die eerste plek rekening hou met die feit dat Hy heilig is, en dat hulle sy natuur moes weerspieël. Daarom was daar klem gelê op vyf tipe offers (brand-, graan-, gemeenskaps- of maaltyds-, sonde- en skuldoffers – vir onbedoelde en bedoelde sondes), wat alles met hierdie verhouding te make het (hfst. 1-16).

In hulle verhouding met Hom, moet hulle in die tweede plek ook rekening hou met hoe hulle teenoor **mekaar** moes optree (hfst. 17-25). Dit het rituele reinheid sowel as persoonlike en sosiale reinheid ingesluit waarin die beskerming van die familie die oorheersende en bepalende rol gespeel het.

Dit is binne dié konteks wat die **riglyne oor seksuele verhoudings** in hfst. 18 en 20 gegee word.

Waar daar in hfst. 11-16 aan rituele reinheid aandag gegee word, word daar in hierdie twee hoofstukke op verskillende maniere gekyk na die tipe seksuele verhoudings wat hulle **persoonlike en sosiale reinheid** in die daaglikse lewe in die gevaar kan stel.

### **Levitikus 18:22**

Dit sluit in Levitikus 18 verskillende dinge in. 'n Mens sou dit in twee kategorieë kon opdeel. Aan die een kant gaan dit oor die verbod op bloedskande binne **familieverband** wat in groot detail uitgespel word (18:6-19). Aan die ander kant gaan dit oor verskillende ander ongeoorloofde verhoudings in die **gemeenskap** wat ontug, kinders gewy aan Molek, selfdegeslag seks en bestialiteit insluit (18:20-23).

Die teks lui in die OAV: **“<sup>22</sup>Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.”**

Die verwysing na Molek in vers 21 word waarskynlik hier tussen die ander seksuele misdrywe in die gemeenskap geplaas, omdat Molek en sy godin Astarte (1 Sam. 7:3-4; 12:10) met die **vrugbaarheidskultus** verbind is. Selfdegeslag seks sowel as bestialiteit was deel daarvan en kleur waarskynlik die interpretasie van watter tipe selfdegeslag seks en bestialiteit bedoel word.

Wat hierdie riglyne vir seksuele verhoudings in die gemeenskap dus sê, **is dat enige tipe seksualiteit wat mense van buite die familiekonteks betrek, ongeoorloof is**. Dit sluit mense van ander families in, “jou naaste se vrou”, sowel as gevalle waar kinders, dieselfde geslag of diere betrek word, veral waar dit op afgodediens dui. God se riglyne vir seksualiteit moet binne familieverband uitgelewe word. Enigiets buite dit is nie net ongeoorloof nie. Dit was eintlik per se afgodediens.

Die Israeliete mag dus nie dié tipe gebruike van die Egiptenaars en Kanaäniete navolg nie, maar moet gehoorsaam wees aan die Here. **Hulle moet die familieverbandings rein hou, en hulle moet die gemeenskapsverbandings rein hou**. Trouens geen seks buite die beskermende ruimte van die familie mag toegelaat word nie. Dit sluit afgodediens, selfdegeslag seks en bestialiteit in.

Anders sal hulle reinheid as Godsvolk in gedrang kom in hulle verhouding met God en sal die land hulle ook uitspoeg soos dit met die Kanaäniete gebeur het, sê die Here.

### **Levitikus 20:13**

Levitikus 19 brei verder uit oor die gevaar van afgodediens wat in die “hele gemeente Israel” kan posvat as hulle nie aan die wet van die Here hou nie, veral met die aanvang daarvan uitgespel aan die hand van die riglyne van die Dekaloog. Interessant genoeg word hulle eers daaraan herinner dat hulle eerbied vir hulle

ma's en pa's moet hê vóór die geboorte oor die sabbat en afgodsbeelde in spel gebring word (19:1-4). Daarna kom die riglyne vir offers, oeste, armes en vreemdelinge, ook weereens gekoppel aan die Dekaloog se riglyne oor diefstal en bedrog, aan die beurt. Ook die regspraak en sosiale verhoudings word aangespreek. Dit is dus duidelik dat familiewees en die huwelik baie hoog aangeskryf word.

Die voorskrifte oor seksuele verhoudings wat nou in hoofstuk 20 volg, word dus steeds gemaak vanuit die geweldige premie wat op families in die gemeenskap van Israel geplaas is.

Dit is belangrik vir ons interpretasie oor die konteks van selfdegeslag seksuele verhoudings om raak te sien dat die verbod op die wyding van kinders aan Molek in hoofstuk 20 apart gelys word van die seksuele oortredings. Dit is dus nie eers noodwendig seksueel van aard nie, hoewel dit seker ook nie uitgesluit kan word nie.

Dit beteken egter dat die verskillende seksuele oortredings in hoofstuk 20 nie soseer in 'n kultiese konteks geplaas word nie, maar doodgewoon as deel van die gewone volks- en familielewe gelys word, d.w.s. nie-kulties.

Levitikus 20:10-21 spel dan die riglyne uit ten opsigte van seksuele verhoudings. Daar word begin met egbreuk binne die gemeenskap, "met die vrou van 'n medeburger" (20:10), en vervolgens gekonsentreer op verskillende bloedskandelike verhoudings (20:11-12) waarna die verbod op selfdegeslag seksuele verhoudings gemeld word (20:13).

**"<sup>13</sup>En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen."**

Dit word op sy beurt opgevolg deur nóg 'n bloedskandelike verbod (20:14) waarna bestialiteit verbied word (20:15-16). Weereens word teruggekeer na bloedskandelike verhoudings (20:17) en seks tydens menstruasie (20:18), voordat nóg bloedskandelike verhoudings genoem word (20:19-21).

Regdeur is die fokus dus op die feit dat die grense binne familieverband nie oortree mag word nie, in die breë hier as bloedskande beskryf. Dit is ook belangrik om raak te sien dat die ander seksuele verhoudings – soos selfdegeslag seksuele dae en bestialiteit – hier in die konteks van familieverbande op die tafel geplaas word. Die selfdegeslag seksualiteit wat hier beskryf word, is dus nie kulties van aard nie.

Weereens word dié tipe seksuele verhoudings as 'n gruwel in die oë van die Here uitgespel, omdat hulle nie met die regte onderskeiding optree van wat hulle in die oë van die Here onrein maak nie: "Julle moet heilig lewe, want Ek die Here is heilig." (20:26).

Só het die Joodse **Pseudo-Phocylides** in verwysing na dié gedeelte geskryf: 'Go not beyond natural sexual unions for illicit passion; unions between males are not pleasing even to beasts. And let women not mimic the sexual role of men at all'. Ook **Philo** eggo dit, soos ek vroeër aangehaal het, sowel as **Josephus**: "the law recognizes only sex between a man and his wife for procreation as legitimate."

### **Gemik op kultiese en algemene selfdegeslag seksuele verhoudings**

**Dit is dus duidelik dat die verbod op selfdegeslag seksuele verhoudings – soos die geval is met bestialiteit – aan die een kant in Lev. 18:22 waarskynlik in 'n kultiese konteks verstaan kan word. Dit is egter aan die ander kant duidelik dat selfdegeslag seksuele verhoudings in Lev. 20:13 waarskynlik in 'n meer algemene familie konteks verstaan moet word, as iets wat soms in families en in die gemeenskap voorgekom het.**

Daar is geen sprake van enigiets in die konteks wat op kultiese prostitusie sou dui nie. Selfs die gebruik van die Hebreeuse woord *Tô'abâ* (gruwel of taboe) daarmee saam is nie genoegsame aanduiding dat dit om 'n kultiese onreinheid gaan nie.

Sommige beweer ten onregte dat die woord altyd gebruik word om kultiese oortredinge uit te wys in Levitikus. Dit is egter duidelik uit 'n leksikografiese ontleding van die woord dat dit in Levitikus ook gebruik word as 'n algemene aanduiding van 'n oortreding van enige van God se voorskrifte en bepalings, nie net vir kultiese oortredings nie. Kyk bv. na die gebruik van die woord in Lev. 18:26 wat spesifiek terugverwys na die hele lysie van "eties-morele oortredings" sowel as "kultiese oortredings" in die voorafgaande verse. Dit sluit die gevalle in van bloedskande, en dinge wat nie kulties van aard is nie (vgl. ook Lev. 18:27,29). Die woord word ook op baie ander plekke in die OT eties-moreel gebruik (vgl. Deut. 25:16; Jer. 6:15; Eseg. 22:11 en 33:16 wat spesifiek na ongeoorloofde seksuele verhoudings verwys; Spr. 8:7; 16:12; 26:25).

### **Gerig aan mans in die algemeen**

Daarby is dit ook duidelik dat die term *zākār* (man) in Lev 18:22 en 20:13 bloot 'n aanduiding van 'n persoon uit die manlike geslag is. Dit gaan dus nie oor 'n getroude man wat nie met 'n ander getroude man 'n seksuele verhouding mag aanknoop nie. Dit gaan oor mans in die algemeen. Vroue word nie hierby betrek nie, wel by bestialiteit.

Die betrokke riglyne van Levitikus is dus nie slegs teen pederastie gemik nie, maar teen homoseksuele verkeer as sodanig, hetsy kulties of andersins.

### **Nie net van toepassing op pederastie nie**

Dit is verder duidelik dat beide persone in Levitikus 20 aangespreek word, wat beteken dat dié seks konsensueel en ongedwonge beskryf word, en nie op pederastie hoef te dui nie, hoewel dit sekerlik nie iets soos pederastie hoef uit te sluit nie, soos Philo tereg in sy interpretasie van die gedeelte wys nie. Maar, die konsensuele aard van die beskrywing moet 'n mens versigtig maak om te gou en veral te eng net met 'n pederastie interpretasie te werk (soos 'n mens teen die uitleg van Robin Scrogg beswaar sou kon maak).

### **Nie net van toepassing op insidentele gevalle nie**

Sommige geleerdes wil in aansluiting hierby iets maak van die feit dat dit voorkom asof Levitikus 18 en 20 in hierdie verband van **insidentele gevalle** praat, nie van seks binne standvastige verhoudinge nie. 'n Mens sou dus die vraag kon vra of 'n mens die tekste kan gebruik in die etiese beoordeling van 'n permanente seksuele verhouding van liefde en trou tussen twee persone van dieselfde geslag.

Ek wil dit egter sterk betwyfel of 'n standvastige selfdegeslag verhouding – wat gekenmerk word deur die insidentele dade wat in Lev. 18 en 20 verbied word – binne die groter prentjie van die huwelik- en familiebeskouing aanvaarbaar in Joodse geledere sou wees.

Ek sê dit ook omdat in die Ou Nabye Ooste seksuele verhoudings tussen mans nie heeltemal onbekend was nie. In die Gilgameš-epos word die verhouding tussen Gilgameš en Enkidu as baie intiem beskryf en suggereer die teks verskeie erotiese assosiasies. En dan praat 'n mens nie eers van die latere situasie in die Grieks-Romeinse wêreld nie.

### **Oor die doodstraf**

Waar ons perspektief oor die OT hantering van selfdegeslagverhoudings uiteraard in die eerste plek probeer het om dit in eie konteks te beoordeel, wil ek tog graag iets sê oor die beswaar wat baie keer téén die

gebruik van die OT ingebring word. Omdat die doodstraf nie meer toegepas word nie, is die argument, geen wet in die OT wat aan 'n doodstraf gekoppel word, kan meer van betekenis wees nie.

Dit is natuurlik van alle waarheid ontbloot. Waar Jesus gekonfronteer word met 'n vrou wat in owerspel betrap is, bevestig hy die feit dat dit sonde is deur die vrou opdrag te gee om nie meer te sondig nie, terwyl hy die toepassing van die doodstraf afwys (Joh. 8). Dieselfde geld sy hantering van Saggeus en Matteus – die twee tollenaars wat hy intrek in sy genade – en vele ander wette, soos die wette rondom die sabbat.

Ek het vroeër iets gesê oor die feit dat 'n mens in sommige mense se hantering hiervan 'n strooiop benadering raaksien, want daar is niemand wat só letterlik omgaan met die Skrif en Levitikus 18 en 20 só uitlê dat homoseksuele persone doodgemaak moet word nie. Dit is in elk geval verder só dat die doodstraf NIE aan die wette in Levitikus 18 gekoppel word NIE, waar die meer kultiese interpretasie van selfdegeslag seksuele gedrag ter sprake is, maar net aan die wette in Levitikus 20, waar die meer gemeenskap interpretasie van selfdegeslag seksuele gedrag ter sprake is. Dit wil sê, as ek dié onderskeid in 'n argument sou gebruik, sal die doodstraf gekoppel wees aan nie-kultiese oortredinge, maar nie aan kultiese oortredinge nie. 'n Drogredenasië!

Ons moet dus eerder vryuit ons eie manier van interpretasie op die tafel sit sodat dit as sodanig beoordeel kan word, en nie die wet of sekere mense se interpretasie van die wet radikaliseer nie.

### Oor materiale

Dieselfde geld die afskiet van die Levitiese riglyne oor seksuele verhoudings deur te verwys na ander wette oor die plant van sade en die meng van verskillende materiale wat ons vandag nie meer toepas nie. Dit is 'n oningeligte benadering wat nie veel kommentaar benodig nie, behalwe om te sê dat dit onkundig is. Vgl. as illustrasie net die verbod op die meng van verskillende materiale in Lev. 19:19 met Eks. 26:1 waar linne en wol *wel* saam gebruik is in die samestelling van die tabernakel.

Die simboliek is dat dinge wat in die heiligdom geld, nie net so in die publieke terrein gebruik moet word nie. Dit is bedoel om afgesonder te word slegs vir liturgiese en godsdienstige gebruik. Levitikus se verbod op kledingstukke van verskillende materiaal is dus nie 'n absolute verbod nie.

#### 5.3.1 Ekskursie oor die betekenis van die wet

Ek dink ons het 'n verdraaide idee van die wet van die OT en dink dat dit totaal opgehef is in al sy gestaltes en betekenis, omdat dit in Jesus vervul is. Asof die wet teenoor die liefde staan. Vreemd dat gereformeerdes só kan dink!

- Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 25 sê immers dat die wet na sy seremoniële kant opgehef is, maar dat die inhoud en waarheid daarvan van krag bly.
- Die Heidelbergse Kategismus spandeer 'n hele afdeling aan die wyse waarop 'n lewe van dankbaarheid rondom die wet en gebed sentreer. Die wet bly dus van krag. Dit is nie in stryd met die liefde nie.

Die hantering van die wette teen homoseksuele gedrag in die OT as seremonieel en daarom vervul in Christus en nie meer moreel van krag nie, negeer die steeds relevante inhoud en waarheid daarvan, soos NGB 25 dit uitspel.

Jesus het tereg gesê dat ons nie meer gebind is aan die seremoniële kant van die wet nie (Mark. 7). Maar dit is ook Hy wat die wet radikaliseer in wat Hy sê rondom egbreuk en die huwelik en die wet in dié verband enger en meer rigied interpreteer as selfs wat die OT daarmee doen (vgl. Matt. 19 – Jesus wys poligamie af wat in die OT heel aanvaarbaar was).

En onthou, dit is steeds die wet – soos onder andere in die OT beliggaam – wat op ons harte geskryf word (Hebr. 8). Die internalisering van die wet is 'n geweldige plus, maar dit bly in inhoud steeds in 'n sekere mate kontinu met die eksterne gestalte daarvan, in terme van die inhoud en waarheid daarvan.

Só skryf Paulus ook, en dít is 'n aspek waaraan ons hopeloos te min aandag gee, ook en veral in Romeine. Telkens as hy met 'n sogenaamde sondelysiewerk, lê hy die wet uit, die wet uit die OT!

Die volle OT wet bly volgens Paulus geldig vir almal wat nie die Here dien nie. Dit is glashelder in 1 Tim. 1 wat ook betrekking het op die onderwerp van selfdegeslagverhoudings. Paulus lê hier die wet van die OT uit as iets wat steeds van toepassing is op mense wat dinge dien wat die wet verbied. En hy noem hier dinge wat opeenvolgend uit die dekalog kom. Die wet se verbod op egbreuk is dus doelbewus die agtergrond vir die drie woorde wat in sy eerste hoofstuk met onsedelike en homoseksuele gedrag verbind word.

“Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoeders, leuenaars, dié wat meened pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlijkheid van die goeie God.” (1 Tim. 1:8-11).

Die NT het nie die hele Joodse wet opgehef nie, wel die harde strafreëls van die wet soos Jesus illustreer met die weiering dat 'n owerspelige vrou gestenig word (Joh. 8) en die aanvaarding van die vrou wat aan bloedvloeiing gelyk het (Mrk. 5). Trouens, rondom die huwelik en seksualiteit, het Jesus in werklikheid die wet strenger toegepas. Vergelyk net as verdere voorbeeld sy lering oor kuisheid en egbreuk (Matt 5:27-32).

In dié verband skryf Graeme Codrington – wat by Future Church Now besig is om uitvoerig hierop te reageer en deur baie gelees word – in sy beoordeling van die OT wet dat dit van nul en gener waarde in die NT is. “We definitely have laws. But not Old Testament ones.” Hy haal 'n hele paar tekste aan wat sy siening staaf, maar laat egter ongelukkig 'n hele spul ander weg wat die teendeel doen (vgl. by <http://www.futurechurchnow.com/2015/08/16/the-bible-and-same-sex-relationships-part-5-consistency-punishments-and-the-new-covenant/>).

Romeine 8 sê bv.: “<sup>4</sup>Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.” Die lewe deur die Gees is die vervulling van watter wet, die OT wet.

Paulus is baie duidelik daarvoor dat die geloof nie die wet ophef nie: <sup>31</sup>Hef ons dan deur die geloof die wet op? Beslis nie. Ons laat die wet juis tot sy reg kom.” (Rom. 3).

Die wet is wel vervul in Jesus, maar Jesus sê self in die Bergrede, Matt. 5: “<sup>17</sup>“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.”

Trouens: “<sup>18</sup>Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.” (Matt. 5).

En: “<sup>19</sup>“Wie dan ook een van die geringste van hierdie geboie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. <sup>20</sup>Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as

dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.” (Matt. 5).

Die punt is net dat die wet nie die weg na saligheid kan wees nie, want ons kan dit nie volledig en volkome nakom nie. Daarom word ons net op grond van geloof in Christus en deur sy verkiesing en die van-bo-af geboorte salig. Maar die wet bly geldig.

Hoeveel keer gebruik Paulus nie in sy sondelysies in die NT die wet as agtergrond daarvoor nie! Paulus kom bv. die wet self na tot aan die einde van sy lewe, hoewel hy nie vir sy saligheid daarop staat gemaak het nie, soos dit inderdaad van Jesus die geval was. Jesus se finale woorde: “Dit is volbring,” (Joh. 19:30) slaan onder andere op sy nakoming van die wet deur sy gehoorsaamheid.

Daarom sê Paulus vir goewerneur Feliks in Hand. 24: <sup>14</sup>“Dit erken ek wel voor u: Ek dien die God van my voorvaders volgens die leer van Christus wat hulle ’n dwaalrigting noem. Ek glo nog steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan.”

En verdedig hy homself teenoor Festus in Hand. 25: <sup>8</sup>“Ek het niks verkeerds teen die Joodse wet of die tempel of die keiser gedoen nie.”

En gebruik hy die wet as evangelisasiemiddel teenoor die Jode terwyl hy in huisarres is in Rome (Hand. 28): <sup>23</sup>“Hulle het toe ’n datum met hom aangespreek, en op daardie dag het daar nog meer mense na die plek toe gekom waar hy gebly het. Van vroeg die môre tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus.”

Die wet word immers op ons harte geskryf! Watter wet is dit? Is dit verskillend van die wet van God soos aan Moses oorgegee? Nee, Jeremia is tog duidelik daaroor, soos hy in die NT in Hebreërs 8 aangehaal word (31:31-34).

Graeme gee darem in sy verdere skrywes ’n plek aan die wet, maar beperk dit tot ’n simboliese rol. Dit het geen morele gesag nie en wys net iets van God se karakter, die aard van die sonde en is ’n simboliese heenwysing na Christus: “I showed that Christians should not look to the Old Testament Law to make moral judgements today. That does not mean the Old Testament Law should be ignored. Jesus and the Apostles relied on it to **show the character of God, the nature of sin and as a symbol that pointed to Christ**. So, although it is not binding on us today, we should nevertheless still study and understand it.”

Graeme gee dus geen rol aan die wet as tugmeester (Gal. 5:24) en as die inspirasie van die riglyne van die NT, veral in die Dekaloog gestalte daarvan nie, soos in 1 Tim. 1 en vele ander plekke in die NT die geval is. Ja, die wet hou op om die tugmeester te wees as ons in Christus is, maar dit is dieselfde wet, ingesluit Levitikus, wat ons na Hom toe dryf. En die wet bly deel van die reël van dankbaarheid.

Dieselfde woorde aan die vrou wat in owerspel gevang is, en vir die man wat dit saam met haar gepleeg het, is op enige oortreding van die wet van toepassing, ná ons die nie-veroordelende genade van God ontvang het: “Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.” (Joh. 8:11).

Ek het dit meer uitvoerig hanteer, omdat die regte verstaan van die wet op baie ander teologiese sake ’n impak het.

#### 5.4 Deuteronomium 23:17-18 – Kultiese- en sekulêre prostitusie

Deuteronomium 23 het ’n verbod op iets wat waarskynlik in vers 17 op kultiese prostitusie dui en in vers 18 op gewone nie-kultiese prostitusie. Dit is egter onseker of dit ook op selfdegeslag seksuele gedrag sou kon

dui. Hoewel 'n mens dit seker nie *per se* kan uitsluit nie, behoort dit nie regtig ons wesenlike standpunt te beïnvloed nie.

Ter wille van volledigheid: die vertaling lui as volg in die OAV:

<sup>17</sup>“Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie.

<sup>18</sup>Jy mag geen hoereloon of hondeprys in die huis van die Here jou God as enige gelofte-offer bring nie; want dié altwee is vir die Here jou God 'n gruwel.”

Die NET Bible vertaal dit as volg (met verduidelikings in die voetnote hieronder): <sup>23:17</sup> There must never be a sacred prostitute<sup>25</sup> among the young women<sup>26</sup> of Israel nor a sacred male prostitute<sup>27</sup> among the young men<sup>28</sup> of Israel. <sup>23:18</sup> You must never bring the pay of a female prostitute<sup>29</sup> or the wage of a male prostitute<sup>30</sup> into the temple of the Lord your God in fulfillment of any vow, for both of these are abhorrent to the Lord your God.”

## 5.5 Markus 10:1-12; Matteus 19:1-9 – Lojale dissipels is lojale lewensmaats

Dit is welbekend dat Jesus nie Homself uitlaat oor selfdegeslagverhoudings nie. Dit is egter wel duidelik dat alles wat Hy oor seksualiteit gesê het binne 'n heteroseksuele huweliksverband bedoel is. Daarby is dit duidelik dat die tipe lojaliteit wat daar binne huweliksverband gehandhaaf moet word, vergelyk word met dieselfde tipe lojaliteit wat sy dissipels aan Hom verskuldig is.

### Markus 10:1-12

Jesus is in Markus 10 besig met sy lering oor die gevaar van afvalligheid: “Elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word”, wat vertaal word met “Almal sal met die vuur van beproewing gelouter word.”

---

<sup>25</sup> **tn** The Hebrew term translated “sacred prostitute” here (קִדְשָׁה [qédeshah], from קֹדֶשׁ [qadesh, “holy”]; cf. NIV “shrine prostitute”; NASB “cult prostitute”; NRSV, TEV, NLT “temple prostitute”) refers to the pagan fertility cults that employed female and male prostitutes in various rituals designed to evoke agricultural and even human fecundity (cf. Gen 38:21–22; 1 Kgs 14:24; 15:12; 22:47; 2 Kgs 23:7; Hos 4:14). The Hebrew term for a regular, noncultic (i.e., “secular”) female prostitute is זֹנָה (zonah).

<sup>26</sup> **tn** Heb “daughters.”

<sup>27</sup> **tn** The male cultic prostitute was called קֹדֶשׁ (qadesh; see note on the phrase “sacred prostitute” earlier in this verse). The colloquial Hebrew term for a “secular” male prostitute (i.e., a sodomite) is the disparaging epithet כֶּלֶב (kelev, “dog”) which occurs in the following verse (cf. KJV, ASV, NAB, NASB).

<sup>28</sup> **tn** Heb “sons.”

<sup>29</sup> **tn** Here the Hebrew term זֹנָה (zonah) refers to a noncultic (i.e., “secular”) female prostitute; see note on the phrase “sacred prostitute” in v. 17.

<sup>30</sup> **tn** Heb “of a dog.” This is the common Hebrew term for a noncultic (i.e., “secular”) male prostitute. See note on the phrase “sacred male prostitute” in v. 17.

Die Jode sou weet dat dit die gebruik was om alle offers te sout (Lev 2:13; Eseg 43:24). Hier word die offeraar egter ook met vuur gesout. Jesus gebruik dus die beeld om na die lyding en loutering van die dissipels te verwys (1 Pet 1:7; 4:12 – vgl ook Matt 3:11) as hulle regtig getrou aan Hom wil bly.

Maar tog moet die dissipels ook sout wees. En soos die sout van die Dooie See soms sy soutgehalte verloor het, moes hulle waak daarteen om nie bv. deur te wonder wie nou die belangrikste sal wees nie, in onvrede met mekaar te lewe nie en hulle effektiwiteit te verloor nie. Jesus roep sy mense daarmee op om soos sout te wees, lewe te gee in die wêreld, en met mekaar in vrede te lewe.

Dit is in dié konteks wat Jesus hulle leer oor 'n verdere gevaar, die gevaar van egskeiding, waar hulle lojaliteit aan mekaar in gedrang kan kom. Jesus verwys eers na hulle brondokument, Moses se wet in Deut. 24, en verklaar Moses se toegewing rondom 'n egskeidingsbrief as iets wat God toegelaat het weens die hardheid van hulle harte. Eintlik het Moses se reëling die vrou beskerm sodat daar nie vanweë allerlei onbelangrike sake tot egskeiding oorgegaan kon word nie.

Dan vestig Jesus hulle aandag op die skeppingsverhaal waarin dit duidelik is dat die reël vir almal geld dat wie God saamgevoeg het, nie deur 'n mens geskei mag word nie met verwysing na Gen. 1:27 en 2:24. Jesus verklaar die kwessie oor egskeiding hiermee as 'n geestelike saak, en nie net 'n wetlike soos die Jode daarmee gehandel het nie. Waar die soeklig in sy vorige uitspraak oor lyding geval het op getrouheid in die vuur van beproewing, val die soeklig hier op lojaliteit in die smeltkroes van die huwelik. Vrouens mag nie soos 'n besitting gereken word, wat jy met 'n transaksie in of uit jou lewe gereël het nie, maar as 'n lewensmaat.

In opvolg hiervan is daar dan weereens 'n private gesprek van die dissipels met Jesus in die huis waarin hy nie net egbreuk deur mans afkeur nie, maar ook egbreuk wat deur vrouens gepleeg word. Dit was immers in Joodse geledere die geval dat normaalweg net die mans van hulle vrouens kon skei en nie baie min andersom, hoewel die Grieke en Romeine ander reëlins gehad het. Maar, omdat dit bekend was dat Herodias, anders as die Joodse gebruik, van haar man geskei het, sluit Jesus vroue ook nou in sy egskeidingsreëling in.

Hierdie kompromielose siening van Jesus moet gesien word in die lig van:

- die skeppingswil van God wat mense gemaak het om lewensmaats vir mekaar te wees, en
- die hoë standaard wat Hy van sy dissipels verwag, om net so lojaal aan mekaar te wees in die huwelik as wat hulle aan God self is.

Daarin hoor mens alreeds die opsomming van die wet weerklink, om God en jou naaste soos jouself lief te hê, dws ook jou maat.

Met hierdie uitspraak wys Jesus egter ook dat hy die huwelik as 'n heteroseksuele gestalte van die verhouding tussen mense sien.

### **Matteus 19:1-9 (vgl. ook Matt. 5:31-32; Luk. 16:18)**

Matteus begin met hierdie hoofstuk 'n nuwe hoofdeel in sy evangelie wat handel oor die **impak op die Joodse volk van die koninkryk wat in Jesus aangebreek het**, in Judea (hfst. 19-20) sowel as uiteindelik in Jerusalem (hfst. 21-25). Matteus vertel daarom *verhale* van Jesus se interaksie met die Joodse leiers asook die dissipels wat die **waardes** van die koninkryk uit spel in terme van vyf aspekte: die huwelik en egskeiding (19:1-12), die status van kinders (19:13-15) die rol van rykdom in die lewe van dissipels (19:16-30), die dienende karakter van leierskap (20:20-28) en die Groot Gebod (22:34-40).



In die uitspel van die koninkrykswaardes vir die huwelik, sluit Matteus by Markus 10 se uitsprake aan, maar spel wel 'n ekstra gevolg van egskeiding uit. Iemand wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg ook egskeiding. Matteus bly dus by Markus se primêre lojaliteitsmotivering, maar brei dit uit deur te sê dat ook die vrou met wie 'n man sou skei – behalwe waar sy owerspel gepleeg het – deur die man se aksies as egskeider gerekend sal word.

Uiteraard is die konteks steeds die heteroseksuele aard van die huweliksverhouding.

Wat in Matteus 19 egter bykom is die verduideliking van 'n lewe van selibaat wat ook 'n legitieme uitlewing van seksualiteit vir Jesus was. Dit is in antwoord op die dissipels wat teruggedeins het vir die radikale karakter van hierdie tipe huwelikstrou, en hulle laat wonder het of 'n mens dan enigsins moet trou. Die risiko van 'n ongelukkige huwelik kan uiteindelik net te groot wees. Dan liever glad nie trou nie.

Let op dat Jesus hulle nie direk antwoord op hulle beoordeling van die huweliksituasie nie, maar tog verder praat oor drie tipes *eunugs*, waarvan die eerste twee 'n selibate lewe weens fisiese oorsake inhou, en die laaste 'n geestelike keuse vir selibaat – d.w.s. om nie te trou nie en hulle lewe te wy aan die koninkryk en die koms daarvan.

Daarmee help Jesus die dissipels om die radikaliteit van God se eis tot dissipelskap te verstaan. Die eise van dissipelskap kan jou lei tot 'n lewe waarin jy slegs aan die koninkryk getrou wil bly en daarom nie kan of wil trou nie. Indien 'n mens egter wel trou, sê Jesus, moet jy getrou bly aan jou lewensmaat.

Terloops, dit is duidelik dat dié manier van dink die agtergrond gevorm het van Paulus se motivering vir gelowiges om in sekere gevalle nie te trou nie en waaruit sy raad gespruit het aan ander om dieselfde te doen as hy (1 Kor. 7).

Regdeur is die onderliggende aanname egter dat daar van heteroseksualiteit gepraat word en nie van selfdegeslagverhoudings nie.

## 5.6 Romeine 1:18-32 – Oorgegee aan onreinheid, skandelike drifte, en onbetaamlikheid

### Die Grieks-Romeinse konteks waarbinne Paulus dié brief skryf

Paulus skryf hierdie brief waarskynlik van **Korinte** af naby die einde van sy derde sendingreis, ongeveer in die jaar 57 v.C. Dit is tydens die 3 maande tydperk wat hy in Griekeland deurgebring het (Hand. 20:2-3). Dit is duidelik dat die stryd rondom die **inskakeling van Christene uit die heidense nasies** nog hewig woed, hoewel hulle in die meerderheid was in die Romeinse huisgemeentes (vgl 16:5,14,15).

Die vraag is steeds krities: moet gelowiges uit die heidennasies die **wet** nakom of nie? Daarom verset Paulus hom steeds teen die klem wat sekere Joodse gelowiges plaas op die *besnydenis* (2:25-3:1; 4:9-12 – vgl Gal 5:2-12) en die *voedsel wette* (Rom 14:1-23) – uiteraard, uit hulle perspektief, as 'n manier om hulle Joodse identiteit in die vreemde te bewaar, maar waarmee, uit Paulus se perspektief, hulle Christelike identiteit in gedrang kom. Dit sluit natuurlik ook die onderhouding van die *Sabbat* in, hoewel Paulus dit nie hier eksplisiet noem nie (vgl egter Kol 2:16).

Daarom skryf Paulus hierdie brief om **die eenheid van alle gelowiges** te beklemtoon, gebaseer op die krag van God, deur die geloof in Jesus Christus en die lewe deur die Gees. God spreek mense vry: “enkel en alleen omdat hulle glo” (Rom. 1:17) en nie omdat hulle die wet nakom nie – 'n boodskap wat regdeur die eeue gelowiges aangegryp het: die wonder van God se genade aan sondaars.

Maar dié gemeente is in Rome en die impak van die wêreld waarin hulle gelowiges moes wees, was steeds enorm. Keiser Nero was toe al 3 jaar aan die bewind in Rome en sou tot in 68 n.C aan bewind bly. Dit was

bekend dat Nero twee keer getroud was met mans in sy termyn, wat beteken dat dit nie net deel was van die manier van doen in die Romeinse samelewing nie, maar iets wat op die hoogste vlak gebeur het. Trouens, dit was nog meer bekend in die Griekse samelewing van dié tyd. Paulus sou dus met oogklappe moes gelewe het om nie daarvan te geweet het nie.

Paulus was waarskynlik ook bekend met die idees van die Griekse filosowe, soos duidelik uit sy taalgebruik en aanhalings blyk. Hy sou waarskynlik geweet het van Plato wat in sy Symposium die kulturele houdings van sy tyd teenoor homoseksualiteit vertolk in die woorde van Phaedrus dat elke soldaat in die weermag eintlik selfdegeslag minnaars vir mekaar *moes* wees.

Hy sou ook waarskynlik geweet het dat dit nie noodwendig Plato se absolute houding daaroor was nie, want op ander plekke skryf hy negatief daaroor, soos ook Aristoteles en Aristophanes, wat veral oor die passiewe partner in homoseksuele gedrag negatief is. Maar dit is hoe Plato die houding van 'n deel van die Ateense samelewing opsom en hy reageer nie negatief daarop nie.

Onthou ook dat Korinte in Griekeland is, die plek vanwaar Paulus skryf. Alles om maar net te sê, Paulus was goed bekend met die konteks van sy tyd. Daarom haal hy hulle digters aan (o.a Aratus, Epimenides, en Kleantes in Hand. 17), en praat hy met die Epikureërs en Stoïsyne.

Scot McNight som die Romeins-Griekse etos rondom seksualiteit as volg op:

“Studies of the sexual lives of Roman (or Greek) men reveal a typical pattern: **males had ‘procreational’ sex with their wives, with whom they shared a home, children, and a family life, and had ‘recreational’ sex with others.** This was normal sexuality for a Roman male, and to a lesser degree for Roman females. Yes, that’s right. This was the norm. Those recreational others included young boys (pederasty), prostitutes (the percentage of prostitutes in Roman cities staggers the mind), and slaves.” (A Fellowship of Differents).

### **Die Joodse konteks waarbinne Paulus dié brief skrywe**

Dit is natuurlik ook nog net een deel van die konteks. Want, maak geen fout nie, **Paulus het ook die OT en die Joodse konteks geken**, hy was 'n Jood sonder weerga. En dié wêreld is deur die wet van Moses in elke faset daarvan gestruktureer en bepaal: dieet, feeste, offers, seksualiteit, familie ensomeer. Dié wette is uitgebrei op 'n verskeidenheid maniere deur die rabbis en Fariseërs en histories verklaar deur die Talmoed en die Mishna tot in die fynste voorskriftelike detail.

'n Mens kan 'n sterk saak uitmaak daarvoor dat sy “sondelysies” in die briewe aan Korinte en Timoteus 'n uitleg van die wet is, in die vorm van die Tien Gebooie. Ook waar hy oor homoseksuele gedrag in dié lysies praat, is dit waarskynlik meer spesifiek gegrond op Levitikus 18 en 20 se verbod op seksuele gemeenskap tussen mans. Daaroor egter later in die briewe aan Korinte en Timoteus.

'n Mens kan dus nie vir jou twee meer verskillende wêrelde voorstel as die Romeins-Griekse en die Joodse een nie. Waar die een wêreld onbeperkte seksualiteit beoefen het, was die ander gekenmerk deur baie eng seksuele beperkings.

Daarom dat Paulus soveel moeite doen om die evangelie van Jesus Christus as in wese **kontra-kultureel** vir gelowiges uit die Romeins-Griekse wêreld te beskryf. Die gelowiges wat uit dié agtergrond kom, moes op 'n ander manier leer lewe. Hy wou nie hê dat hulle die seremoniële dele van die wet rondom dinge soos dieet, besnydenis en die sabbat nakom nie. Maar hulle lewens moes 'n onberispelike sedelike peil illustreer uitgedruk in die liefdesgebod (Rom. 13).

Soos Paulus in hfst. 13 skryf: <sup>12</sup>“Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. <sup>13</sup>**Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die**

**daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.** <sup>14</sup>Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.”

Die gevolge van ‘n lewe in ontug en onsedelikheid is te verskriklik om nie gelowiges ernstig daarvoor te waarsku nie. Soos hy later aan die Efesiërs sou skryf (hfst. 5): <sup>3</sup>“Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. <sup>4</sup>Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. <sup>5</sup>**Dit moet julle goed beseft: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of ‘n gierigaard is—want gierigheid is afgodery—het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.**” Jy kan die koninkryk mis!

## **Vertrekpunte in die lees van Romeine 1**

### **1. Dit is belangrik om Romeine 1 in die lig van die res van die brief te lees.**

Rom. 1-3 se hantering van onreinheid, losbandigheid, ontering van liggame, teen-natuurlike selfde geslag omgang, en onbetaamlike gedrag kan nie in isolasie van die res van die brief geles word nie.

- Dit moet ook geles word in die lig van wat Paulus in Rom. 6:19 sê: *“soos julle julle ledemate (melê) in diens van onsedelikheid en losbandigheid gestel het om losbandig te lewe, so moet julle nou julle ledemate in diens stel van geregtigheid om heilig te lewe.”*
- Dit moet ook geles word in die lig van Rom. 12:1 se opdrag om ons: *“liggame (sômata) as ‘n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aan te bied.”*
- Dieselfde geld Rom. 13:14 se waarskuwing dat ons nie voorsiening moet maak vir ons *“sondige natuur (sarkos) om sy drange te bevredig nie”*. Dit vorm deel van die argument wat Paulus in Rom. 1-3 op die tafel sit rondom die probleem van die sonde.

### **2. Dit is belangrik om die inhoud van Romeine 1 as Paulus se eie gedagtes te verstaan.**

Daar is sommige geleerdes wat reken dat Rom. 1:18-32 ‘n *“interpolation”* is wat nie Paulus se gedagtes bevat nie weens die verskille in taal, konteks en teologiese inhoud met sy ander briewe (J. C. O’Neill, *Paul’s Letter to the Romans*, en W.O. Walker, *“Romans 1.18-2.29: A Non-Pauline Interpolation?”*, NTS 44). Sulke argumente is egter moeilik volhoubaar omdat taal altyd verbind is aan die onderwerp waarvoor jy skryf, en dit heel logies is dat Paulus se taal hier gekleur word deur die onderwerp waarvoor hy skryf. Hy skryf immers nêrens anders hieroor nie. ‘n Mens kan ook sonder moeite sy teologiese gedagtes kan verbind met nie net die OT tekste oor selfdegeslagverhoudings nie, maar ook die Joodse geskrifte hieroor, bv. Philo en Josephus, soos hierbo al aangedui.

Daar is nóg geleerdes wat op ander gronde Rom. 1:18-32 as ‘n *“interpolation”* beskou, onder andere Calvin Porter (*Romans 1.18-32: Its Role in the Developing Argument*). Hy argumenteer dat hierdie gedeelte sentimente bevat wat met ‘n Joodse diskoers teen die Grieke verbind kan word, en dat Paulus juis hulle gedagtes wil besweer omdat dit ‘n hindernis is in die evangelieverkondiging aan die heidene. Hy gebruik dus ‘n Joodse polemieek wat gereeld teen die heidene gebruik is, om te wys dat dit teenproduktief is. Rom. 2:1 se uitroep: *“O, mens,”* is dan ‘n teregwysing dat ‘n mens nie só kan dink nie.

Dit is egter ‘n onhoudbare siening, nie net omdat só ‘n siening nie enige tekstuele bron kan aantoon wat Paulus se aanhaling kan verklaar nie, maar omdat dit baie moeilik is om te aanvaar dat Paulus hier so ‘n lang *“aanhaling”* maak – 15 verse! – sonder om dit van ‘n inleidende opmerking te voorsien. Paulus het immers juis in Rom. 1:17 ‘n aanhaling gemaak uit Habakuk 2:4 en dit eksplisiet aangedui met die frase: *“soos daar geskryf staan”*. Daarby het hy in Rom. 1:16-17 die sentrale opmerking gemaak dat die evangelie van

verlossing 'n *openbaring van God* is, wat in Rom 1:18-32 opgevolg word met 'n soortgelyke stelling dat God se toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense 'n *openbaring van God* uit die hemel is. Die oplossing van dié twee openbarings van God word dan in Rom. 3 gegee in die belangrike uitspraak oor die vryspraak wat God vir Jode en heidene gegee het, die vryspraak wat daar in Christus Jesus gegee word. Die twee gedeeltes is dus intrinsiek en inhoudelik verbind en kan net aan Paulus toegeskryf word.

Daar is verder in die onmiddellike konteks van Romeine 1 regtig niks wat 'n mens sou laat dink dat Paulus hier 'n klomp Jode probeer aanvat wat die heidene wil uitsluit oor hulle verkeerde selfdegeslagverhoudings nie. Hy wil eerder in die retoriese trant van Rom. 2:1-5 en 17-24 sy gehoor in die gemeente van Rome oortuig van die waarheid van die evangelie vir beide Jode en Grieke (1:16-18) deur die lyn rondom die sondigheid van die wêreld (2:18-32), die skuld ook van die Jode (2:1-3:8) trouens van alle mense (3:9-20) te volg om die boodskap van die vryspraak deur geloof (3:21-31) en die nuwe lewe deur die Gees te kan verkondig.

Hy gebruik, soos die meerderheid geleerdes dit uitspel, die tegniek van die sogenaamde *diatribe* in 2:1-5, 'n gesprek met 'n verbeelde Joodse gelowige, om enige selfverheffing op grond van die Joodse afkoms, in die kiem te smoor. Dié tegniek word ook elders in die brief gebruik, bv. 11:13-24 waar Paulus in 'n verbeelde dialoog met 'n "heidense" gelowige in gesprek tree (vgl. ook 3:1-9; 3:27-4:25; 9:19-21; 10:14-21; 14:10-11). Dit is 'n bekende tegniek wat leraars van daardie tyd gebruik het, 'n soort vraag-en-antwoord metodiek geplaas in 'n verbeelde dialoog (vgl. C Kruse, *Paul's Letter to the Romans* vir 'n verdere bespreking hiervan – so ook J Dunn, *Romans 1-8*; NT Wright, *Paul for Everyone, Romans Part One: Chapters 1-8*).

**3. Paulus gebruik die algemene woorde vir "manlik" en "vroulik" in sy beskrywing van homoseksuele gedrag in Romeine 1.** Hy gebruik die algemene Griekse woord *arsen* vir manlik en *thelus*, die algemene Griekse woord vir vroulik (Louw & Nida, *Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains*).

Dit is betekenisvol, want hy sou ander woorde kon gebruik het wat duidelik sou maak dat hy bv. van pederastie praat. Hy sou ook van die ander Griekse woorde vir getroude mans (bv. *upandros*) en getroude vroue (bv. *gune*) – soos hy doen soos hy doen in Rom. 7:2! – kon gebruik het, as hy van homoseksuele gedrag wat deur (getroude) heteroseksueles uitgevoer word, gepraat het.

Die wyse waarop hy die Griekse woorde *arsen* en *thelus* dus inspan, dui in die konteks duidelik op 'n algemene beskrywing van "mans" en "vrouens", nie soseer op getroude mans en hulle getroude vrouens nie (vs. König). Dit pas ook in by sy meer algemene beskrywing van die mensdom in Rom. 1:18 waar hy die algemene woord *anthropôn* vir mensdom gebruik om dié gedeelte mee in te lei.

Dit beteken ook dat die tipe homoseksuele verkeer wat hier ter sprake is, nie met pederastie alleenlik verbind kan word nie, veral omdat dit as iets konsensueel en wederkerig en nie as 'n uitbuiting of mishandeling geteken word nie (vs. Scrogg).

**4. Dieselfde geld die gebruik van "natuurlik" (*phusin*) en "teen-natuurlik" (*para fusin*) om selfdegeslag seksuele gedrag in hierdie gedeelte te beskryf.** Louw en Nida dui dit aan as: "the nature of something as the result of its natural development or condition—'nature.'" Soos William Loader sê: "With a fair degree of probability Paul would have had much in common with Philo and Josephus and other Jewish writers of his time, who, in addition to such common values, also equated the way things ought to be, nature (including what we might sometimes call convention), with how God made things to be, creation, and rejected excess." (*Sexuality in the New Testament*).

Deur Paulus se gebruik van die Griekse woord *phusin* te probeer interpreteer asof dit 'n heteroseksuele persoon is wat selfdegeslag seks beoefen en daarom as teen-natuurlik *vir heteroseksueles* gesien kan word, doen die teks geweld aan. Dit is verseker nie wat Paulus gedink het nie, hoewel daar natuurlik baie mense is wat vandag so dink. Sulke tipe interpretasies maak egter 'n moderne idee op anakronistiese wyse van toepassing op die gedagte-wêreld van Paulus en oorspan die betekenis van die teks.

Dieselfde geld die poging van sommige om "teen-natuurlik" as iets wat met kultuur te make het, te interpreteer. Paulus sou dan daarvolgens eintlik bedoel het dat selfdegeslag seksuele verhoudings nie deel van die Joodse kultuur was nie, en daarom "anti-kultureel".

**5. Dit gaan oor 'n geestelike beoordeling van wat aan die gang is in die wêreld rondom dinge soos onder andere selfdegeslag seksuele verkeer, nie oor spesifieke gevalle van bv. selfdegeslag seksuele gedrag nie.** Paulus wys dit aan die feit dat *mense* – in die algemeen – die waarheid oor God onderdruk het, waarop God se reaksie was om hulle aan verskillende drange en sedelike onreinheid en ander onbetaamlike gedrag oor te gee. Dit sluit dus ook die lysie van sondes in wat aan die einde van die hoofstuk genoem word. Mense is "oorgegee" of "uitgelewer" aan 'n verskeidenheid van sondige begeertes weens hulle weiering om God as God te erken.

James Dunn wys in sy kommentaar op Romeine 1:18-32 uit hoe die afgryse van homoseksualiteit in die vroeë Judaïsme nie net gemik was teen die Griekse kulturele moraliteit nie, maar veral gebore is vanuit hulle eie verstaan van die sondeval en die seksuele perversie wat onder andere daaruit voortgevloei het in die mensdom. Hy skryf: "In other words, antipathy to homosexuality remains a consistent and distinctive feature of Jewish understanding of what man's createdness involves and require's. That homosexuality is of a piece with idolatry is taken for granted (as several of the same passages show), both understood as a demeaning of the people who indulge in them. The link between man's fall (Gen 3) and sexual perversion (as here) is also typically Jewish, since Gen 6:1-4 also played a considerable part in Jewish attempts to account for the origin of sin (*Jub.* 4.22; 5.1-10; 7.21; *1 Enoch* 6-11; 86; *T. Reub.* 5; *T. Naph.* 3.5; CD 2.18-21; etc.).

Dit gaan dus nie oor spesifieke mense wat hulleself aan afgodediens blootgestel het, en nou die noodwendige gevolge daarvan in terme van selfdegeslag seksualiteit dra nie. **Dit gaan oor die hele mensdom wat God nie erken nie, en daarom deur Hom oorgegee is aan allerlei sondes, onder andere aan heteroseksuele losbandigheid, onder andere aan teen-natuurlike omgang, en onder andere aan 'n wye reeks ander onbetaamlike gedrag.**

Daar word nie eers 'n oordeel gevel oor watter hiervan nou meer sondig is as die ander nie. Enigeen van dié dinge dui op 'n radikale fout wat daar in die mensdom ingesluip het, en wat reggestel moet word. Trouens, Rom. 2 sal uitbrei op die problematiek van die Jode wat met wet en al ook gesondig het, en Rom. 3:23 sal dit opsom deur te sê: "almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie".

---

*Jub.* Jubilees

*1 Enoch* Ethiopic, Slavonic, Hebrew Enoch

*T. Reub.* Testament of Reuben

*T. Naph.* Testament of Naphtali (in *T. 12 Patr.*)

CD Cairo (Genizah text of the) Damascus (Document)

Terselfdertyd sal Paulus die oplossing en voorsiening van God aankondig in Rom. 3:24: “**maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoenig bewerk het vir dié wat glo.**” Dit sluit onsedelikes, perverses en onbetaamlikes in – almal van ons.

Dit gaan hier ook nie in die eerste plek om bv. ‘n etiese beoordeling van selfdegeslagverhoudings –wat gepas en wat nie gepas sou wees nie – volgens die standaard van die Romeins-Griekse kultuur waarbinne die mense geleef het nie. Dit gaan oor ‘n geestelike beoordeling in die lig van God se **algemene openbaring** van Homself in die skeppingswerklikheid, dinge wat mense moes kon sien, maar geweier het om aan aandag te gee.

### **Romeine 1:18-32**

Paulus het so pas in Rom. 1:1-17 homself op uitvoerige manier bekendgestel aan die gemeente. Hoewel hy baie van hulle ken (vgl. hfst. 16), was daar talle wat hom nie geken het nie.

Anders as in sy brief aan die Galasiërs het hy die gemeente in Rome geprys vir hulle geloof, en wil hy hulle juis besoek om wedersyds in die geloof versterk te word en soos op ander plekke sy roeping om mense vir Christus te wen, na te kom (vgl. 1 Kor. 9). Hierdie roeping sluit die Grieke en die nie-Grieke (barbare of onbeskaafdes soos die Grieke ander genoem het), die ontwikkeldes (wyses) en die ongeleerdes (ongeleterd) in.

Sy opgewondenheid in hfst. 1 oor die ingeboude krag van God in die evangelie van Jesus Christus wat mense vryspreek, is aansteeklik. En dit is bedoel vir Jode sowel as Grieke (Hellene of heidene): “enkel en alleen omdat hulle glo” (1:16-17; vgl. Hab. 2:4). *Sola fide* – die hoofboodskap van dié brief.

Trouens, dit is juis **God se geregtigheid** wat in die evangelie openbaar is. God se geregtigheid berus volledig, geheel en al, op geloof. Dit is die boodskap wat Jode en Grieke moet hoor en waardeer hulle in die regte verhouding met God kan kom.

Met hierdie inleiding roer hy sy eerste onderwerp aan wat tot aan die einde van hoofstuk 4 behandel sal word: **God se voorsiening vir die probleem van die sonde** geïllustreer in die voorbeeld van Abraham, waardeur aan die een kant die oneffektiwiteit van die wet en die besnydenis uitgewys gaan word, en aan die ander kant die krag van geloof in Jesus Christus wat mense **vryspreek**.

Ter wille van die voordeel van ‘n meer direkte vertaling word die weergawe van die Bybel Direkte Vertaling (BDV) hier gebruik:

”<sup>18</sup> God se toorn word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te onderdruk, <sup>19</sup> aangesien dit wat van God geweet kan word, onder hulle bekend is. God het dit immers aan hulle bekend gemaak. <sup>20</sup> Want sy onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar. Gevolglik is hulle sonder verontskuldiging; <sup>21</sup> want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as God geëer of gedank nie. Inteendeel, hulle denke het sinloos geword en hulle onverstandige harte is verduister. <sup>22</sup> Alhoewel hulle beweer dat hulle wys is, het hulle dwaas geword. <sup>23</sup> Hulle het naamlik die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en diere en kruipende diere.

<sup>24</sup> **Daarom het God hulle deur middel van die begeertes van hulle harte oorgegee aan onsedelikheid, naamlik om hulle liggame onder mekaar te onteer** <sup>25</sup> — hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het en geskape wesens aanbid en gedien het in plaas van die Skepper, wat

tot in ewigheid lofwaardig is. Amen.<sup>26</sup> **Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike drange: Hulle vroue het die natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is.<sup>27</sup> Net so het ook die mans, terwyl hulle die natuurlike seksuele omgang met die vrou laat vaar het, vurig begin brand van begeerte na mekaar; mans het met mans skandelikheid bedryf en in hulleself die verdiende loon vir hulle afwyking ontvang.**

<sup>28</sup> En omdat hulle dit as verwerplik beskou het om aan God erkenning te gee, het God hulle oorgegee aan 'n verwerplike denkwysse, sodat hulle onbetaamlik optree.<sup>29</sup> Hulle is vol van elke vorm van onreg, boosheid, hebsug, kwaad; vol afguns, moorddadigheid, twisgierigheid, geslepenheid, kwaadwilligheid; hulle is skindertonge,<sup>30</sup> kwaadstokers, haters van God, brutaal, hooghartig en grootdoenerig, vindingryk om slegte dinge te bedink, ongehoorsaam aan hulle ouers;<sup>31</sup> onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, sonder medelye<sup>32</sup> —dié soort mense wat die voorskrif van God ken, naamlik dat mense wat hierdie dinge doen, die dood verdien. Tog doen hulle dit nie net nie, maar praat dit boonop goed wanneer ander dit doen.”

**In die eerste gedeelte, Rom. 1:18-23, teken Paulus ’n goddelose mensdom, vol van ongeregtheid (*adikia*)** wat ten spyte van God se algemene openbaring in die skepping Hom nie as God erken nie. Niemand kan egter hom- of haarself verontskuldig dat hulle nie geweet het van God nie, want die kennis van God is van altyd af daar, sê Paulus. Hulle wysheid is eintlik dwaasheid, want dit lei tot afgodery. Hulle *verruil* die Skepper vir die skepping.

**In die tweede en derde gedeelte, Rom. 1:24-27 en 28-32 teken Paulus die Goddelike gevolge hiervan vir die mensdom, beide in terme van teen-natuurlike seksuele gedrag as in terme van ’n verskeidenheid ander tipes onbetaamlike gedrag.**

Teenoor die *openbaring van God se geregtigheid* aan elkeen wat glo (1:16-18), staan *die openbaring van sy toorn* oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtheid te onderdruk. ’n Verkeerde teologie lei immers altyd tot ’n verdraaiing van menswees en uiteindelik afgodery.

Dit sluit ook ’n verkeerde beskouing oor seksualiteit in: **“Paul’s primary argument is that what led to wrong sex was wrong theology.** He employs the common biblical theme of idolatry, even to the extent of listing categories more applicable to the biblical world than to Rome, such as worship of birds, animals and reptiles. His Jewish tradition connected idolatry with descent into sexual wrongdoing, illustrated in Wisdom 13—15.” (William Loader).

Paulus se argument in Romeine 1:24-32 het drie elemente. God het die mensdom (nie net sommiges nie) **OORGEGEE** aan drie goed weens hulle afvalligheid (goddeloosheid en ongeregtheid) van Hom. Die drie sake word telkens ingelei met die frase: "Hy het hulle oorgegee" aan:

1. **Sedelike onreinheid** wat waarskynlik *heteroseksueel* van aard is, omdat dit nie gespesifiseer word nie en almal nou seker nie homoseksueel kan wees nie, hoewel dit ook anders geïnterpreteer kan word. Hier is die fokus op die *disrespek* (ontering) vir God en vir mekaar se liggame. Dit word as verdraaiing van die waarheid en Godsonterend geteken (**vers 24-25**).
2. **Selfdegeslag “skandelike drifte”**, vrou-vrou en man-man wat in selfdegeslag seksuele gedrag na vore kom. Hier is die fokus ook op *disrespek*, maar in dié geval die disrespek vir die natuurlike omgang met die teenoorgestelde heteroseksuele geslag. Dit word as skandelik (*disgraceful*), teen-natuurlik (d.w.s. nie-heteroseksuele omgang) en pervers uitgebeeld (**vers 26-27**).
3. **Onbetaamlike gedrag** waarin 24 verdere slegte gedragspatrone gelys word (**vers 28-31**).

Drie keer word daar dus gesê: “Daarom het God hulle **oorgegee**” (24,26,28). Dit het ’n impak op **seksualiteit**, beide in terme van *heteroseksuele* (24-25) en *homoseksuele losbandigheid* (26-27), asook op **onbetaamlike gedrag**, uitgespel in ’n lysie van 24 ondeugdes (28-31). Paulus wys dus alle heteroseksuele EN homoseksuele losbandigheid as afwykings aan. In beide gevalle is dit disrespekvol teenoor God en teenoor mense se liggame.

Drie keer word ook die taal van ’n “*exchange*” gebruik, om te beskryf wat met mense gebeur wat God nie erken nie. Hulle *verruil* die waarheid oor God vir die leuen (vers 25). Hulle *verruil* die natuurlike (heteroseksuele) omgang vir die teen-natuurlike, selfde geslag seks, beide die vrouens (vers 26) en die mans (vers 27).

Die gevolg is dat hulle hulle liggame onteer (*atimazesthai*) onder mekaar. Die probleem is ook nie die passie of begeerte as sodanig nie: “The problem is its strength (burning) and misdirection (for one another).” Dit bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit (vers 27) wat deur Jewett met Hippokrates se beskrywing van die pyn van anale omgang verbind word (vgl. Loader).

Soos Loader dit uitspel:

“This notion of denying what is and putting something in its place which is not true or in accord with reality connects 1.18–23, 25 and 1.24, 26–27. It follows the pattern: **deny my reality and dishonour me, and I’ll have you deny yours and dishonour yourselves!**”

God keer mense dus nie meer van die gevolge van hulle perverse keuse vir die skepping eerder as die Skepper nie, nie in terme van hulle seksualiteit nie, en ook nie in terme van hulle algemene gedrag nie (hoewel Hy ’n alternatief in Jesus Christus geskep het, maar daarvoor sal Paulus eers later praat).

Tom Wright som die boodskap van die eerste hoofstuk van Romeine dus as volg op:

“The point of Romans 1 as a whole is that when humans refuse to worship or honour God, the God in whose image they are made, their humanness goes into self-destruct mode; and **Paul clearly sees homosexual behaviour as ultimately a form of human deconstruction**. He is not saying that everyone who discovers homosexual instincts has chosen to commit idolatry and has chosen homosexual behaviour as a part of that; rather, he is saying that **in a world where men and women have refused to honour God this is the kind of thing you will find.**” (Communion and Koinonia: Pauline Reflections on Tolerance and Boundaries by [http://ntwrightpage.com/Wright\\_Communion\\_Koinonia.htm](http://ntwrightpage.com/Wright_Communion_Koinonia.htm)).

Dit is die dinge wat eintlik God se toorn oor die mensdom verbeeld (**vers 32**). God het die mensdom aan hulle eie gekose lot oorgelaat sodat hulle volgens eie wyse kan opsnork, by wyse van spreke, maar waarvoor elke mens natuurlik ook rekenskap sal moet gee. Waar God hulle “**oorgegee**” het, het hulle die verering van God “**verruil**” en die natuurlike omgang “verruil” vir die teen-natuurlike.

Maar soos Loader sê: “**Having such dishonourable passions is no excuse for acting them out.**”

’n Mens moet in gedagte hou dat Paulus die “verbeelde” argument hier rondom voortsit in Romeine 2 en daar die Jode herinner daaraan dat hulle nie moet dink hulle kan wegkom met hulle veroordeling van die “ander mense” nie, asof hulle nie deel is van die mensdom nie, want hulle staan almal saam ook onder die oordeel van God. As hulle nou die wet nakom op sekere punte - bv. deur nie dié drie goed te doen nie - maar op ander nalaat – bv. deur te steel nie, en interessant genoeg, word dit nie in die lysie van 24 onbetaamlike dinge genoem nie! – sal hulle steeds ook die oordeel van God ervaar.

Soos William Loader dit stel:



“Read in the light of other Jewish literature of the time, not least, Philo of Alexandria, **Paul’s comments in Romans 1 about same-sex relations should be seen as a rhetorical ploy to gain a sympathetic hearing for his argument from the Roman recipients of his letter by appealing to common ground in deploring the sins of the Gentile world before turning to challenge them about the fact that all have sinned, and so need the good news of God’s righteousness revealed in Christ.** Typically Paul’s focus is not just acts, but attitude and misdirected passions, which he sees as the result of misdirected and perverted understandings of God. Based on the Genesis creation stories, Paul assumes that all people are heterosexual and that the prohibitions of Leviticus should apply also to lesbian relations. Where these assumptions are not shared, Paul’s conclusions must be revisited in the light of informed compassion and responsible ethical insight.” (<http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/viewFile/2114/4566>):

Daarna vervolg Paulus met die verdere uitleg van die evangelie, waarvan Romeine 1:1-17 reeds die inleiding was. In Romeine 3-4 verkondig Paulus die uitweg vir die mensdom, Jode ingesluit. In Jesus Christus is daar verlossing, en in die werk van die Heilige Gees heiligmaking moontlik (Rom. 5-8). En in Rom. 12 sal hy uitspel hoe verlossing ook vir onteerde liggeme kom, deur dit aan God as heilige en aan Hom welgevallige offer te gee.

Hierdie standpunt van Loader word ook gerugsteun deur 'n artikel van hom in die Hervormde tydskrif van 2014 (Same-sex relationships: A 1st-century perspective) waar hy sê: "Paul assumes that all people are heterosexual and that the prohibitions of Leviticus should apply also to lesbian relations." Dit wil sê, Paulus is konsekwent negatief oor enige gedrag wat homoseksueel van aard is, omdat hy 'n kind van sy tyd was en dit die aannames was wat sy standpunt veroorsaak het.

Hy sê daarom: "The temptation to modernise Paul either by explaining away his comments as applicable to only special instances or by transforming his comments on desires into neutral pathology or natural sexual orientation is to be resisted."

Hy verskil van John Boswell en Walter Wink dat Paulus net vir heteroseksuele skryf wat homoseksuele gedrag openbaar: "it is highly unlikely that Paul would have differed from all other Jews of the time whose writings survive, who rejected such distinctions. Nor does it make sense to argue that Paul is only concerned with same-sex acts in cultic contexts ... His focus is not just concerning acts but also attitude and ultimately, mind, which is independent of location."

## 5.7 1 Korintiërs 6:9-11 - So was sommige van julle ook, maar julle is gewas en geheilig

### Die konteks in Korinte

Ons lees in Handeling 18:1-18 van Paulus se bediening in die gemeente van Korinte. Dit was in die jare 51-52 n.C. op sy tweede sendingreis. Die mense van Korinte het hom goed behandel en sy boodskap is met goeie gevolg ontvang. Hy kon 'n hele jaar en 'n half hier bly en sake het regtig baie goed verloop.

Op sy derde sendingreis, nadat Paulus die gemeentes in Galasië en Frigië besoek het, dat hy weer in Efese aangekom het en meer as 2 jaar daar kon bly. Terwyl hy daagliks in die saal van Tirannus besprekings gehou het (Hand 19:1-20), het hy waarskynlik sy briewe aan die Korintiërs geskrywe (1 Korintiërs was sy tweede brief aan hulle – vgl 1 Kor 5:9 wat na die eerste brief verwys).

In hierdie brief raak Paulus 'n hele aantal groot vraagstukke aan, meesal sake wat oor die **Christelike lewenswandel** gaan, waarvoor Paulus hulle wil onderrig. Dat dit nodig was, spruit onder andere uit die voortslepende impak van die heersende kultuur en godsdiens van die stad Korinte op die nuwe bekeerlinge.

Nie net was daar dus groot rykdom nie, maar ook baie gode en godsdienste, waarvan sommige moreel dekadent was, die vernaamste waarvan die Afrodiete – godin van die liefde – godsdiens was, met die groot altaar op die Akrokorinte berg. Sommige historici bereken dat daar in haar hoogbloei meer as ‘n duisend prostitute in tempeldiens was. Die term “meisies van Korinte” het ‘n idiomatiese uitdrukking in ander stede geraak wanneer mense na prostitute verwys het.

Geen wonder dat een van die roerendste gedeeltes in die Korintiërbrief juis die verheerliking van die liefde was, wat van God kom, in direkte opposisie met die leerstellings van die heersende godin van die liefde van Korinte.

Wat veral opmerklik is, anders as wat die geval was in Tessalonika, is dat hierdie kulture en godsdienste se idees nie net van buite af op die gemeente ‘n impak gehad het nie, maar *van binne af*, omdat dit deur sommige lidmate van die gemeente aangehang is. En hierdie mense het Paulus direk aangevat omdat hulle nie met hom saamgestem het nie, onder andere ook as gevolg van (doelbewuste?) misverstande wat uit sy eerste brief gespruit het (1 Kor 5:9-11).

Paulus kan dus nie hierdie alternatiewe leringe en perspektiewe ongebreideld laat aangaan nie. Vandaar die berispende emosionele toon van sy brief. Hy spreek dinge aan soos: *verdeelheid* en *wysheid* (1:10-4:21), *bloedskande* (5:1-13), *hofsake* (6:1-11), *prostitusie* (6:12-20), en die *nagmaalviering* (11:17-34).

### 1 Korintiërs 6:9-11

Daarom praat Paulus so skerp in hierdie gedeelte oor dié dinge wat nie maar net onvanpas was nie, maar hulle ewige bestemming in gevaar gestel het. Hy sê in 1:9-11 die volgende:

“<sup>9</sup> Weet julle nie dat onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërf nie? Laat julle nie mislei nie: geen onsedelikes of afgodediensers of egbrekers **of manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer**,<sup>10</sup> of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpratere of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie. <sup>11</sup> So was sommige van julle ook, maar julle is gewas, julle is geheilig en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.” (BDV)

Vir Paulus, soos ons reeds kennis geneem het, was seksuele getrouheid tussen man en vrou ononderhandelbaar. Dit was die OT ideaal selfs terwyl daar ook talle OT verhale van gebroke seksualiteit was: ontrouheid, poligamie, onsedelikheid, verkragting ensomeer. “The fact remains that the Bible’s core ideal is sexual fidelity between husband and wife.” (William Loader)

**Enige ander tipe seksuele gedrag was “buite orde”.** Daarom teken Paulus hier in sy brief aan die Korintiërs ‘n kontra-kultuur, ‘n moraal wat anders is as die onsedelike een waarvandaan hulle kom. Die tipe moraal wat in die Romeins-Griekse wêreld geheers het, ook en veral in Korinte, was besoedelend in sy oë en iets wat hulle aktief moes teëstaan, iets waaraan hulle glad nie moes deelneem nie.

Dit gaan dus nie in hierdie “sondelysies” in Korintiërs soseer oor insluiting en uitsluiting nie, maar as ‘n skets van die tipe kultuur waarvandaan hulle kom en wat hulle met alle mag en mening moet vermy: “<sup>11</sup> **So was sommige van julle ook, maar julle is gewas, julle is geheilig en julle is vrygespreek ...**”

Vir ons onderwerp is die volgende twee elemente in die “sondelysies” belangrik: “**manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer**”. Die twee Griekse woorde wat hier gebruik word is *malakoi* – wat letterlik “sagtes” beteken – en *arsenokoitai* – letterlik die meervoud van *arsenokoitês*, ‘n samestelling uit *arsen* (manlik) en *koité* (slaap/lê), dus “manneslapers” of soos die BDV dit vertaal: “*mans wat met mans intiem verkeer*”.

Ons hanteer eers die woord **arsenokoitai**. Die woord *arsenokoitai*, wat Paulus ook in sy brief aan Timoteus gebruik, moet heel waarskynlik met Levitikus 18-20 se verbod op selfdegeslag seks verbind word. Die woord is immers nooit voorheen in enige Griekse teks gebruik nie, wat beteken dat Paulus dit heel waarskynlik nuut geskep het.

Die LXX vertaal die relevante Hebreeuse gedeeltes in Levitikus 18-20: “*mishkav zakur*”, met: “*meta arsenos koit n gynaikos*”. In Afrikaans lui dit: “*met ‘n man lê soos met ‘n vrou*”. Die frase “*mishkav zakur*” word daarna ook in die Talmoed gebruik vir homoseksuele omgang – tussen volwassenes sowel as tussen volwassenes en jongmense – aan die hand van dié teks (Scroggs, Gagnon).

Daar kan dus min twyfel wees dat *arsenokoitai* ’n ondubbelsinnige manier was om van selfdegeslag seks te praat. Die woord is letterlik ’n transkripsie van die Griekse vertaling van die Hebreeuse “*mishkav zakur*”.

Die tweede woord **malakoi** dui in die konteks op die passiewe volwasse party in selfdegeslag seksuele gedrag, soos dit die geval is in ’n hele paar ander tale, waar die aktiewe en passiewe party met verskillende woorde aangedui word. Dit is omdat die twee woorde, *malakoi* en *arsenokoitai*, waar dit saam gebruik word, semanties as passiewe en aktiewe selfdegeslag partye geïnterpreteer kan word: “It is possible that ἀρσενοκοίτης in certain contexts refers to the active male partner in homosexual intercourse in contrast with μαλακός, the passive male partner.” (Louw & Nida, *Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains*).

William Loader stem saam daarmee en sê: “...the words are best understood as referring to the active and passive partners in same-sex intercourse, ‘male-bedders’ and ‘softies’, a term used also more widely of effeminacy”. En let op dat dit nooit vir kinders gebruik word in die literatuur nie, altyd vir volwassenes (Robert Gagnon).

Die vertaling van die BDV van *malakoi* is daarom ’n interpretasie dat dit oor prostitusie gaan en sal waarskynlik beter vertaal kan word soos die geval is in die Lexham English Bible (LEB): “*nor passive homosexual partners, nor dominant homosexual partners*”. Selfdegeslag prostitusie sou uiteraard ook deur dié uitspraak van Paulus ondervang geword het, maar is nie beperk daartoe nie.

Dit word geëggo deur ’n redelike breë konsensus onder die meeste Nuwe Testamentici dat *malakoi* en *arsenokoitai* verwys na mans wat selfdegeslag seks beoefen. Selfs Andrie du Toit wat pleit vir monogame standvastige homoseksuele verhoudings sê die volgende (aangehaal uit die 2007 verslag): “*Nevertheless it was also used for males, often youths, occupying the passive role in a homosexual relationship. Already Plato used malakia with this connotation. Because arsenokoitai is most probably a coinage from Lev. 18:22 and 20:13, it can hardly indicate something other than the active male participants in a homosexual relationship. The co-occurrence of arsenokoitai in 1 Cor 6:9 would therefore denote the passive and active partners in such a relationship (2002:94, 106)*”.

## 5.8 1 Timoteus 1:3-11 – Geloofslewe moet pas by Geloofsleer

Die 2 briewe aan Timoteus, sowel as die brief aan Titus, staan bekend as die *pastorale* briewe. Sommige voeg Filemon ook daarby. Dit is briewe wat aan hulle as pastors gerig is en handel oor hoe hulle die pastorale bediening van hulle onderskeie gemeentes moet behartig. Daarom word sterk aandag gegee aan hulle persoonlike roepingsbewussyn, gefokus op hoe om die regte leer en lewe te handhaaf in ’n situasie waar daar toenemend valse leerstellings die kop uitgesteek het, en aandag gegee aan die funksionering van die gemeente in terme van ouderlinge, diakens en ander geestelike werkers.

Hoewel daar baie verskil van mening is onder geleerdes wanneer die briewe geskrywe is, en of dit hoegenaamd deur Paulus geskrywe is, lyk dit uit die briewe se eie interne gegewens asof die eerste brief aan

Timoteus van 'n tyd net na die gevangenskap van Paulus in Rome praat, want dit word aangebied as komende uit Masedonië (1 Tim. 1:3) in 62-63 nC. Die brief word in elk geval laat gedateer.

Timoteus was afkomstig van Listra en het heel moontlik tot bekering gekom met Paulus se eerste besoek daar tydens sy eerste sendingreis. Dit is die plek waar Paulus gestenig is en as't ware uit die dood opgestaan het (Hand. 14:19-20). Sy pa was 'n Griek, en sy ma, Eunice, 'n Joodse Christen – soos trouens sy ouma Lois ook was (Hand. 16:1; 2 Tim. 1:5). Met Paulus se tweede besoek aan Listra het Timoteus by Paulus aangesluit nadat hy besny is, waarskynlik omdat sy ma 'n Jodin was. In Timoteus het Paulus 'n jong gelowige gevind wat met oorgawe hom aan die bediening gegee het.

Timoteus is met die skrywe van die brief die pastor van Efese, die plek waar Paulus ook vroeër lank gewerk het (Hand 18-20).

Let op hoe doelgerig hierdie brief geskryf is. In hierdie eerste hoofstuk word Timoteus gegroet (1:1-3), om onmiddelik te beweeg na 'n bespreking van die uitdaging van die mense in Efese wat valse leerstellings versprei (1:4-7), en gee die skrywer vir Timoteus twee teologiese argumente as skietgoed (**regte gebruik van die wet; regte begrip van die evangelie** – 1:8-17) vir sy konflik met valse leringe en eindig met 'n oproep aan hom om die goeie stryd van die geloof te stry (1:18-20), d.w.s. **'n lewe in geloof wat pas by die gesonde leer**.

Die sleutel tot 'n begrip van hierdie valse leraars se beheptheid met mitiese verdigsels, eindelose geslagsregisters en 'n verkeerde fokus op die wet, lê waarskynlik in die feit dat hierdie kennis 'n skyn van diepte en misterie gehad het, iets wat net vir die ingewydes bedoel is, en net deur hulle verstaan kan word.

Die evangelie van Jesus Christus is daarenteen 'n baie publieke geloof, iets wat aan 'n kind verduidelik kan word, en wat om 'n rein hart en goeie gewete, en opregte geloof en liefde gaan. Kennis is goed, maar net nuttig, as dit die doel dien dat 'n mens in jou geloof in God gevorm word.

Daarom moet die dwaalleraars teëgegaan word, nie om hulle net te verneder of aan die kaak te stel nie, maar met die doel om hulle in liefde reg te help. Dit is soos die tug altyd moet werk, om mense in liefde te help om weer van binne af te herstel om die gesonde leer aan te hang.

Paulus **fokus dan op die regte verstaan en gebruik van die wet**, en lê dit uit as iets wat eintlik vir die ongehoorsames bedoel is – en hy gee sommer 'n lysie van die mense vir wie dit bedoel is. Hy ignoreer nie die wet omdat daar verkeerde uitlegte daarvan gemaak is nie, maar wys op die impak daarvan in die gesonde leer en lewe van die gemeente. Daarmee help sy fokus op die evangelie wat insig gee in die heerlikheid van die “goeie God” sodat Hy gedien kan word.

Later sal Paulus verder hieroor skrywe en vir Timoteus waarsku teen mense wat die wet op 'n beperkende wyse gebruik (in terme van die huwelik en dieet), teenoor die evangelie wat juis vryheid bring (1 Tim 4:1-5). Hy hanteer dus die wet op 'n baie genuanseerde wyse, maar probeer op geen manier dit net reduceer tot 'n vervloë era van die OT bedeling nie.

Dit is met hierdie woorde in gedagte – 1) die regte begrip en gebruik van die wet; 2) die regte begrip en verstaan van die evangelie; 3) Paulus as voorbeeld van hoe God se genade werk – dat Timoteus die goeie stryd moet stry, aan die geloof moet vashou en 'n goeie gewete moet behou.

Hy moet ook onthou dat daar ander is wat juis nie dít reggekry het nie (Himeneus [ook 2 Tim 2:17] en Aleksander [ons weet nie wie dit presies was nie – kyk self na die volgende verwysings van 'n Aleksander: Hand 4:6; Mark 15:21; Hand 19:33; 2 Tim 4:14]), sodat sy geloof nie ook soos hulle s'n skipbreuk ly nie.

Die verwysing na “aan die Satan oorgegee” beteken waarskynlik dat hulle lidmaatskap van die gemeenskap van gelowiges opgesê is. Hulle was dus nie meer geag as deel van die koninkryk van die lig nie, maar as deel van die koninkryk van Satan.

### 1 Timoteus 1:3-11

Só vertaal die BDV dit:

“<sup>3</sup> Soos ek by jou aangedring het toe ek na Masedoniëa vertrek het, moet jy in Efese bly, sodat jy sekere mense kan beveel om nie vreemde leringe te versprei <sup>4</sup> en aan versinsels en eindelose geslagsregisters vas te klou nie. Hierdie dinge bevorder eerder sinlose argumente as God se plan wat Hy deur die geloof ten uitvoer bring. <sup>5</sup> Die doel van die opdrag is liefde uit 'n rein hart, 'n skoon gewete en 'n ongeveinsde geloof. <sup>6</sup> Sommige het hiervan afgedwaal en in 'n niksseggende gepraat verval. <sup>7</sup> Hulle wil leermeesters van die wet wees, maar hulle verstaan nie wat hulle sê of waarop hulle aandring nie. <sup>8</sup> Maar ons weet dat die wet goed is wanneer iemand dit op die regte manier gebruik, <sup>9</sup> omdat hy besef dat die wet nie bedoel is vir die regverdige nie, maar juis vir die wetteloses en ongehoorsames, vir die goddeloses en sondaars, vir die onheiliges en wêreldlinge, vir diegene wat hulle vaders en moeders doodmaak en mense vermoor, <sup>10</sup> vir manlike prostitute, **vir mans wat met mans intiem verkeer**, vir diegene wat mense ontvoer, leuens vertel, meined pleeg of enigiets anders doen wat teen die gesonde leer indruis. <sup>11</sup> Dit stem ooreen met die evangelie van die heerlijkheid van die lofwaardige God, wat aan my toevertrou is.”

Paulus fokus op die regte verstaan en gebruik van die **wet**. Dit is uiters belangrik om raak te sien dat hy moeite doen om die wet as in ooreenstemming met die **evangelie** (vers 11) te koppel! Die fokus van die evangelie is om vir dié sonde te kan nee-sê weens insig wat gelowiges in die heerlijkheid van die “goeie God” verkry sodat hulle Hom kan dien.

Dit is met hierdie woorde in gedagte – **die regte begrip en gebruik van die wet; die regte begrip en verstaan van die evangelie** – en daarby ook vir Paulus as voorbeeld van hoe God se genade werk, dat Timoteus die goeie stryd moet stry, aan die geloof moet vashou en 'n goeie gewete moet behou.

Let ook op dat die volle OT wet volgens Paulus geldig bly vir almal wat die Here nie dien nie. Daarom kan 'n mens die afleiding maak dat dit juis die wet se verbod is op sondes wat die huwelik bedreig – die sewende gebod op egbreuk – wat waarskynlik die agtergrond is vir die twee woorde wat hier met **onsedelike** (*pornois*) en **selfdegeslag** (*arsenokoitai*) gedrag verbind word.

Die ander Griekse woord in die konteks, **ontvoerders** (*andrapodistês*), het ook die moontlikheid van 'n seksuale konnotasie, maar is myns insiens nie soseer op die onderwerp van toepassing nie (vgl. egter kommentare wat hieroor verskil as jy meer daarvoor wil lees).

In terme van die fokus hier op die uitleg van die wet, sou 'n mens die uitsprake van Paulus met die tweede tafel van die wet as volg kon verbind:

- “diegene wat hulle vaders en moeders doodmaak” kan uitgelê word as in ooreenstemming met die **vyfde gebod**: “*Eer jou vader en jou moeder*”;
- die wat “mense vermoor” kan verbind word met die **sesde gebod**: “*Jy mag nie moord pleeg nie*”;
- die “manlike prostitute” en “mans wat met mans intiem verkeer” met die **sewende gebod**: “*Jy mag nie egbreuk pleeg nie*”;
- die “ontvoerders” kan verbind word met die **agste gebod**: “*Jy mag nie steel nie*”;

- die “leuens vertel” en die “meineed pleeg” kan verbind word met die **negende gebod**: “*Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie*”.

Dat daar ’n sterk moontlikheid is dat die Tien Gebooie hier as agtergrond dien vir Paulus se gedagtegang kan nie ontken word nie.

Die woord *pornois* – wat wat met immorele seksuele gedrag, manlik of vroulik in verband gebring kan word – word deur die BDV interpreteer as dat dit in kombinasie met *arsenokoitai* op manlike prostitusie dui, op voetspoor van die wyse waarop *malakoi* in verbintenis met *arsenokoitai* in 1 Kor. 6 as selfdegeslag gedrag geïnterpreteer word, maar ek is nie oortuig dat dit ’n gepaste interpretasie is nie.

Vir ons onderwerp is dus net die een element in die “sondelysies” belangrik: “**mans wat met mans intiem verkeer**”, ’n woord wat ons alreeds hanteer het by 1 Korintiërs 6. Dit is die woord *arsenokoitai* – wat ons ook reeds uitgelê het in die betekenis van die aktiewe selfdegeslag seksuele party.

Ons volstaan dus met hierdie interpretasie, behalwe om te beklemtoon dat dit in die konteks van die uitleg van die Tien Gebooie duidelik ’n ononderhandelbare onderwerp vir Paulus was. Hy is konsekwent negatief in sy hantering nie net van enige tipe seksuele daad wat die familie en die huwelik bedreig nie, maar ook van enige selfdegeslag seksuele gedrag, of dit nou teen betaling/weens ontvoering was of nie. Dit pas nie in by sy prentjie van die huwelik en die gesonde uitlewing van seksualiteit nie.

#### 5.8.1 Ander tekste

Daar is ook ander tekste wat op die onderwerp betrek kan word. Scot McNight en William Loader maak ’n saak uit vir ’n paar ander tekste uit die evangelies wat met die onderwerp verbind kan word – vgl. die moontlike verwysing na *pederastie* in Mark 9:42-48, die verwysing na *malakoi* in verband met Johannes die Doper se klere in Matt. 11:7, en die moontlike betekenis van *porneia* in Matt. 5:32; 15:19; 19:9 (soos moontlik natuurlik ook in 1 Tim. 1). Ek dink die uitleg van dié tekste het nog nie genoeg aanklank gevind dat dit in die gesprek hoef ingetrek te word nie. Die ander tekste in die Bybel is immers duidelik genoeg oor ons onderwerp.

Soms word Judas 7 ook betrek, maar dit het na my oordeel nie veel daarmee te make nie, behalwe in die sin van grensoorskryding:

“En dink ook aan die mense van Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle. Net soos daardie engele het hulle onsedelike daad gepleeg en **omgang gesoek met vreemde wesens**. As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand.”

Dit gaan daar oor die oorskryding van die grens tussen mens en engel, en nie oor selfdegeslag gedrag nie, soos dit ook in bestialiteit oor die oorskryding van die grens tussen mens en dier gaan.

## 6 Op pad na my eie standpunt

Dat ons voor ’n al hoe groter waterskeiding staan in terme van ons hantering van selfdegeslagverhoudings is doodgewoon ’n feit. Daar is eintlik geen manier waarop ’n besluit hieroor geneem kan word wat nie na die een of ander kant ongelukkigheid en teenstand gaan ontlok nie.

Ek is self al meer as drie dekades met besinning hieroor besig in terme van sowel die Bybelse perspektiewe hieroor as in terme van my persoonlike kontak met gay mense. Dié kontak sluit beide dié in wat kies vir ’n heteroseksuele lewe ten spyte van hulle homoseksuele oriëntasie, en dié wat kies om hulle homoseksualiteit in verhoudings uit te lewe.

## 6.1 Die Skrif is genoegsaam om ons geloof te rig

Dit is belangrik om te onthou dat in enige etiese uitspraak van 'n Gereformeerde kerk die Bybel 'n normatiewe rol gaan speel, uiteraard volgens aanvaarde hermeneutiese beginsels, soos bv. die belangrike beginsel dat die Skrif gebruik word om die Skrif verklaar, veral om moeiliker of obskure gedeeltes in die lig van makliker verstaanbare of duideliker gedeeltes te lees. Die *simplex sensus* sowel as die *usus* betekenis moet volledig in spel kom.

Daarom sal die gesprek oor die Bybel nooit vermy kan word nie al is dit ook hoe moeilik om die gesprek daarvoor te voer. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis sê nie verniet in artikels 5 en 7 die volgende oor die gesag en volkomeheid van die Skrif nie, dinge wat 'n mens nie altyd hoor in die gesprekke oor selfdegeslagverhoudings nie.

### Artikel 5

#### DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Let op dat die volle aantal van die boeke in die OT en NT as kanonieke boeke beskryf word. Dit is dié boeke wat as normatief vir ons geloof beskou word. Dit is ook nie net stukkie of dele van die boeke nie, 'n Bybel in die Bybel nie, maar die hele aantal boeke waarin ons glo en wat normatief vir ons geloof is. Dít glo ons "sonder twyfel".

Let ook op dat dié boeke nie soseer as rigtinggewend vir ons geloof beskou word omdat die kerk dit as sodanig aanvaar of beskou nie, maar omdat die Heilige Gees in ons harte oor die waarheid daarvan getuig: "dat hulle van God is." Dit is 'n besonder hoë beskouing oor die aard, gesag en Bron van die Skrif. Ons bely dat dit van God af kom. Die bewys dat die Skrif van God af is, is in die Skrif self, soos die Heilige Gees ons daaraan herinner. Dit verklaar artikel 5 onverdund en onverkort.

### Artikel 7

#### DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskryfte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: '...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is' (1 Joh. 4: 1), en: 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...' (2 Joh. :10).

2 Tim. 3:17; 1 Pet. 1:11-12; Spr. 30:6; Gal. 3:15; Op. 22:18; 1 Tim. 1:3; Gal. 1:8-11; 1 Kor. 15:2; Hand. 26:22; Rom. 15:4; Hand. 18:28-29; 1 Pet. 4; Luk. 11:13; 2 Tim. 3:24; 2. Tim. 1:13; Kol. 2:8; Hand. 4:19; Joh. 3:13; 2 Pet. 2:16; Joh. 15:15; 1 Joh. 1:5; Hand. 20:27; 2 Joh. 1; Joh. 4:25; Deut. 12:32; Heb. 8:9; Matt. 15:3; 17:5; Mark. 7:7; Jes. 1:12; Hand. 1:21; Rom. 3:4; Jes. 8:20; 2 Tim. 4:(3); 1 Kor. 1:13; 2:4; 3:11; 1 Pet. 5:12; 2 Tess. 2:2; Ps. 12:7; 19:8-9, 12; Deut. 4:6; 6:9;. Ef. 4:5; Joh. 5; Kol. 1:16, 18; 1 Kor. 8:6.

Let op dat die volkomendheid van die Skrif aan alles wat vir ons saligheid nodig is, gekoppel word, 'n ander manier om oor ons geloof te praat. Dít is die normatiewe gesag van die Skrif waarop ons alles wat ons glo en leer baseer. Daaraan kan niks bygevoeg of weggeneem word nie. Geen geskrif of skrywer mag op enige manier in die plek van of naas die Bybel 'n normatiewe rol in ons lewe inneem nie. Ons het ook nie eintlik iets anders nodig vir ons geloofslewe nie. Die Skrif is genoegsaam en onfeilbaar om ons op dié pad te begelei. Die Skrif se: "*waarheid is bo alles.*"

Die NG Kerk het al by sy verskillende sinodes deur die eeue verskeie besluite geneem wat op hierdie twee artikels uitbrei, maar dit nooit van die tafel af gehaal nie. Dit kan natuurlik ook nie, omdat 'n verandering in beskouing hieroor ons gesprek oor enigiets in die Bybel op losse skroewe sal laat waarin ons deur ander oorwegings as Skriftuurlike oorwegings in ons standpuntinname beweeg sal word. Dit kan 'n manier van doen in ander kerke wees, maar nie in 'n kerk van Gereformeerde oorsprong nie.

Daarom moet ons in ons gesprek oor selfdegeslagverhoudings by die Bybelse beskouinge daarvoor begin.

## 6.2 Die Bybel is negatief oor selfdegeslag seksuele gedrag

Ek handhaaf dus 'n baie hoë Skrifbeskouing in lyn met artikel 5 en 7 van die NGB. Ek leef vanuit die metafoor dat die: "*Woord 'n huis is waarin ek woon*", soos Dirkie Smit op 'n plek in *Neem, Lees* skryf.

As ek egter dink oor my blootstelling aan die Bybelse boodskap – wat met dié afgelope tyd van navorsing natuurlik verdiep het – raak ek in myself al hoe meer verskeurd oor die impak daarvan. Dit het te make daarmee dat ek 'n groeiende besef kry dat die Bybel negatief is oor selfdegeslag seksualiteit soos wat 'n groeiende aantal NT kenners dit al hoe meer onderstreep (Tom Wright, Scot McNight, William Loader, Robert Cagnon, Andrie du Toit).

**Die rede vir my verskeurdheid daarvoor is dat ek gedog het dat ek iets anders sou vind.**

**Die Bybel is egter *kanonies konsekwent* hieroor, d.w.s. dieselfde oordeel word in al die OT en NT tekste oor selfdegeslagverhoudings gevel. Die Bybel spreek hom *kontra-kultureel* hieroor uit in 'n samelewing waarin selfdegeslagverhoudings positief bejeën is. En laat ons nie vergeet nie, die Bybel werk van hoek tot kant met 'n baie spesifieke ander model, 'n *heteroseksuele huwelik- en ouerskap ideaal*.**

My verskeurdheid oor die Bybelse boodskap is ook nie net oor die realiteit van die negatiwiteit daarin oor selfdegeslagverhoudings nie. Dit is ook oor die feit dat die Bybel in my ervaring, in baie gesprekke met gelowiges, *regtig nie meer 'n normatiewe gesagsrol* in baie van dié gelowiges se lewens speel nie. Dit is asof die NGB se uitgangspunte in artikel 5,7 en eintlik vele ander artikels ook van die ander twee Gereformeerde belydenisse geen rol speel in hulle beskouinge nie. En ek weet nie regtig wat ek daarmee moet maak nie, gegewe my eie lewensmotto om *die Woord 'n huis te maak om in te woon ...*

My ervaring is dat mense baie keer *net* vanuit die persoonlike hoek na die Bybel kyk en gesag aan die Bybel toeken op grond van wat pas en wat nie pas nie in die persoon se *eie* lewe. Seker nie vreemd in 'n sogenaamde postmoderne tyd nie, maar van 'n ernstige worsteling met die boodskap van die Bybel, ook die skerp kante daarvan, ook dié dele wat 'n mens laat rondskuif in jou stoel, sien ek baie min raak. En dan



praat ek nie eers oor mense wat net nominaal aan die kerk behoort en min van 'n persoonlike verhouding met die Bybel en met God handhaaf.

Dieselfde geld natuurlik die verwante gesprekke oor voor- en buite-huwelikse heteroseksuele seksuele gedrag, en die verwording van die huwelik self deur egskeiding en hertrou. Die helder uitsprake van Jesus oor egskeiding keer dié situasie nie om nie. Soos Stanley Hauerwas sê: “we are at best in fact serially polygamous.” Ons leef in 'n seksbehepte samelewing waarin min indien enige aandag aan Bybelse etiese norme oor seksualiteit – en dit sluit alle vorms van seksualiteit in – selfs in die geloofsgemeenskap gegee word.

Dit is ook vir my duidelik dat daar soms vanuit pro-gay teologiese hoek met die Bybel omgegaan word op 'n manier wat *die teks en sy wêreld en binne sy konteks nie genoegsaam respekteer nie*. Ek wonder soms of dié teoloë nie die Bybel op 'n manier van die Bybelsel wil red nie, sodat die Bybel nie iets sê wat negatief deur die gemeenskap daarbuite ontvang sal word nie. Lofwaardig miskien, maar vir my gevoel misplaas.

Daar is wel goeie uitsonderings van mense soos William Loader en Andrie du Toit wat die Bybel laat sê wat dit wil sê (die *simplex sensus*) en dan kreatief met die boodskap daarvan omgaan (die *usus*).

Ek dink egter nie dat 'n mens die boodskap van die Bybel oor selfdegeslag seksuele verhoudings met allerlei truuks moet probeer red nie:

- 'n Mens kan nie die *OT wet* hanteer asof dit van nul en gener betekenis is nie, veral nie in 'n Gereformeerde kerk nie. Ons moet deeglik kennis neem van die feit dat Paulus die OT wet uitlê as hy morele en veral seksuele riglyne in die NT gee. Só doen Jesus ook. Meer nog, Paulus lê die wet uit as in ooreenstemming met die evangelie (1 Tim. 1)! Daarom gee die Heidelbergse Kategismus ook deeglik aandag aan die Tien Gebooie as deel van ons lewe van dankbaarheid.
- 'n Mens kan nie die Bybelse beskrywings van selfdegeslag seks in *Genesis 19 en Rigters 19* heeltemal afmaak asof dit niks daarvoor sê nie, al is uitsprake daarvoor tereg nie die fokus van die gedeeltes nie. Die konteks gaan steeds oor 'n poging tot selfdegeslag seks en dit word saam daarmee afgewys soos dit in die interpretasies daarna gesien kan word.
- 'n Mens kan nie die *kultiese* betekenis wat (waarskynlik) aan Levitikus 18 se uitsprake oor selfdegeslag seks gegee word, gebruik om die duidelik *nie-kultiese* betekenis van Levitikus 20 te geïgnoreer nie. *Levitikus wys beide kultiese as nie-kultiese selfdegeslag volwasse seksuele gedrag af.*

Laat ons ook nie vergeet nie – as ons die boodskap van die NT in ag neem – dat Paulus duidelik werk met die idee: “*so was sommige van julle ook*”, met verwysing na onder andere selfdegeslag seks. Hy praat van gelowiges wat deel van was van daardie tipe sondige lewenswyse: “*maar julle is gewas, julle is geheilig en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.*” (1 Kor. 6).

Netso kan *malakoi* en *arsenokoitai* in Korintiërs en Timoteus semanties nie net as deel van die wêreld van prostitusie gereken word nie, of net met pederastie verbind word nie. Die Levitikus agtergrond van veral *arsenokoitai* dui op die teendeel, dat dit oor selfdegeslag seksuele verkeer gaan, soos ook al hoe meer teoloë te kenne gee. En *malakoi* het met volwassenes te make, nie met kinders nie.

### 6.3 Daar is baie gay gelowiges wat die Here ernstig en opreg dien

Ek het egter ook 'n groeiende waarneming dat daar gay gelowiges is wat ernstig die Here dien en wat in my klein ervaring daarvan soms meer voorbeeldig in verhoudings optree as wat ek daagliks in heteroseksuele verhoudings en huwelike in die gemeenskap raaksien. Dieselfde geld gays wat kinders grootmaak, op watter

wyse dié ouerskap ook al tot stand gekom het. Gays is nie per se slegte ouers nie, en daar is navorsing wat in dié rigting dui.

Wat my verder verskeur in my eie standpuntinname is die feit dat vir die eerste keer in die geskiedenis – wil dit vir my voorkom – asof gay Christene regtig deel van die hoofstroom Christelike kerk en geloofsgemeenskap *wil* word en *bly*. Hulle soek nie net *insidentele* of *slenterseks* (casual sex) nie, maar ‘n lewensgemeenskap met ‘n maat met wie hulle ook familiewees kan geniet. Hulle smag na dít wat vir ander doodgewoon die normale manier van doen is.

Ek weet nie regtig of John Boswell se tese oor *adelphopoiesis* (“*brother-making*”) wat volgens hom op gay huwelike dui (maar deur ander op onderlinge *vriendskapsverbintenisse*) die toets van die tyd gaan deurstaan nie. Toenemend word sy navorsing bevraagteken, veral omdat die bestaan van iets natuurlik nog glad nie die normatiwiteit daarvan bevestig nie.

Die ergste bron vir my onrus kom uit die komplekse aard van seksualiteit wat na vore kom in die gesprekke oor die oorsprong en ontwikkeling van selfdegeslag seksualiteit. Indien ‘n mens die navorsing daarvoor na waarde skat, ontstaan daar onwillekeurig ‘n vraag by my na wat ‘n mens maak met mense wie se seksuele oriëntasie *essensieel* is, d.w.s. kern-homoseksuele. Die medici en psigoloë beskou toenemend selfdegeslag seksualiteit as iets normaal en iets waaraan nie verander kan word nie, al is daar natuurlik verskil van mening daarvoor in die gay gemeenskap self, veral deur dié wat sê dit is ‘n keuse: “*Ek het gekies om so te wees – en wat daarvan?*”

**Die vraag wat ek daarom vra, is, hoekom sou ‘n mens in die lig van die bestaan van iets soos kern-homoseksualiteit dié behoefte van gay gelowiges om in standvastige monogame verhoudings te lewe nie erken nie en saam met hulle die pad na ‘n nuwe toekoms stap? Is dit nie vir gay gelowiges ook beter om te trou as om van begeerte te brand, soos Paulus in ‘n ander verband in 1 Kor. 7 voorstel nie ...**

Hoe só ‘n pad gaan lyk, het ek egter nog geen duidelikheid oor nie, maar ek vra tog die vraag, *hoekom nie?*

#### 6.4 Het die Bybel ander perspektiewe wat ons kan help uit die dilemma?

Die vrae wat ek het in die lig van die botsing tussen my lees van die Bybelse aansprake en die blootstelling aan die seksuele behoeftes en verwagtinge van gay gelowiges vermenigvuldig gevolglik net, in ‘n sekere sin eksponensieel! Ek vra vrae soos:

- Het alle selfdegeslag seksuele persone in Korinte ná hulle afwassing, heiliging en vryspraak (1 Kor. 6) net eenvoudig deel geword van die heteroseksuele wêreld? Uit die huistafeltekste wil dit so lyk, maar dit is ‘n argument uit stilswe en kan nie regtig rigting gee nie.
- Is die uitsprake van die Bybel oor selfdegeslag seks ‘n etiese normatiewe riglyn vir alle tye? Dit wil so lyk, maar gegewe ons ervarings vandag, is dit ‘n noodwendige riglyn ook vir ons dag?
- Loop ons nie die gevaar om van die Bybel ‘n soort “*papier-pous*” op etiese vlak te maak wat tussen ons en God kom staan en weens die rigiede hantering daarvan ons kortwiek om genuanseerde ruimtes te skep vir die komplekse en uitdagende wêreld waarin ons leef nie?

Uit die ervaring van ‘n hele paar gay mense vandag wat kies om hulle selfde geslag oriëntasie nie uit te leef nie, kan ek my dit wel goed voorstel dat hulle inpas in die beskrywing van Korinte. Maar, is my vraag, was dit die enigste uitkoms van die pad van heiligmaking in die geloofsgemeenskap toe ... en vandag?

Dit het my laat soek na ‘n paar ander maniere om vanuit die Bybel oor moeilike etiese vraagstukke te dink.

**1. In die OT is daar die verhaal van die dogters van Selofgad (Num. 27).** Hulle pa is in die woestyn dood, maar nie as deel van een van Korag se bende wat teen die Here saamgesweer het nie en daarom in diskrediet verval het. Omdat hy nie seuns gehad het nie, sou die dogters nie erf nie. Só het die wet bepaal.

Die dogters se vraag aan Moses was: “Waarom moet ons pa se naam uit sy familie verdwyn net omdat hy nie ’n seun gehad het nie? Gee vir ons grond tussen dié van sy familie.”

Moses het hulle saak voor die Here gebring, en die Here het, belangrik, **die wet verander** en die nuwe reël vir altyd vir Israel ’n bindende voorskrif gemaak: “Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het.”

Dié riglyn het egter ander probleme gebring. Hulle kon nou moontlik ander stamme se grond bekom, en daarom word die wet later weer ’n keer uitgebrei om seker te maak die dogters van Selofgad trek nie ’n onregverdigde voordeel uit die nuwe reëling nie (Num. 36).

Nou, die verhaal het op die oppervlak te maak met erfreg, met besittings, met grondregte, met kultiese wetgewing. Maar as ’n mens egter dieper na die verhaal kyk, besef jy dit gaan eintlik ook oor ekonomiese geregtigheid, oor gelykberegting, oor stemloses wat hul stem laat hoor, oor maghebbers se verhouding met die magteloses.

**Ek wil dus vra, is ons nie voor ’n soortgelyke keuse om stemloses uit die gay gelowige gemeenskap ’n volwaardige plek in die gemeenskap van die gelowiges te gee nie?**

**2. Ek vra dit, omdat daar ook ’n ander gebruik in die OT beskryf word wat in die verlengde van die hantering van Selofgad se dogters se problematiek lê. Dit is die gebruik van die leviraatshuwelik.** Dié voorskrif het onder andere bepaal dat, as ’n man kinderloos sterf, die broer van die afgestorwene sy skoonsuster moet neem en vir sy broer kinders verwek sodat die oorledene erfgename kan hê.

Dié reëling was dus in direkte konflik met die wet oor bloedskandelike verhoudings waarvoor Levitikus 18 en 20 geskryf het. Weliswaar moes die broer natuurlik eers dood wees, tong in die kies, voor dié leviraatshuwelik in spel kon kom. Maar die wet is uitgebrei met ’n praktiese oplossing vir ’n problematiek wat die wet aanvanklik nie voorsien het nie.

Die rede vir hierdie reëling lê in die siening dat die man die draer en instandhouer van die familienaam is. Sonder ’n seun loop nie net die individu nie, maar ook die familie gevaar om uit te sterf. Só is ’n grondgebied vir die nageslag verseker sodat hulle “’n blywende gerief” sou hê tussen al die ander stamme van Israel (Mig. 2:9). Die verhaal van Rut geld as ’n praktiese voorbeeld van die wonderlike uitkoms wat dié uitsondering in terme van die huweliksverhoudinge in Israel aan “grondloses” gegee het.

**My vraag is dus, het die tyd nie gekom om na iets soortgelyks vir gay persone binne die geloofsgemeenskap te kyk nie?**

**3. As motivering vir ’n ernstige kyk hierna, kan ons nog verder kyk na ons huidige etiese normatiewe standpunt rondom aborsie.** Die vorige standpunt van die Algemene Sinode – wat reeds in 1982 geneem is, en weer onveranderd vir die 2015 sitting voorgestel word – is:

*“Die Sinode bevind in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds ’n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word.”*

Dit is belangrik om raak te sien dat dié standpunt hou by die gesag by die Skrif. Lewe is kosbaar in die oë van die Here. Maar, dit erken ook dat daar situasies kan ontstaan waar daar tussen slegte opsies gekies moet word. Slegs in: “*hoogs uitsonderlike gevalle*”, “*met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes*” ... kan aborsie egter aanvaar word.

### **Sou 'n mens nie by 'n soortgelyke standpunt oor selfdegeslagverhoudings kon uitkom nie?**

Daarmee gee 'n mens aan die een kant volle erkenning aan die Bybelse negatiwiteit oor selfdegeslagverhoudings, maar sê ook, in die lig van die feit dat daar gay gelowiges is wat die Here *in* die geloofsgemeenskap wil dien *binne* 'n standvastige monogame selfdegeslag verhouding – en hulle kern-homoseksualiteit dit vir hulle onmoontlik maak om heteroseksueel te lewe – kom ons maak 'n lewensruimte vir hulle oop.

Maar, my huiwering is groot of 'n mens dit dan nie te ver vat nie. Gaan 'n mens nie te ver van die kanoniese konsekwente afwysing af nie?

- Die probleem met 'n vryer standpunt oor selfdegeslag seksualiteit, as ek self duiwelsadvokaat speel, is dat dit in stryd kom met die Bybelse perspektief daarvoor dat dit "out of order" is, en struktureel nie inpas in die beskrywing van die normale Bybelse seksualiteit nie.
- En kan 'n mens iets anders doen as om net tegelyk vriendelik afwysend te wees en die pad na vryheid as 'n “fellowship of different” te loop?
- En bly selibaat dan die enigste alternatief vir die heteroseksuele huwelik, indien sommige hulle nie in “normale” huwelik kan begeef nie?

Soos **Scot McKnight** dit in sy boek uitspel as 'n “Derde Weg” en ek haal dit meer uitvoerig aan ter wille van sy argument (A Fellowship of Differents):

#### **A THIRD WAY: TOWARD REDEMPTION**

*There was a flare-up on the internet among some Christian leaders making strong claims that there is no “third way.” Listening to the stridency, one could think this has become a creedal test case issue on both sides. There are only two ways, both sides have announced loudly: a Strong For or a Strong Against. I’d like to propose that there is a Third Way, the way of redemption in the context of the fellowship of the church. That is, the Third Way focuses not on which view one holds to firmly but the divine end for each of us: holistic redemption. The Third Way knows salvation takes time. It knows that transformation is transformation toward redemption. It knows that it may wait until the kingdom for the kind of liberation redemption brings. The Third Way also believes the context for this redemption is the local fellowship, the church.*

*It is impossible to talk about sexual redemption without talking about salvation as a process, which we will discuss more in our next chapter. But before we turn to that theme, a few observations are appropriate. Paul, as well as we, undoubtedly knows some who are seemingly instantaneously transformed. But Paul’s letters reveal that not all experience sudden sanctification. So let this be the standard posture we take in our local church: Christians are in a process of transformation, all of us without exception. Some are more mature in one area than in others, but no one is perfect and that means we both desire mature Christian living and know maturity takes time.*

*Furthermore, it has been made clear by statistics that a low percentage of men and women who experience same-sex attraction are in for deep change. So many, like Wesley Hill, contend that they will need to be prepared to “wait” until the kingdom of God to discover complete redemption. Put more directly, redemption*

*simply does not mean that even those who experience same-sex attraction will become “straight” prior to the kingdom of God. Here are Wesley Hill’s words about his own approach to waiting as a celibate Christian:*

*“My homosexuality, my exclusive attraction to other men, my grief over it and my repentance, my halting effort to live fittingly in the grace of Christ and the power of the Spirit gradually I am learning not to view all of these things as confirmations of my rank corruption and hypocrisy. I am instead, slowly but surely, learning to view that journey of struggle, failure, repentance, restoration, renewal in joy, and persevering, agonized obedience as what it looks like for the Holy Spirit to be transforming me on the basis of Christ’s cross and his Easter morning triumph over death. . . . I am learning that my struggle to live faithfully before God in Christ with my homosexual orientation is pleasing to him. And I am waiting for the day when I will receive the divine accolade, when my labor of trust and hope and self-denial will be crowned with his praise.”*

*A pastor told me that the most common question he is asked by same-sex participants in church is, “What can we do in the church?” My operative principle is this: the last thing we want anyone to do is to leave the church. That same pastor also told me if everyone in their church was as engaged as the same-sex participants, they’d turn their city upside down! The second one is this: if we present Jesus and grace and holiness in our churches, then we want those who experience same-sex attraction to belong in order to become what God wants them to be. To be sure, for many leaders at the denominational and local level will have to struggle with answers to this question.*

*Perhaps we need to turn this question around to ask what we can learn from how the celibate, struggling, same-sex Christian is learning to live. Again, I have learned from Wesley Hill. Our theology leads us to believe that the kingdom has broken into this world already, that new creation is already underway, but that kingdom is not yet fully here. So we can expect transformation, growth, and change, but we cannot expect full redemption or perfection now. Wesley Hill calls same-sex attraction as a kind of “thorn in the flesh” and that from Paul we can learn that suffering ushers us into the suffering and cross of Christ. Listen to these golden questions of Hill:*

*“Could the suffering that goes along with being gay (for a Christian who is committed to celibacy) not be seen primarily as some result of the fall to be “prayed away” but rather as the occasion for finding one’s identity in the cruciform story of Jesus? The cross of Christ, writes J. Louis Martyn, “is in one sense followed by the resurrection, [but] it is not replaced by the resurrection.” The life of the new creation breaking into the present doesn’t so much cancel out the suffering of the cross as it gives that suffering its true, redemptive meaning. Likewise, I wonder, isn’t it legitimate for gay Christians to speak of their homosexuality not simply as their share of the world’s fallenness but as their way of joining Jesus on the Calvary road for the sake of sharing Jesus’ life with others, for the sake of love ?”*

*On top of his questions I ask this: What can we learn of the cruciform life in fellowship with those who experience and suffer from same-sex attraction? Our posture cannot be one of pity; it must be one of mutual fellowship in the cross and resurrection of Christ, the kind of fellowship where we minister to one another.*

*The two principles of the Third Way then are: the progressive nature of our own growth in redemption and the importance of the local church as the context for that growth. Let us remind ourselves that Jesus did not require someone to be kosher to eat at table with him. In fact, he created table fellowship for all sorts in that first fellowship of different. If some said, you must be kosher to eat with us, Jesus said, eat with me and I will make you kosher. Furthermore, he expected those at the table to grow into holiness and love, but that came through fellowship. So too with the apostle Paul, whose house churches were filled with sinners in need of*

*grace, which they found at the table that led them to Jesus. So too with our churches today: we invite all to the table and pray for God's Spirit to be unleashed for transformation, even if that transformation does not occur until the kingdom of God. We are washed, we are waiting, and in the meantime we are striving to be holy and loving.*

*What is perhaps most needed is for us to understand how Paul sees the Christian life as a journey through the meaning of the word salvation. For salvation is not something that happens once and for all salvation is a process.*

### **'n Derde weg ... is dit moontlik?**

In aansluiting hierby kan mens ook **William Loader** se perspektief op Paulus in ag neem. Hy dink dat Paulus nie 'n homoseksuele oriëntasie geken het, *soos ons dit vandag verstaan nie*. Dit is dan die lyn waarop hy aan die einde van sy artikel in die Hervormde Tydskrif 2014 verder gaan om te sê dat mense wat 'n homoseksuele oriëntasie het, nie aan die "konsekwent negatiewe beoordeling van die kanon" (my woorde) onderwerp hoef te word nie, maar wel aan die liefdesgebod wat sulke selfdegeslagverhoudings dan ook struktureer.

Dit is omdat hy die volgende hermeneutiese sleutel gebruik: "Respecting biblical writers includes acknowledging distance as well as embracing proximity. This applies also to what is said about same-sex relations." Hy gee drie opsies vir die kerk in hulle standpuntinname:

1. Embrace Paul's view that the same-sex mind/orientation/desire and action is a sinful perversion comparable to idolatry.
2. Embrace Paul's view that same-sex acts are sin as Leviticus states, but not his view of sexual orientation, acknowledging that there are some genuinely same-sex oriented people.
3. Not to embrace Paul's view of sexual orientation, thereby acknowledging that there are genuinely same-sex oriented people (as Option 2) and encourage them to express their sexuality responsibly on the same basis as heterosexual people.

Hy bevind hom in die derde kategorie wat verskil met Paulus en die deur wawyd oopmaak vir selfdegeslagverhoudings. Maar hy respekteer Paulus se konsekwent negatiewe standpunt, hoewel hy nie met Paulus se vertrekpunt saamstem nie.

### **Weereens, gaan ons mekaar só kan ontmoet?**

#### **6.5 Watter rol gaan die Skrif speel in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings?**

**Die antwoord lê waarskynlik by watter rol die Skrif in ons etiese beoordeling gaan speel.** Dit is uiteindelik die diepste vraag waaroor ons duidelikheid moet kry, veral in ons Gereformeerde tradisie. Watter rol gaan die Skrif speel in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings? Want die Bybel is 'n normatiewe boek, al lê die gesag uiteraard op verskillende vlakke.

En laat ons net ook bysê, dit gaan nie hier oor menseregte *per se* nie. Natuurlik is dit vanselfsprekend dat alle mense gelyk is voor God en voor die reg. Geen standpunt van die kerk kan dié belangrike waarde in terme van ons grondwet ignoreer nie, ook nie in terme van ons eie Skrifbeskouing nie. Dié herinnering sluit die vraag na enige vorm van menswees in: geslag, seksualiteit, gender, generasies, etnisiteit, kultuur ensomeer.

Ons aanvaar immers ook, soos ons in vorige besluite dit gestel het:

“die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.” (AS 2007).

En daarom:

“Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.” (AS 2007)

**Maar gaan ons egter in ons hantering van die Skrif 'n hermeneutiese hiërargie teken – soos in 'n piramide – met die liefdesgebod bo-aan en die gay saak laer ondertoe as van minder belang vir vandag wat die weg ooplaat vir 'n ander beskouing as wat in die Skrif geld?**

**Anders gestel, gaan ons die verskille tussen toe en nou as 'n hermeneutiese kloof teken en dan diskontinuiteit gee aan die Bybelse uitsprake van geen gay verhoudings nie, en kontinuïteit aan die liefdesgebod?**

**“Therein lies the rub ...”**

Ek is onseker hieroor, en wonder of die wyse pad nie is om nóg 'n rondte hieroor te dink voordat ons besluite neem wat ons getrouheid aan die Bybel in gedrang bring en terselfdertyd 'n ondiens doen aan juis dié mense wat ons wil akkommodeer.

Ons kerk staan op die oomblik by die volgende standpunt soos ATLAS dit opsom in 'n onlangse brief aan die Seisoen van Menswaardigheid:

1. *Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor etiese sake, soos homoseksualiteit, soek ons eerlik na maniere om die Christelike norme betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
2. *Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
3. *Alle mense, ongeag hulle geslag, ras, kultuur, sosiale stand, seksuele oriëntasie, of enige moontlike kategorie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
4. *Die Algemene Sinode herbevestig dat, volgens die Christelike tradisie se verstaan van die Bybelse gegewens, die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*

**Ek stel voor ons bly daarby en laat 'n groter groep mense hieroor onderskei.**

## 7 Oor die taakspan se voorlegging

Ek het dit deeglik geles en maak die volgende opmerkings wat reeds tydens die Moderamen se hantering van hulle verslag aan hulle deurgegee is:

1. **Die voorlegging gebruik onverstaanbare, verwarrende en weersprekende argumentasie oor egskedding, vroue en ontmandes.**

1.1 Die taakspan bevind bv. die volgende oor **egskeiding**: “Egskeiding word wel betreur, maar egskeiers word volledig aanvaar en hertrou word vandag vanselfsprekend toegelaat. Slegs by leraars is daar nog kerklike tugondersoeke.” Hulle oordeel dat dít ons versigtig moet maak om ‘n negatiewe uitspraak oor selfdegeslagverhoudings te maak, want anders sal ons nie konsekwent wees nie.

Dit is egter ‘n vreemde stelling en standpunt. ‘n Mens kan tog nie die reël aanpas by die uitvoering daarvan nie. Dit is jammer dat só ‘n maatstaf in ‘n etiese beoordeling van seksualiteit aangewend word.

1.2 Die taakspan bevind die teenoorgestelde oor **vroue**: “Die verrassende aard van die nuwe gemeenskap ‘in Christus’ het ons laat insien dat gelowige vroue volledig gelykwaardig is aan gelowige mans.” Hulle oordeel dat ons op dieselfde wyse konsekwent moet wees en positief oordeel oor selfdegeslagverhoudings.

Dit is net so ‘n vreemde stelling en standpunt. Dit ignoreer die kritiese stemme in die kanoniese getuienis self oor die plek en rol van vroue, en maak ‘n nuwe etiese beleid die maatstaf om die Bybelse etiese norme af te wys. Uiteraard is ons bly oor die skuif in standpunte hieroor, maar dit is steeds volledig gebaseer op die Skrif en die tradisie.

1.3 Dieselfde geld die argumentasie oor **ontmandes**. Dit is uiteraard waar wat daarvoor geskryf word, en dit kan ‘n model wees aan die hand waarvan ons ‘n ruimer standpunt kan oorweeg, maar dan moet dit in die groter konteks van die Skrif en ons tradisie geplaas word. Dieselfde verandering in die standpunt oor ontmandes moet in die lig van die Skrif en die tradisie gemotiveer word.

**2. Die voorlegging verwys net na die Skrif en die tradisie soos dit in vorige stukke na vore kom en help ons nie om nuut daarna te kyk nie.** Dit is waarskynlik die grootste gebrek in die verslag. Die opdrag is immers om ondersoek in te stel na: “*die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie.*” Ek sien geen worsteling daarmee in die verslag om ons te help in ons onderskeiding hieroor nie, net verwysings na die vorige verslae hieroor. Ek weet die taakspan was onder tydsdruk en een van hulle lede het siek geword, maar die verslag kan nie sonder ‘n deeglike oorweging van die Bybel en die tradisie aanbevelings gee wat ons goed genoeg na ‘n ander standpuntinname kan begelei nie.

**3. Daar word wel op nie-teologiese faktore ingegaan – en dit het baie waarde – maar kan nie in die plek staan van die worsteling met die Skrif en die tradisie nie.**

Dat ons ‘n probleem het met teenstrydighede in ons ampsbeskouing en mensbeskouing is só, maar ons gaan nie daaruit gehelp word sonder dat die Skrif en die tradisie nie in spel hieroor kom nie.

**4. Die goeie moraliteitstatus van gays – en ek kan ook daarvan getuig – is ‘n natuurlike teologiese uitgangspunt wat regtig nie vir ons vorentoe help nie.** Daar is meer nodig. Dit is soos om te sê, daar is mans wat in ‘n poligame verhouding met meer as een vrou is, en hy behandel hulle almal gelyk en goed.

**5. Dieselfde geld die lofwaardige skets van gays se behoefte.** Ons kan dit eggo, maar het uitsluitel nodig oor die Skrif en die tradisie voor ons dié behoefte kan beantwoord.

**6. Dieselfde geld die bespreking van die ekumeniese impak van ons besluite.** Ons kan nie ‘n standpunt formuleer waarin ons misluk om ons eie standpunte oor die Skrif en die tradisie ordentlik in spel te bring nie.

**Ek dink ons het meer nodig as wat in dié verslag staan ... soos die Moderamen dan ook aangedui het in sy bespreking van die verslag en die uiteindelijke voorstel dat die opdrag voortgesit word en die verslag nie nou al van aanbevelings voorsien word nie.**



## 8 Besluite en opdrag van die Algemene Sinode

Ter wille van volledigheid herhaal ek hier die vorige besluite van die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode het in 2013 opdrag gegee aan die ASM: “om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.” Terwille van die konteks plaas ek hier die Algemene Sinode se verskillende besluite hieroor by dieselfde sinode:

1. bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na ’n deeglike eksegetiese en teologiese studie.
2. gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings, in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.
3. besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaard moet voldoen met die oog op legitimasie.
4. verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.

### Die 2007 besluit lui as volg:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die AS erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

## 9 Verwysings

Anderson, R.T. 2015. *Truth overruled: The future of marriage and religious freedom*. Regnery Publishing: Washington.

Boswell, J. 1994. *Same-Sex Unions in Premodern Europe*. Vintage Books: New York.

Butterfield, R.C. 2014. *The Secret Thoughts of an Unlikely Convert: an English professor’s journey into christian faith*. Crown & Covenant: Pittsburg.

- Codrington, G. 2015. "The Biblical case for Christians affirming same sex marriage." Future Church Now by <http://www.futurechurchnow.com/2015/07/23/the-biblical-case-for-christians-affirming-same-sex-marriage-part-1-the-arguments-against/#index>.
- Countryman, L.W. 2007. *Dirt, Greed & Sex*. Sexual Ethics in the New Testament and their implications for today. Fortress Press: Minneapolis.
- Dunn, J.D.G. 1988. *Romans*. Word: Dallas.
- Gray, G & J Coovadia. 2015. *Diversity in Human Sexuality: Implications for Policy in Africa*. Academy of Science of South Africa (ASSAf)
- Hartley, J.E. 1992. *Leviticus*. Word: Dallas.
- Hauerwas, S.M. 2000. "Resisting Capitalism: On Marriage and Homosexuality." QUARTERLY REVIEW - A Journal of Theological Resources for Ministry /FALL.
- Hays, R. 1996. *The Moral Vision of the New Testament: Community, Cross, New Creation*. HarperOne: New York.
- Keller, T. 2015. "The Bible and same sex relationships: A review article." Redeemer Report. By [http://www.redeemer.com/redeemer-report/article/the\\_bible\\_and\\_same\\_sex\\_relationships\\_a\\_review\\_article](http://www.redeemer.com/redeemer-report/article/the_bible_and_same_sex_relationships_a_review_article).
- Loader, W. R. G. 2010. *Sexuality in the New Testament: understanding the key texts*. Westminster John Knox: Louisville, Kentucky.
- Loader, W.R.G. 2014. "Same-sex relationships: A 1st-century perspective." HTS Theologiese Studies/Theological Studies 70(1).
- McKnight, S. 2014. *Fellowship of Differents: showing the world God's design for life together*. Zondervan: Michigan, Grand Rapids.
- McNight, S. 2015. "Adam and the Scientists." Evolution and Christian Faith Conference by <https://www.youtube.com/watch?v=FaSH27HsmQ4>.
- Mounce, W.D. 2000. *Pastoral Epistles*. Word: Dallas.
- Scrogg, R. 1983. *The New Testament and Homosexuality: Contextual Background for contemporary debate*. Fortress Press: Philadelphia.
- Smit, D.J. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Lux Verbi: Paarl.
- Strauss, M.L. 2011. *How to Read the Bible in Changing Times: Understanding and Applying God's Word Today*. BakerBooks: Grand Rapids, Michigan.
- Thiselton, A. C. 2009. *Hermeneutics: An Introduction*. Eerdmans: Cambridge.
- Van Coller, H. 2013. "Homoseksuele predikante: 'n Regs- en morele dilemma." LitNet Akademies, Jaargang 10, Nommer 3, Desember 2013.
- Van Eck, E. & R. Barnard. 2013. "Homoseksualiteit en sewe klassieke Bybelse tekste: Antigay of misverstaan?" LitNet Akademies, Jaargang 10, Nommer 3, Desember 2013.
- Via, D.O. & R.A.J Gagnon. 2003. *Homosexuality and the Bible: Two Views*. Fortress Press: Minneapolis.

- Walton, J. 2015. *“Investigating What the Bible Claims Concerning Adam and Eve.”* Evolution and Christian Faith Conference by <https://www.youtube.com/watch?v=NAoZ7wbGur0>.
- Wenham, G.J. 1979. *The Book of Leviticus*. Eerdmans: Grand Rapids.
- Witherington, B. 2015. *“On Further Review– Why Gay Marriage Can’t Be Christian Marriage.”* By Patheos by <http://www.patheos.com/blogs/bibleandculture/2015/08/12/on-further-review-why-gay-marriage-cant-be-christian-marriage>.
- Wright, N.T. 2014. *“Tom Wright on Homosexuality”* by [http://thinktheology.co.uk/blog/article/tom\\_wright\\_on\\_homosexuality](http://thinktheology.co.uk/blog/article/tom_wright_on_homosexuality).
- Wright, N.T. 2002. *“Communion and Koinonia: Pauline Reflections on Tolerance and Boundaries.”* A paper given at the Future of Anglicanism Conference, Oxford by [http://ntwrightpage.com/Wright\\_Communion\\_Koinonia.htm](http://ntwrightpage.com/Wright_Communion_Koinonia.htm).

---

*Chris van Wyk – Oktober 2015*

---